# Speel as beradingstegniek: ’n Pastorale studie

**U Wessels**

**ORCID nommer: 0000-0003-2940-0975**

**Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad *Magister Theologiae* met *Pastorale Studies* aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit**

Studieleier: Prof. A.L. du Plessis

Gradeplegtigheid: Mei 2024

## BEDANKINGS

Ek wil begin deur alle eer aan die Here te gee. Dit is Hy wat hierdie droom in my hart geplaas het en dit is Hy wat vir my die die krag gegee het om keer op keer te volhard. Met tye wanneer dit moeilik of onmoontlik gevoel het, het Hy vir my die krag en die wysheid gegee wat nodig was. Dit is ’n voorreg en ’n seën om te kan studeer. Ek wil graag ook my ouers bedank. My ma en my pa het my regdeur my studies ondersteun en aangemoedig om my drome na te jaag. Dankie vir julle onvoorwaardelike liefde en vertroue in my. Dan wil ek my man bedank. Tjasse, jou ambisie inspireer my elke dag. Dankie dat jy my altyd aanmoedig om die beste weergawe van myself te wees. As ek terug kyk oor die laaste twee jaar, het jy soveel deel hierin. Laastens, maar sekerlik die belangrikste, wil ek my studieleier, Dr. Amanda du Plessis, bedank. Vir ’n meer geduldige, vriendelike en sagmoedige studieleier kon ek nie vra nie. Dankie vir al Dokter se insette en leiding. Daar was nie ’n oomblik waar ek gevoel het dat ek alleen is nie. Ek aanvaar dit nie as vanselfsprekend nie. Dankie.

## ABSTRACT

Children have a need for effective pastoral counselling. Therefore, the use of play as an effective counseling technique is explored. A summary definition of play therapy can be expressed as the environment that is created for children in which they feel safe and can use their natural inclination to play for the expression and processing of emotions. Over the years, play therapy has expanded and today various professions make use of it. Play therapy has several functions, of which the development of an emotional vocabulary, the confrontation of trauma, release play and emotional processing are just a few. However, there is a gap in this area: play as a tool is not applied enough in the pastoral counseling field of children.

This study served as a guidance tool for pastoral counselors to counsel children on their level of understanding. Since pastoral counseling is focused on counseling that is supported by biblical principles, the researcher attempted to justify the use of play in the context of pastoral counseling with biblical principles as well. Although there is no direct mention of play as counseling in the Bible, there are several principles that relate to the research question. The researcher investigated these principles in depth; as well as other related topics that will be discussed further.

The researcher conducts a literature study using Osmer's (2008) model to answer the research questions. The first task was focused on the background and descriptive aspects of play therapy. Osmer's (2008) second task revolved around information from various metatheoretical fields that strengthened the information in the study. The third task, namely the normative task, determined which normative insights could be obtained from Scripture to support play as a counseling technique in the pastoral guidance of children. Finally, the researcher applied Osmer's (2008) fourth task by using the results of the research to formulate own meta-theoretical guidelines for play as a counseling tool.

The researcher found that there are several techniques that pastoral counselors can use for various specialized situations within pastoral counseling with children. Principles around God's heart for children, helping in the Bible, as well as creativity and symbolism, support the use of play as a counseling technique. Using biblical principles and practical guidelines from interdisciplinary fields, the researcher was able to highlight various games and toys that are appropriate for children and the processing of emotional struggles.

The value of this study carries enormous weight in the flourishing of children. With the help of effective communication and assistance, pastoral counselors can make use of children's natural inclination to play in order to provide effective support. Play and creative communication for children not only have emotional and psychological benefits, but it also paves the way for an open relationship in families, facilitating the learning of certain principles and it can also establish a relationship between God and child.

Key words: play therapy, children, play, pastoral counselling, play as counselling

# OPSOMMING

Kinders het 'n behoefte aan effektiewe pastorale berading, daarom word die gebruik van speel as 'n effektiewe beradingstegniek ondersoek. ’n Samevattende definisie van spelterapie kan verwoord word as die omgewing wat geskep word vir kinders waarin hulle veilig voel en hul natuurlike inklinasie tot speel kan gebruik vir die uitdrukking en verwerking van emosies. Deur die jare het spelterapie uitgebrei en vandag maak verskeie beroepe daarvan gebruik. Spelterapie het verskeie funksies, waarvan die ontwikkeling van 'n emosionele woordeskat, die konfrontasie van trauma, vrylatingspel en emosionele verwerking maar enkele is. Daar is egter 'n leemte op hierdie terrein: speel as hulpmiddel word nie genoeg toegepas in die pastorale beradingsveld van kinders nie.

Hierdie studie het gedien as 'n begeleidingsmiddel vir pastorale beraders om kinders op hul vlak van verstaan te beraad. Aangesien pastorale berading gefokus is op berading wat ondersteun word deur Bybelse beginsels, het die navorser gepoog om die gebruik van speel in die konteks van pastorale berading ook met Bybelse beginsels te regverdig. Alhoewel daar geen direkte melding van speel as berading in die Bybel is nie, is daar verskeie beginsels wat met die navorsingsvraag verband hou. Die navorser het in-diepte ondersoek gedoen oor hierdie beginsels; asook ander verwante onderwerpe wat verder bespreek sal word.

Die navorser doen ’n literatuurstudie met behulp van Osmer (2008) se model om die navorsingsvrae te beantwoord. Die eerste taak was gerig op die agtergrond en deskriptiewe aspekte van spelterapie. Osmer (2008) se tweede taak het gefokus rondom inligting uit verskeie metateoretiese velde wat die inligting in die studie te versterk het. Die derde taak, naamlik die normatiewe taak, het bepaal watter normatiewe insigte uit die Skrif verkry kon word ter ondersteuning van speel as beradingstegniek in die pastorale begeleiding van kinders. Uiteindelik het die navorser Osmer (2008) se vierde taak toegepas deur die resultate van die navorsing te gebruik om eie metateoretiese riglyne vir speel as beradingsmiddel te formuleer.

Die navorser het gevind dat daar verskeie tegnieke bestaan wat pastorale beraders kan gebruik vir verskeie gespesialiseerde situasies binne pastorale berading met kinders. Beginsels rondom God se hart vir kinders, hulpverlening in die Bybel, asook kreatiwiteit en simboliek, ondersteun die gebruik van speel as beradingstegniek. Deur gebruik te maak van Bybelse beginsels en praktiese riglyne vanuit inter-dissiplinêre velde, kon die navorser verskeie speletjies en speelgoed uitlig wat gepas is vir kinders en die verwerking van emosionele worstelinge.

Die waarde van hierdie studie dra ’n geweldige gewig in die florering van kinders. Met behulp van effektiewe kommunikasie en hulpverlening, kan pastorale beraders gebruik maak van kinders se natuurlike inklinasie tot speel om effektief ondersteuning te kan bied. Speel en kreatiewe kommunikasie vir kinders hou nie net emosionele en psigologiese voordele in nie, maar dit baan ook die weg vir ’n oop verhouding in gesinne, die vergemakliking van die aanleer van sekere beginsels en ook om ’n verhouding tussen God en kind vestig.

Sleutelwoorde: spelterapie, kinders, speel, pastorale berading, speel as berading

# INHOUDSOPGAWE


**HOOFSTUK 1 - BEPLANNING EN INLEIDING............ 1-15**

**1 INLEIDING............ 1**

**1.1 TITEL EN SLEUTELWOORDE............ 1**

1.1.1 Titel............ 1

1.1.2 Sleutelwoorde............ 1

**1.2 KLARIFIKASIE VAN TERME EN KONSEPTE............ 1-2**

1.2.1 Speel as beradingstegniek............ 1-2

1.2.2 Pastoraal............ 2

1.2.3 Beradingstegniek............ 2

**1.3 AGTERGROND, RASIONAAL EN KONTEKS............ 2-3**

**1.4 VOORLOPIGE LITERATUURSTUDIE............ 3-6**

**1.5 PROBLEEMSTELLING, NAVORSINGSVRAAG EN VERDERE VRAE............ 6-7**

**1.6 NAVORSINGSDOEL EN OBJEKTIEWE............ 7**

**1.7 RELEVANSIE EN WAARDE VAN DIE NAVORSING............ 8**

**1.8 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT............ 8**

**1.9 EPISTEMOLOGIE, NAVORSINGSMETODOLOGIE EN METODE............ 8-14**

1.9.1 Epistemologie............ 8-10

1.9.2 Navorsingsmetodologie en metode............ 10-14

**1.10 ETIESE OORWEGINGS............ 14**

**1.11 HOOFSTUKUITEENSETTINGS............ 14**

**1.12 SKEMATIESE UITEENSETTING............ 15**

**HOOFSTUK 2 - AGTERGROND EN ONTWIKKELING VAN SPEELBEGELEIDINGSMETODES............ 16-30**

**2.1 INLEIDING............ 16**

**2.2 DIE GESKIEDENIS VAN SPELTERAPIE............ 17-19**

**2.3 SPELTERAPIE VANDAG............ 19-20**

**2.4 DIE BELANGRIKHEID VAN SPELTERAPIE............ 20**

**2.5 DIE FASETTE VAN SPELTERAPIE............ 20-29**

2.5.1 Gebruike van spelterapie............ 20-22

2.5.2 Tipes spelterapie........................................................................................................ 22-24

2.5.3 Gevallestudies as illustrasies van spelterapie........................................................ 25-29

**2.6 KONKLUSIE................................................................................................................ 29-30**

**HOOFSTUK 3 - INTERPRETATIEWE INLIGTING VANUIT INTRA- EN INTERDISSIPLINÊRE STUDIEVELDE........................................................................... 31-55**

**3.1 INLEIDING.................................................................................................................... 31**

**3.2 DIE EMOSIONELE BEHOEFTES VAN KINDERS...................................................... 31-39**

3.2.1 Trauma en kinders........................................................................................................ 31

3.2.1.1 Verskillende tipes trauma.......................................................................................... 32

3.2.1.2 Statistieke rakende trauma onder kinders........................................................... 32-35

3.2.1.3 Spelterapie en trauma.................................................................................................. 35

3.2.2 Die geestesgesondheid en behoeftes van kinders................................................ 35-36

3.2.2.1 Kindersielkunde...................................................................................................... 37-39

**3.3 HOE KINDERS LEER EN VERSTAAN..................................................................... 39-41**

**3.4 WETENSKAP EN DIE WOORD VAN GOD.................................................................41-45**

**3.5 PASTORALE BERADING......................................................................................... 45-50**

**3.6 SOZO: PROFETIESE BEDIENING............................................................................ 50-54**

**3.7 KONKLUSIE................................................................................................................ 54-55**

**HOOFSTUK 4 - NORMATIEWE INSIGTE VANUIT DIE SKRIF TER ONDERSTEUNING VAN SPEEL AS ’N BERADINGSTEGNIEK IN DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN KINDERS.............. 56-74**

**4.1 INLEIDING................................................................................................................... 56-57**

**4.2 KINDERS IN DIE BYBEL............................................................................................ 57-59**

4.2.1 God se hart vir kinders.............................................................................................. 57-59

4.2.2 Kinders en speel in die Bybel................................................................................... 58-59

**4.3 KREATIWITEIT IN DIE BYBEL................................................................................... 60-73**

4.3.1 Kommunikasie met God............................................................................................ 60-61

4.3.1.1 Eksegese van Psalm 137......................................................................................... 61-67

4.3.2 Stories in die Bybel.................................................................................................... 67-68

4.3.3 Simboliek in die Bybel............................................................................................... 69-70

4.3.4 Die gelykenis van die mosterdsaad: ’n Eksegese.................................................. 70-72

**4.4 HULPVERLENING EN ONDERSTEUNING IN DIE BYBEL........................................... 73**

**4.5 KONKLUSIE........ 74**

**HOOFSTUK 5 - METATEORETIESE RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN 'N PASTORALE BEGRONDING VIR SPEEL AS EFFEKTIEWE BERADINGSTEGNIEK........ 75-103**

**5.1 INLEIDING........ 75**

**5.2 RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN SPEEL AS PASTORALE BERADINGSTEGNIEK BINNE DIE PASTORAAT........ 75-81**

5.2.1 Kerneienskappe en relevansie vir die integrasie van speel tydens pastorale berading........ 75-77

5.2.2 Riglyne en wenke vir die pastorale berader........ 77-79

5.2.3 Die speelkamer........ 80-81

**5.3 PASTORALE STRATEGIë VIR VERSKEIE GEVALLE........ 81-93**

5.3.1 Trauma en buitengewone omstandighede of gebeure........ 82-85

5.3.2 Ander moontlike speel-tegnieke vir die verwerking van trauma........ 85-89

5.3.3 Gedragsprobleme en ontwikkeling........ 90-93

5.3.3.1 Gedragsprobleme waarvan die oorsaak onbekend is........ 90

5.3.3.2 Speeltegnieke om emosionele ontwikkeling te bevorder........ 90-91

5.3.3.3 Speeltegnieke om impulsiewe optrede te genees........ 92

5.3.3.4 Riglyne vir die aanleer van nuwe beginsels en reëls........ 92-93

**5.4 VOORBEREIDING VIR MEDIESE PROSEDURES........ 93-94**

**5.5 HANTERING VAN VREES EN ANGS BY KINDERS........ 94-97**

5.5.1 Identifiseer die wortels van vrees en angs........ 94-95

5.5.2 Elimineer vrees en angs........ 95-97

5.5.2.1 Profetiese gebed-tegniek........ 95-97

5.5.2.2 Speletjies om vrees en angs te oorkom........ 97

5.5.2.3 Maak 'n medalje (vgl. 3.5)........ 97

**5.6 MORELE EN GEESTELIKE ONTWIKKELING........ 97-101**

5.6.1 Die uitdrukking van emosies en die verwoording van denke deur speel........ 98-102

5.6.1.1 Emosies........ 98-99

5.6.1.2 Denke........ 99-101

**5.7 KONKLUSIE........ 102**

**HOOFSTUK 6 - FINALE KONKLUSIES EN AANBEVELINGS VIR VERDERE ONDERSOEK........ 104-109**

6.1 KONKLUSIE VAN HOOFSTUK EEN: NAVORSINGSVOORSTEL.................................................... 103

6.2 BEVINDINGS NADAT DESKRIPTIEWE INSIGTE VERKRY IS VANUIT DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN SPELBEGELEIDINGSMETODES IN DIE PASTORALE BERADINGSWETENSKAPVELD.............................................................................. 103-104

6.3 SAMEVATTING VAN DIE INTERPRETATIEWE INLIGTING WAT ONTGIN IS VANUIT INTRA- EN INTERDISSIPLINÊRE STUDIEVELDE IN TERME VAN SPELTERAPIE AS EFFEKTIEWE TEGNIEK VIR KINDERBEGELEIDING BINNE ’N PASTORALE RAAMWERK........ 104-105

6.4 KONKLUSIE VAN NORMATIEWE INSIGTE WAT VERKRY IS VANUIT DIE SKRIF IN TERME VAN KINDERS, TER ONDERSTEUNING VAN SPEEL AS ’N PASTORALE BERADINGSTEGNIEK........................................................................................................ 105-106

6.5 SAMEVATTING VAN METATEORETIESE RIGLYNE WAT GEFORMULEER IS TEN OPSIGTE VAN ’N PASTORALE BEGRONDING VIR SPEEL AS EFFEKTIEWE BERADINGSTEGNIEK........................................................................................................ 106-107

6.6 FINALE KONKLUSIES............................................................................................... 107-108

6.7 AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING........................................................ 108

BRONNELYS.................................................................................................................. 109-123

## INHOUDSOPGAWE VAN FIGURE

Figuur 1........................................................................................................ 33

Figuur 2........................................................................................................ 37

Figuur 3........................................................................................................ 37

Figuur 4........................................................................................................ 47

Figuur 5........................................................................................................ 49

Figuur 6........................................................................................................ 52

Figuur 7........................................................................................................ 53

Figuur 8........................................................................................................ 84

**Nota**: Die algemene aanvaarde term in die psigologiese wetenskap is spelterapie wanneer speel deel van die terapeutiese proses is. Die pastorale wetenskap aanvaar egter die woord speelterapie, eerder as spelterapie. Die twee terme word dus vanuit hierdie paradigmas so gebruik.

# HOOFSTUK 1

# BEPLANNING EN INLEIDING

---

> Kinders vind dikwels genesing of troos van emosionele seer en potensieel verwoestende omstandighede, soos byvoorbeeld om die skielike skeiding van hul ouers te ervaar, wanneer hulle speel. Daar is ’n natuurlike genesende aspek opgesluit in verbeeldingryke speel. Die afwesigheid of onbewustheid hiervan veroorsaak dat die emosionele wonde nooit “toegemaak” word nie, en laat die kind met lewenslange gevolge. Speel laat ’n kind floreer en oorleef (vry vertaal deur outeur) (Piers & Landau, 1980:16).

## 1.1 TITEL EN SLEUTELTERME

### 1.1.1 Titel

Speel as beradingstegniek: ’n Pastorale studie

### 1.1.2 Sleutelterme

Speel, Beradingstegniek, Kinders, Pastoraal.

## 1.2 KLARIFIKASIE VAN TERME EN KONSEPTE

Vervolgens word die sleutelterme omskryf vir verheldering van die paradigma waarin die terme in hierdie studie gebruik word.

### 1.2.1 Speel as beradingstegniek[1]

Emosies, gedagtes en ervarings van kinders word deur speel uitgebeeld. Terwyl speel plaasvind, kry die berader die geleentheid om die wêreld van die kind te betree en daardeur moontlike gedrags- en emosionele probleme te identifiseer. Speel is as’t ware kommunikasie op die kognitiewe vlak waarop die kind hom/haar bevind (Landreth *et al.,* 2009:46). Boon (2009:1) se definisie stem hiermee ooreen deurdat sy spelterapie beskryf as die leiding van kinders tot beter selfbegrip, aanvaarding en hantering

---

[1] Die algemene aanvaarde term in die psigologiese wetenskap is spelterapie wanneer speel deel van die terapeutiese proses is. Die pastorale wetenskap aanvaar egter die woord speelterapie, eerder as spelterapie. Die twee terme word dus vanuit hierdie paradigmas so gebruik.

van emosies en traumatiese gebeure deur die gebruik van tegnieke soos byvoorbeeld verf, kleispel en speel om negatiewe ervarings te ondersoek en verwerk.

### 1.2.2 Pastoraal[2]

Volgens die WAT (Woordeboek van die Afrikaanse Taal) beteken die woord "pastoraal" dit wat verband hou met die geestelike versorging, soos deur 'n pastoor; veral in gevalle van nood (Botha, 2019). Die oorsprong van die woord is afkomstig van die Latynse woord "pastorem" wat beteken herder – om om te sien na die behoeftes van kwesbares en gebrokenes (McClure, 2012:269). Pastorale sorg word deur De Jongh van Arkel (1991:105) beskryf as wedersydse luister met die doel om te verstaan en op te beur. Kinderteologie kan gesien word as een van die sentrale temas van teologie in die lig van Jesus se hart teenoor kinders, met ander woorde teologie word in 'n nuwe lig geplaas, met die fokus op kinders (White, 2020:4).

### 1.2.3 Beradingstegniek

Die woord "tegniek" word gedefinieer as die werkwyse om 'n bepaalde taak uit te voer of te verrig (Botha, 2019). Berading, spesifiek binne die konteks van die pastoraat, is 'n vorm van psigoterapie wat geestelike hulpbronne gebruik om vir individue groei en geesteswelvaart te verseker (The Counseling Center, 2020).

## 1.3 AGTERGROND, RASIONAAL EN KONTEKS

Vanuit die geskiedenis blyk dit dat kinders voor die twintigste eeu in die meeste kulture slegs as besittings, 'n bron van inkomste en versekering vir die voortbestaan van die familienaam gesien is (O'Connor *et al*., 2016:17). In die laat 1800's het sosiale bewegings en sosiale hervorming die geestesgesondheid van kinders na die voorgrond gebring. In 1909 het twee belangrike gebeurtenisse in Amerika plaasgevind wat gelei het tot die ontwikkeling van kinderpsigoterapie, en uiteindelik spelterapie. Hierdie gebeurtenisse was eerstens die Nasionale Komitee vir Geestegesondheid wat gestig is deur Clifford Beers, wat op kinders se geestesgesondheid gefokus het (O'Connor *et al*., 2016). Die tweede gebeurtenis het plaasgevind by die Clark Universiteit in Worcester, Massachusetts, toe Sigmund Freud en Carl Jung albei aanbiedings voorgelê het. Freud met sy psigoanalise oor klein Hans, 'n 5-jarige seun met 'n fobie vir perde, en Jung oor Anna, sy eie 4-jarige dogter. Beide voorleggings is daarna

---

[2] **pastoraal** b.nw., pastorale. Wat betref of verband hou met die geestelike versorging van 'n persoon of persone, soos deur 'n pastor (PASTOR 1), gew. deur leiding, bystand of ondersteuning te verskaf in gevalle waar geestelike nood bestaan.

gepubliseer en word gesien as die beginpunt vir kinderpsigoterapie in Amerika (O'Connor *et al*., 2016:17).

Sigmund Freud was die eerste begeleier wat na die belangrikheid van speel verwys het as 'n manier waarop kinders verhoudings bou, kommunikeer en probleme oplos. Freud het dit gesien as 'n vorm van vrye assosiasie en daarom het hy geglo dat dit 'n moontlike pad na die dieper funksionering van 'n kind se denke en psige kan wees. 'n Ruk na sy bewerings het Hermione Hug-Hellmuth (1921) 'n artikel gepubliseer waarin sy die term "spelterapie" as nuutskepping gebruik (D'Angelo & Koocher, 2011; Ellenberger, 1981). Hermine Hug-Hellmuth was die eerste psigoterapeut wat met die publikasie van 'n artikel aangedui het dat terapeutiese metodes vir volwassenes nie noodwendig op kinders gebruik kan word nie. Hierdie was dus die eerste oproep vir kindgeoriënteerde terapeutiese tegnieke (O'Connor *et al*., 2016:3).

Freud se dogter, Melanie Klein, het spelterapie verder bestudeer en in 1986 die terme psigoanalitiese spelterapie en spelanalise gekonseptualiseer. Sy het gevind dat kinders simboliese betekenisse heg aan speelgoed en dat hierdie betekenisse uniek tot elke kind is. Klein het kinders op 'n skedule van vyf keer per week vir 50-minuut sessies begin begelei en het ondervind dat daar 'n afname in die kinders se stresvlakke was. Sy het tot die konklusie gekom dat speel as 'n tegniek vir gevoelsuitdrukking dien vir kinders met ongewenste, onderdrukte emosionele pyn (Britzman, 2016:52-53).

Sedertdien het dit bekend geword dat baie sielkundiges op hierdie fondasie werk, soos byvoorbeeld Joseph Solomon (1938), Jacob Conn (1939), Margret Lowenfeld (1979), David Levy (1976), en nog vele meer. Ondanks die gebruik van speel deur vroeëre psigoanaliste en psigiaters, word Virginia Axline as die moeder van spelterapie beskou. Sy het al verskeie boeke geskryf waarvan haar 1947 boek , "*Play therapy: The inner dynamics of childhood"* (Spelterapie: Die innerlike dinamika van kindsheid), die bekendste is. Haar model was oorspronklik nie-direktiewe spelterapie genoem, maar daar word ook daarna verwys as kliëntgesentreerde spelterapie en kindgerigte spelterapie (O'Connor *et al*., 2016:18-20).

## 1.4 VOORLOPIGE LITERATUURSTUDIE

Charles Schaefer en Kevin O'Connor, stigters van die organisasie "*Association for Play Therapy"* (Vereniging vir Spelterapie), definieer spelterapie as die sistematiese gebruik van 'n teoretiese model om 'n interpersoonlike proses te vestig waarin opgeleides die terapeutiese krag agter speel gebruik om optimale groei en ontwikkeling by kinders te vestig (O'Connor *et al.*, 2016:7).

Speelgoed word gebruik om direkte of simboliese emosies, gedagtes of ervarings uit te beeld. Speel bied eerstens die geleentheid aan die terapeut om die wêreld van die kind te betree, en tweedens vir die kind om te kommunikeer op sy of haar vlak van verstaan (Landreth *et al.*, 2009:281).

Psigoterapeut Stefano Morena (2014:123) is van mening dat spelterapie as 'n tipe konfrontasie dien. Daar is 'n verhouding tussen die kind en sy of haar "monsters van trauma", waarin hierdie tipe terapie hom/haar daartoe lei om 'n oorlewingstrategie te vorm. Die kind word toegelaat om deur ongewenste gebeure te werk op 'n manier wat vir hulle beheerbaar voel. Dus is spelterapie nie net eenvoudig speel nie; dit is georganiseerde speel onder die toesig van die terapeut met 'n spesifieke doel in gedagte. Daarom is Morena (2014:119) ook van mening dat terapeute die vaardighede moet hê om saam met die kind kreatief te raak deur te teken, te speel of te skryf. Deur die jare het al hoe meer professionele terapeute geobserveer dat speel net so belangrike bydrae tot 'n kind se geluk lewer soos wat liefde en werk in die volwassene se wêreld doen. Speel is al beskryf as 'n kind se taal (O'Connor *et al.*, 2016:10).

Spelterapie help kinders om die ervarings waarvoor hulle nie die woordeskat besit nie, deur speel uit te druk (Gill, 1991:28). Speelgoed word beskryf as kinders se woorde en die spel as hul taal (Landreth, 2002:9). Die gebruikmaking van speel tydens terapie is 'n groot deurbraak in die begeleiding van kinders met geestelike en emosionele probleme wat dit nie wil of kan verbaliseer nie. In die meeste gevalle is die hindernis nie die kind se weerstand om te kommunikeer nie, soms verstaan die kind bloot nie die kommunikasiemedium wat gebruik word nie.

Spelterapie is nie net voordelig vir die hantering van probleme nie, maar aangesien die terapeut die kind toelaat om self die ervaring te konfronteer (Morena, 2014:123), dien dit ook as 'n oorlewings- en ontwikkelingsmeganisme. Deur spelterapie leer kinders om te kommunikeer, gevoelens uit te druk, gedrag te beheer, probleme op te los en om met ander kinders te vereenselwig (Lilly *et al.*, 2020).

Thacker (2010:3) is van mening dat spelterapie 'n effektiewe vorm van terapie vir kinders is, ongeag hul ouderdom, ras of geslag, en is van mening dat die vryheid wat hierdie tegniek bied een van die grootste voordele is. Die vryheid wat die kind ervaar gedurende speel stuur die sessie in 'n rigting waar daar tog onwillekeurige konfrontasie met die probleem plaasvind, maar dit is nie die normale konfrontasie wat verwag kan word in verbale gesprekke nie (Brooks *et al.*, 2022:15). Spelterapie hou selfs addisionele waarde in vir die terapeut, deurdat terapeute selfs die kinders in 'n nuwe en beter lig sien. Persepsies van kinders as klein individue wat nog besig is om soos "ons" (volwassenes) te word, is verskuif na die siening van kinders as ménse met die vermoë om self die sessies te lei en sonder hulp uitdrukking te gee aan hul emosies en situasies (Brooks *et al.*, 2022:15).

Daar bestaan talle navorsingsbronne oor die spiritualiteit, psigologiese welsyn en berading van kinders om uiteindelike welvaart te versterk en te handhaaf. Van Niekerk (2018) stel ondersoek in om in diepte te kyk na die rol van ouers in die ontwikkeling van geloof in die formatiewe jare van die kind. Hierin bespreek Van Niekerk (2018) die belangrikheid van die kind se behoeftes en die feit dat dit dikwels verskil van dié van volwassenes. Daar word verduidelik dat as die kind byvoorbeeld 'n behoefte het aan 'n gesprek oor diere, dit die ouers se verantwoordelikheid is om 'n verwante storie te vertel, byvoorbeeld

die storie van Noag se ark. Hierdeur word ’n vorm van speel (storievertel) aan geestelikheid (die Bybel) gekoppel. Ouers word dus bemoedig om hul kinders te ontmoet waar hulle emosioneel en geestelik is.

Marx (2014) het tydens haar nagraadse studies ondersoek ingestel oor die tema “Die waarde van spelterapie.” Haar doelwit was om vas te stel of spel gebruik kan word as ’n pastorale metode om die kind te lei tot heling. Vanuit haar studie het sy bewys dat speel meer vir ’n kind kan beteken as blote genot – dit dien as hul kommunikasie, uitdrukking en, in sommige gevalle, selfs as ’n weg tot genesing. Marx (2014:58) kom tot die konklusie dat kinderspel nêrens eksplisiet in die Bybel gebruik word om kinders tot selfregulering te begelei nie. Moontlike redes hiervoor is, onder andere, omdat kinders nie belangrik genoeg geag word nie, en omdat die meerderheid geskiedskrywers mans was wie nie noodwendig sosiaal met kinders assosieer het nie. Marx (2014:60-61) kyk in diepte na Markus 10:14-16 en beklemtoon intensioneel die verandering van die status van kinders van onbelangrik na belangrik. Met hierdie vertrekpunt is die geestelikheid (die Bybel) en die belangrikheid van kinders se welsyn bymekaargebring.

Daar is bestaande bronne wat spelterapie ondersoek as ’n veelsydige terapiemetode, waar dit gebruik word as ’n metode vir onderwysers om kinders wat geweldsmisdade beleef het tot genesing te lei (Buys, 2021). So byvoorbeeld het Sories *et al.* (2015) bevind dat die gebruik van spelterapie met kinders wat trauma ervaar het as gevolg van militêre aktiwiteite, hul help om die trauma vinniger en makliker te verwerk. Hierdie kinders het óf ’n geliefde verloor as gevolg van militêre aktiwiteite, óf die afwesigheid van ’n ouer beleef, óf ernstige beserings van geliefdes gesien en daarmee saamgeleef.

Nickols (2019) stel ondersoek in op ’n nouverwante onderwerp: “Equipping pastors to give pastoral counselling to emotionally wounded children aged between six and twelve.” Dit word vertaal as: “Om pastore toe te rus om pastorale berading te gee aan kinders met emosionele wonde tussen die ouderdomme van ses- en twaalf.” Hy meen dat kinders op hul vlak van behoefte ontmoet moet word en bespreek verskillende “speletjies” as tegnieke vir berading. Dit is duidelik dat daar eenheid bestaan oor die oortuiging dat kinders verseker verskillend as volwassenes beraad moet word.

Bostaande bronne bied geregverdigde begronding vir die gebruik van speel in die situasie van pastorale berading met kinders, maar die leemte van goeie pastorale begronding vir die gebruik van speel as beradingstegniek bestaan steeds. Marx (2014) kom baie naby in haar benadering, maar tog is die Christelike fokus nie spesifiek op die pastorale begronding van speel as beradingstegniek nie; dit is liewer op die belangrikheid van kinders se geestelike welsyn. Selfs Van Niekerk (2018) begelei ouers in Christusgesentreerde speelterapiemetodes om die geestelike welsyn van hul kinders te ontwikkel, terwyl die pastorale begronding vir speelterapie as effektiewe beradingstegniek nie voldoende bespreek word nie.

Die literatuursoektog het wel een outeur opgelewer wat die vraag rondom Bybelse begronding vir speelterapie aanspreek as vertrekpunt van haar navorsing. Dr. Linda Grobler (2013) verduidelik enersyds, die waarde van kinders en andersyds, die tema van speel in die Bybel. Grobler (2013) beklemtoon empatie tydens speelterapie, sodat die kind op sy of haar geestelike en emosionele vlak ontmoet kan word. Grobler (2013:3) noem dat, "Empatie is baie soos om die wêreld van die kliënt te betree. Empatie was vir Jesus 'n leefstyl." In Sagaria 8:5 word die belofte gegee dat die stad vol kinders sal wees wat speel, waaruit afgelei kan word dat speel nog altyd deel van die natuur van 'n kind was. Psalm 127:3 noem kinders geskenke van God, en Jesus het in Matteus 19:14 vir Sy dissipels gesê om nie die kindertjies van Hom te weerhou nie.

Grobler (2013:4) maak ook die woorde van Paulus in 1 Korinthiërs 9:22 van toepassing op die pastorale berader wat soos kinders moet word, deur tot op hulle vlak te daal om hulle uiteindelik te kan help. In 1 Korinthiërs 13:11 sê Paulus ook dat hy anders geredeneer en gedink het toe hy 'n kind was, as wat hy as volwassene doen, waaruit afgelei kan word dat kinders op 'n heel ander manier as volwassenes dink en daarom ook trauma anders hanteer. Grobler (2013:52) maak die belangrike afleiding dat dit Bybels korrek is om deel te neem aan speel ter wille van 'n oop kommunikasiemiddel met die kind. Grobler se ondersteuning van 'n Bybelse motivering vir speelterapie is geloofwaardig en goed uiteengesit. Daar is wel ruimte vir verdere navorsing as motivering vir die gebruik van speel as beradingstegniek.

## 1.5 PROBLEEMSTELLING, NAVORSINGSVRAAG EN VERDERE VRAE

Die probleem wat in hierdie studie ondersoek word, sentreer rondom die leemte in vakspesifieke literatuur rakende 'n pastorale begronding en motivering vir speel as beradingstegniek, aangesien die intellektuele, geestelike en emosionele ontwikkeling van 'n kind net so belangrik soos dié van 'n volwassene is. Volwassenes gooi dikwels 'n blinde oog wanneer dit kom by die pastorale sorg van kinders omdat hulle hulself as onbekwaam sien om met kinders te vereenselwig (Lester, 1987:12). Dillen (2019:2) bring 'n baie sterk standpunt na vore deur te staaf dat kinders inderdaad meer as blote amper-volwassenes is, maar dat hulle ook hul eie plek in die wêreld van teologie het. Dillen (2019:2) staaf verder dat dit nie meer daaroor gaan om net in die fisiese behoeftes van kinders te voorsien nie, maar ook in hul emosionele en geestelike behoeftes en om erkenning te gee aan hul plek in die samelewing. Daar is 'n behoefte om aan kinders dieselfde pastorale voorregte te gee as wat volwassenes het, naamlik ouderdomgepaste pastorale hulpverlening.

In die Nuwe Testamentiese evangelieboeke word Jesus se "hart" of passie vir kinders duidelik getoon. Daar is 'n sigbare wending wat plaasvind tussen die Ou en Nuwe Testament wanneer daar na die onderwerp van kinders gekyk word. Van der Merwe en Basson (2013) verwys na Eksodus 20:12, Spreuke 22:6, 15, en Deuteronomium 11:19 waar die fokus val op die dissipline en gehoorsaamheid van kinders. Hierteenoor kan die klemverskuiwing in die kinderverse in die Nuwe Testament gesien

word deur uitsprake van Jesus soos byvoorbeeld, “word soos kinders” (Mattheus 18:1-5), “bring die kinders na my toe” (Markus 10:13-16) en “elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat ’n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see” (Mattheus 18:6). Alhoewel daar nie sprake van speel as ’n vorm van terapie in die Bybel voorkom nie, is daar wel talle gelykenisse (stories) wat Jesus aan Sy dissipels vertel het. Storievertelling word geag as ’n vorm van speel. Volgens Hultgren (2000:2) kom die woord gelykenis van die Griekse woord “parabolḗ” (παραβολή) af, wat beteken om te vergelyk; dus het Jesus stories vertel deur iets te vergelyk met dit wat vir die skare van daardie dag en eeu bekend was sodat hulle Sy boodskap beter kan verstaan.

Daar is verskeie literatuur oor die onderwerp in die psigologie en maatskaplike dissipline as paradigma beskikbaar, maar nie genoeg vanuit die pastorale wetenskapsveld nie en daarom is hierdie studie nodig. Die navorsingsvraag wat beantwoord moet word, is: Watter metateoretiese perspektiewe is van belang ten opsigte van speel as ’n effektiewe pastorale beradingstegniek?

Verdere vrae wat voortspruit uit die navorsingsvraag:

- Watter deskriptiewe insigte is daar in die historiese ontwikkeling van speelbegeleidingsmetodes in die pastorale beradingswetenskapveld?
- Watter interpretatiewe inligting kan vanuit intra- en interdissiplinêre studievelde gevind word in terme van speelterapie as effektiewe tegniek vir kinderbegeleiding binne ’n pastorale raamwerk?
- Watter normatiewe insigte kan verkry word vanuit die Skrif in terme van kinders ter ondersteuning van speel as ’n beradingstegniek in die pastorale begeleiding van kinders?
- Watter metateoretiese riglyne kan geformuleer word om speel as beradingstegniek te gebruik binne die pastoraat?

## 1.6 NAVORSINGSDOEL EN OBJEKTIEWE

Die hoofdoel van hierdie studie is om metateoretiese pastorale riglyne te formuleer vir speel as effektiewe pastorale beradingstegniek.

Om hierdie doelwit te bereik, is die volgende doelwitte gestel:

- Om deskriptiewe insigte te verkry in die historiese ontwikkeling van speelbegeleidingsmetodes in die pastorale beradingswetenskapveld.
- Om interpretatiewe inligting te ontgin vanuit intra- en interdissiplinêre studievelde in terme van speelterapie as effektiewe tegniek vir kinderbegeleiding binne ’n pastorale raamwerk.

- Om normatiewe insigte te verkry vanuit die Skrif in terme van kinders ter ondersteuning van speel as ’n beradingstegniek in die pastorale begeleiding van kinders.
- Om metateoretiese riglyne te formuleer ten opsigte van ’n pastorale begronding vir speel as effektiewe beradingstegniek.

## 1.7 RELEVANSIE EN WAARDE VAN DIE NAVORSING

Die waarde van hierdie navorsing kan gesien word in die bewustheid wat onder leraars en beraders wat met kinders werk, geskep kan word ten opsigte van die geestelike en emosionele pastorale berading aan kinders en die besondere rol van speel daarin. Diegene wat die geleentheid kry om die data te lees, sal bewus gemaak word van die effektiwiteit van speelterapie en ook die behoefte daaraan onder kinders. Die navorser kan hierdeur die publiek bewus maak van die belangrikheid van onderskeid tussen pastorale begeleiding vir volwassenes en pastorale begeleiding vir kinders (O’ Connor *et al.*, 2016:29).

## 1.8 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument is dat speel ’n waardevolle pastorale beradingstegniek vir kinders is en dat dit ondersteun word deur Bybelse beginsels.

## 1.9 EPISTEMOLOGIE, NAVORSINGSMETODOLOGIE EN METODE

### 1.9.1 Epistemologie

Epistemologie is die teorie van kennis, en sluit die metodes en bronne van kennisinsameling in (Steup, 2005). Die epistemologie van hierdie studie is gebaseer op die konstruktiewe navorsingsfilosofie waar daar sistematies met inligting vanuit die prakties teologiese kennisbasis, met spesifieke fokus op die pastorale begeleidingsteorië,  gewerk word. Praktiese teologie beskryf die verhouding tussen enersyds die leer en navorsing van teologie, en andersyds die werklike ervaring en behoeftes van Christelike gemeenskappe (Goto *et al.*, 2021). Swinton en Mowat (2016) is van mening dat praktiese teologie ’n kritiese, teologiese refleksie is op die handelinge van die kerk soos dit in konstante interaksie is met die wêreld, met die doel om getroue deelname in God se verlossingspraktyke vir, deur en aan die gemeenskap te handhaaf.

Bowald (2020), ’n teologiese professor en pastoor met meer as 20 jaar se ervaring in onderrig aan voor- en nagraadse studente, verduidelik praktiese teologie aan die hand van drie pilare, naamlik Bybelse-, historiese- en sistematiese teologie[3]. Bowald (2020) is van mening dat praktiese teologie juis begin by

[3] In hierdie sin, is Bybelse teologie die samehangende eenheid wat gesien word wanneer historiese verhale in die Bybel bestudeer word en ’n uiteindelike weerspieëling van die verhouding tussen God en mens na vore kom, met ander woorde die dieper betekenis van historiese gebeure wat God se karakter en hart tot die mens openbaar

die besef dat die kerk en Christene funksioneer in die volheid van hierdie drie pilare. Praktiese teologie is dus die kritiese besinning oor huidige Christelike praktyke en die refleksie op die teologiese fondasie van instansies om te bepaal of die volheid van Christenskap wel bereik word. Hierdeur word dié wat in nood is gehelp, Christelike praktyke word gekorrigeer en Christelike waardes word verhelder sodat dit met volheid uitgeleef kan word (Bowald, 2020). Die siening dat teologie wyer strek as slegs die leer en verstaan van die Bybel is praktiese teologie (Bowald, 2020). Dit is die praktiese uitleef van Christenskap binne die mens se individuele lewe, binne die kerk en binne die gemeenskap (Ballard & Pritchard, 2020:10).

Volgens Poling (2022) het die wetenskap rondom pastorale berading reeds in die 1920's in die VSA ontstaan toe Anton Boisen die eerste kliniese opleidingsprogram begin het in die hospitaal van Boston. Sigmund Freud en Carl Rogers het hom op 'n sielkundige wyse geïnspireer en hy het ook sekere beginsels van gemeenskapswerk ingesluit (Poling, 2022). Hierna het verskeie navorsers gepoog om die onderskeid tussen pastorale berading en sielkunde te formuleer. Don Browning (1976) het in sy boek, "*The moral context of pastoral care"* (Die morele konteks van pastorale sorg), alle pastorale versorgers herinner aan morele en geestelike waardes wat net so 'n belangrike rol speel as die sielkundige gedeelte. Verder het pastorale beraders in die VSA in 1963 die "American Association of Pastoral Counselors*"* (AAPC) (Amerikaanse Vereniging van Pastorale Beraders) gestig om geakkrediteerde, formele opleiding en registrasie te bied aan pastorale beraders. In 2019 het die AAPC saamgesmelt met die "American Clinical Pastoral Education" (ACPE) (Amerikaanse Kliniese Pastorale Opvoedkunde) en beide funksioneer nou saam onder die naam ACPE (Anon., 2020).

Bob Lambourne was in die 1970's die eerste persoon wat pastorale studies aangebied het by die Universiteit van Birmingham, Engeland. Hierna het verskeie ander teoloë belangstelling getoon, kennis in die veld verkry en daarop voortgebou. In 1994 is die Britse en Ierse Assosiasie vir Praktiese Teologie (BIAP) gestig. Boonop het talle kerke ook pastorale berading, 'n kernarea van praktiese teologie, as 'n bediening binne die kerk begin erken (Ballard & Pritchard, 2020:10).

In Suid-Afrika het pastorale berading ook begin uitbrei tot so 'n mate dat die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Pastorale Werk (SAAP) in 1983 gestig is met die doel om pastorale beraders by die vereniging te registreer, op te lei en selfs tot op hede elke vier jaar met die Internasionale raad vir Pastorale Sorg en Berading (ICPCC) ontmoet (CPSC, 2022). SAAP is in 2010 geaffilieer met die

(Bowald, 2020). 'n Voorbeeld hiervan kan gevind word in Jesaja 41:10 waar God vir Jesaja sê, "Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God," en Joshua 1:9, "Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan." Historiese teologie fokus op die kronologiese gebeure en dogmatiese beginsels, onder andere die geboorte en groei van die kerk (Bowald, 2020). Sistematiese teologie kan gesien word in hoe die volk poog om God se gebooie te gehoorsaam (Bowald, 2020). Hierin word daar 'n poging aangewend om die verhouding met God in stand te hou deur reëls en regulasies te volg, onder andere die wette wat gevind kan word in Levitikus (Bowald, 2020).

"Association for Christian Religious Practitioners" (ACRP) (Vereniging vir Christelike Godsdienspraktisyns) en spesifiek met hul pastorale been, "Council of Pastoral and Spiritual Care" (CPSC) (Raad vir Pastorale en Geestelike Sorg) (CPSC, 2022).

'n Kernarea van epistemologie kan opgesom word met die woord "doel", daarom is dit belangrik om te noem dat die doel van pastorale berading amper dieselfde is as dié van kliniese psigologie, behalwe dat dit die geestelike-, geloofs- en teologiese aspekte insluit, met die oortuiging dat mense meer effektief hierdeur gehelp sal word (Anon., 2021). Sigmund (2002:1) definieer pastorale berading as die assessering en behandeling van persone wat berading verkies wat hul geestelike oortuigings weerspieël. Sigmund (2002:1) is ook van mening dat die beginsels van pastorale berading onder andere die volgende insluit, herlewing en rehabilitering van die gees, verdieping van die pastorant se verhouding met sy/haar omgewing, persoonlike groei binne gekose stelsels, insluitend familie en loopbaan en die verdieping van die pastorant se verhouding met God.

### 1.9.2 Navorsingsmetodologie en metode

Hierdie navorsingstudie het ten doel om die bestaande kennisliggaam van speelterapie in die praktyk van pastorale berading uit te brei. Die navorsingsbenadering wat gebruik word is 'n sistematiese en deskriptiewe literatuurstudie en die navorsingsontwerp is beskrywend en ondersoekend van aard.

Verskeie pastorale navorsingsmodelle is oorweeg, onder andere Woodbridge, Browning, Dingemans en Heitink se modelle. Woodbridge (2014:95) se model stem baie ooreen met Osmer (2008) s'n. Hierdie metode maak gebruik van vier stappe, wat ook as vrae gestel kan word (Woodbridge, 2014:96):

- Verkennende navorsing – "Wat het gelei tot die huidige situasie?"
- Deskriptiewe navorsing – "Wat is die eksistensiële realiteit van die pastorant?"
- Normatiewe navorsing – "Wat is veronderstel om aan te gaan?"
- Aksie-navorsing – "Hoe kan ons reageer?"

Hieruit is dit duidelik dat die metode ooreenstem met die doelwit van Osmer se model, maar die eerste stap (wat het gelei tot die huidige situasie?) is nie noodwendig relevant tot die studie van speel as beradingstegniek nie, aangesien niks spesifiek gelei het tot die huidige gaping nie. Browning (1976:13) se model poog om (1) te beskryf, (2) praktiese teologiese wysheid te verken en (3) strategiese teologie te beoefen. Hierdie model se metode en stappe is baie oorkoepelend en nie soseer indiepte-beskrywend soos hierdie studiedoelwit verg nie. Dingemans (1996:2) se model is baie gebruikersvriendelik en kan toegepas word op baie praktiese teologiese situasies. Sy model resorteer onder drie stappe:

- 'n Analitiese beskrywing van die prakties-teologiese situasie (praxiologie)
- Navorsing oor normatiewe standpunte

- Ontwikkeling van ’n strategie vir verandering

Die groot voordeel van Dingemans se model is die strategiese fokus, maar die navorser poog om liewer begronding te bou vir hoekom speel ’n gepaste tegniek binne die pastorale opset is en nie om ’n spesifieke strategie te ontwikkel nie. Die navorser wil verder ook die hoekom-vraag beantwoord, wat ontbreek in Dingemans se model. Heitink se model maak gebruik van sleutelterme, naamlik verstaan, verduidelik en verander (Heitink, 1999:165). Hierdie is ’n goeie benadering tot praktiese teologiese navorsing, maar hierteenoor het Osmer se model steeds ’n breër spektrum vir indiepte verduideliking van huidige situasies. Met verstaan en verduidelik wat ongeveer twee derdes van die navorsing uitmaak, word daar min plek gelaat vir strategiese beplanning wat juis ’n belangrike oogmerk is.

Ten einde die navorsingsvrae effektief te kan beantwoord, word die hermeneutiese benadering deur ’n literêre studie met behulp van Richard Osmer (2008) se benadering tot praktiese teologie, gevolg. Hierdie benadering word tans op die meerderheid van pastorale studies toegepas, omdat dit spesifiek ontwerp is met die doel om te ontleed, die regte vrae te vra en te konfronteer (Osmer, 2008:10-11). Die model bestaan uit vier stappe, naamlik deskriptiewe taak, interpretatiewe taak, normatiewe taak en strategiese/pragmatiese taak. Hieronder volg ’n bespreking van elk:

a. Deskriptiewe taak: “Wat gaan aan?”


Die doel van die deskriptiewe taak is om beter te verstaan wat aangaan (Osmer, 2008:33-35) en sal beskryf word in Hoofstuk 2 wanneer daar in diepte gekyk word na die agtergrond en ontwikkeling van historiese speelbegeleidingsmetodes wat van belang kan wees in die pastorale beradingswetenskap. Hieruit gaan die oorsprong en verdere ontwikkeling van speelterapie beter verstaan word en daardeur die navorser in staat stel om sekere leemtes te identifiseer. Onder hierdie taak noem Osmer vyf redes vir navorsing (Osmer, 2008:47), naamlik:

- Om die huidige strategieë te evalueer wat ook die fondasie vir nuwe strategieë vorm
- Om die navorser en toekomstige lesers se verstaan in hierdie spesifieke veld te verdiep
- Om ’n beter verstaan van diegene waarmee daar gewerk word, te vestig en daardeur beter leiding te bied
- Om ’n beter verstaan van die konteks waarbinne individue hulself vind te verkry
- Om – binne die pastoraat spesifiek – seker te maak dat alle ouderdomsgroepe bereik word deur ’n beter verstaan van die agtergrondkonteks te skep.

b. Interpretatiewe taak: “Hoekom gebeur dit?”

Osmer (2008:82-84) beskryf die tweede stap as die soeke na rede (Hoekom gebeur dit?). Tydens hierdie taak in Hoofstuk 3 word daar intra- en interdissiplinêr gewerk deur hoofsaaklik te fokus op psigologie


om te bepaal wat die pastoraat daaruit kan leer. Hierdie taak sluit aan by die eerste taak, aangesien leemtes moontlik verder geïdentifiseer word, maar die navorser leer meer oor die belangrikheid van die gebruik van spelterapie as tegniek vir die hantering van trauma onder kinders. Die volgende illustrasie word deur Osmer (2008:82) gebruik om die funksie van hierdie taak vas te vang (vry vertaal deur navorser):




Dit is belangrik dat die navorser ’n bedagsame gewaarwordingsingesteldheid toe pas tydens interpretasie. Osmer (2008:83) noem dat navorsers dikwels geneig is om eiesinnig en sonder beraadslaging of wysheid die interpretatiewe taak aan te pak. ’n Teoretiese interpretasie kan gedefinieer word as die vermoë om teorieë te trek vanuit die wetenskap om die vraag voor oë beter te verstaan (Osmer, 2008:83). Onder wyse oordeel gee Osmer drie belangrike punte, naamlik (1) herken die relevante aspekte terwyl die interpretasie gedoen word, (2) onderskei watter morele waardes moontlik op die spel kan wees en (3) wees vasberade om die mees effektiewe manier te kry om interdissiplinêre teorieë te inkorporeer (Osmer, 2008:84).

c. Normatiewe taak: “Wat is veronderstel om te gebeur?”


Hierdie taak word gekenmerk deur profetiese oordeel (Osmer, 2008:136-137). Die rede hiervoor is dat menslike vorming en goddelike openbaring bymekaargebring word. Tydens hierdie taak, wat in Hoofstuk 4 aan die orde kom, word die fokus op die Woord van God geplaas om Skrifbeginsels rondom die kind en speel as ’n beradingstegniek vir die pastorale begeleiding te ondersoek. In hierdie studie word daar gefokus op Sagaria 8:5, Psalm 127:3, Mattheus 19:14, 1 Korinthiërs 9:22 en 1 Korinthiërs 13:11. Die volgende diagram dui die normatiewe aspekte aan (Osmer, 2008:136).



Volgens Osmer (2008:136) is die simpatieke of empatiese ingestelheid wanneer Christene hulself identifiseer met God se hart en lyding ten opsigte van sonde en ongeregtigheid en hierdeur word die weg gebaan vir die Heilige Gees om deur Christene ander te bedien met God se Woord. Daarmee saam, om te kan bepaal wat veronderstel is om aan te gaan, moet onderskeidingsvermoë prominent na vore kom. Osmer (2008:138) meen dat dit slegs moontlik is wanneer daar aangeneem word dat die navorser niks regtig weet nie, maar dat selfvertroue in eiekennis eenkant gesit word en 'n oopheid geskep word vir 'n geleentheid om te ontdek en te leer. Laastens is die belangrikheid van teologiese en etiese interpretasie ter sprake. Teologiese interpretasie sluit in die interpretasie van perikope en dogmatiese teologie wat gebruik word om situasies en gebeurtenisse van die hede te interpreteer, te verduidelik, en indien problematies, oplossings te probeer vind (Osmer, 2008:139). Etiese beginsels is regdeur die proses noodsaaklik (Osmer, 2008:147-149).

d. Strategiese/pragmatiese taak: “Hoe kan ons reageer?”

Hierdie taak staan ook bekend as dienende leierskap. Osmer (2008:183) noem dat die doelwit nie bloot rondom strategie handel nie, maar dat dit uiteraard uitvoerbare strategiese riglyne moet wees. In Hoofstuk 5 gaan die bevindings van al drie vorige take geïnkorporeer word om metateoretiese riglyne te formuleer ten opsigte van speel as beradingstegniek, wat uiteindelik die navorsingsvraag kan beantwoord.




Taakbevoegdheid met 'n nederige ingesteldheid is uiters belangrik vir enige leier om sy/haar doelwitte te bereik. Dié twee belangrike eienskappe kan slegs gepaard gaan met mekaar wanneer (1) daar toegelaat word dat die behoeftes en tekortkominge in die gemeenskap lei tot die spontane ontwikkeling van sekere bevoegdhede, en (2) die erkenning dat elke leier beperkings het en dat daar staat gemaak moet word op ander hulpbronne om die beperkings aan te vul (Osmer, 2008:193-194).

Ten opsigte van die transaksionele leierskap wat bydra tot die bevrediging van die mens se diepste behoeftes en die oorskreiding van grense, maak Osmer (2008:195) die stelling: “Jesus was constantly crossing social boundaries to bring the love of God to those who weren't under the ‘good people’ or Israel: the sick, the marginalized, the poor…”. Verder dui Osmer aan dat dit belangrik is om te onderskei

tussen mense se “felt needs” en “deepest needs”[4] (Osmer, 2008:194). In Afrikaans kan hierdie behoeftes beskryf word as tydelike (sigbare) en ewige (onsigbare) behoeftes.

Laastens noem Osmer transformerende leierskap wat lei tot diep verandering. Hierin bespreek hy drie aspekte wat leiers altyd in gedagte moet hou wanneer verandering aangebring word (Osmer, 2008:196-199):

- Goeie leiers vind die weg deur “verlore te raak”: Dit is belangrik om te onthou dat ou maniere nie nuwe uitkomste oplewer nie. Die gevoel dat daar nie beheer is nie of dat daar op onbekende terrein beweeg word, is juis noodsaaklik (Osmer, 2008:197).
- Goeie leiers kry krag deur ander te bemagtig: Osmer (2008:198) fokus op die feit dat leiers nie hulself die middelpunt van verandering moet maak nie, maar liewer ander moet bemagtig om ook verandering aan te bring.
- Dieper verhoudings is die gevolg van minder gehegtheid aan gemeentes: Goeie leiers is nie afhanklik van die goedkeuring van gemeentelede nie. Goeie leiers is slegs afhanklik van God. Slegs hierdeur word effektiewe verandering aangebring (Osmer, 2008:198).

Dienende leierskap deur transaksionele en transformerende eienskappe is ook vir die pastorale berader belangrik omdat die einddoel is om die kind deur speel te bemagtig. Die pastorale berader moet as’t ware “verdwyn” tydens ’n beradingsessie en slegs die kanaal word waardeur die Heilige Gees self die kind genees in die taal wat die kind verstaan, naamlik speel.

## 1.10 ETIESE OORWEGINGS

Etiese reëls is vir die studie gevolg soos vereis deur die NWU en die Fakulteit Teologie. Die studie het geen menslike deelnemers vir empiriese werk ingesluit nie, en daarom is die etiese risiko as ‘n lae risiko gestel. Die navorser het die etiese opleiding ondergaan en etiese klaring met etieknommer NWU-00861-23-A6 vir die studie ontvang.

## 1.11 HOOFSTUK UITEENSETTING

Die uiteensetting van die hoofstukke lyk as volg:

- Hoofstuk 1: Inleiding
- Hoofstuk 2: Agtergrond en ontwikkeling van speelbegeleidingsmetodes
- Hoofstuk 3: Interpretatiewe inligting vanuit intra- en interdissiplinêre studievelde

[4] Volgens Osmer (2008:194) dui “felt needs” gewoonlik op die mens se tydelike behoeftes, byvoorbeeld sosiale status, geld, mediese behoeftes, ensovoorts, en “deepest needs” dui op dit wat natuurlik dieper gaan as die oppervlak, soos die vrae oor die ewige lewe en ’n verhouding met God. Osmer beklemtoon dat dit belangrik is om verder te gaan as slegs die “felt needs” van mense en te probeer om dieper behoeftes ook te bevredig.

- Hoofstuk 4: Normatiewe insigte rondom die kind en speel as begeleidingstegniek vir kinders
- Hoofstuk 5: Metateoretiese riglyne ten opsigte van ’n pastorale begronding vir speel as effektiewe beradingstegniek
- Hoofstuk 6: Samevatting en konklusie

## 1.12 SKEMATIESE UITEENSETTING

| **Speel as beradingstegniek: ’n Pastorale studie** | | |
|---|---|---|
| Watter metateoretiese perspektiewe is van belang ten opsigte van speel as ’n effektiewe pastorale beradingstegniek? | | |
| Taak / Vraag: | Doelwit: | Hoofstuk: |
| Deskriptiewe taak:<br>“Wat gaan aan?” | Die uitkoms van hierdie taak is om die agtergrond en ontwikkeling van die gebruik van speel as ’n tegniek vir terapie beter te verstaan. | Twee |
| Interpretiewe taak:<br>“Hoekom gaan dit aan?” | Inligting vanuit inter- en intradissiplinêre studievelde gaan gebruik word om speelterapie as effektiewe beradingstegniek te ondersteun. | Drie |
| Normatiewe taak:<br>“Wat is veronderstel om aan te gaan?” | Die uitkoms is om die gelykenisse wat in die Bybel voorkom, te bestudeer en te bepaal hoe beraders ook ’n vorm van storievertelling kan gebruik om met kinders te vereenselwig binne die pastorale omgewing. | Vier |
| Strategiese taak:<br>“Hoe kan ons reageer?” | Metateoretiese riglyne gaan saamgestel en aan beraders gegee word oor hoe om speel as tegniek binne die omgewing van pastorale berading te gebruik. | Vyf |

# HOOFSTUK 2
# AGTERGROND EN ONTWIKKELING VAN SPEELBEGELEIDINGSMETODES

## 2.1 INLEIDING

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om deskriptiewe insigte te verkry in die agtergrond en kultuurhistoriese ontwikkeling van speelbegeleidingsmetodes in die pastorale beradingswetenskapveld, asook in ander hulpverleningswetenskappe. Beraders, sielkundiges en ander geestesgesondheidspraktisyns se belangstelling in kinders se emosionele welsyn het onlangs baie toegeneem. Die ontwikkeling van meer effektiewe terapie vir kinders het oor die laaste paar dekades toegeneem soos navorsing gedoen is met die doel om tegnieke meer ouderdomsgepas te maak (Kelleher, 2009:7-14). In Noord-Wes Engeland het die organisasie “Anna Freud National Centre for Children and Families” gesprekke gevoer met praktisyns in die veld van geestesgesondheid van kinders. Die konklusie na afloop van hierdie gesprekke was dat effektiwiteit verlore gaan wanneer kinders eenvoudig rondspring tussen hulpverleners, beraders, psigiaters of sielkundiges sonder dat die egtheid van die kind se eie stem gehoor word (Cunliffe, 2021:20). Die deelnemers het verder gestaaf dat, alhoewel daar ’n groot vraag na hulpverleners is, nuwe idees en bevindings steeds geprioritiseer moet word, aangesien dit kan lei tot beter ondersteuning vir kinders in die toekoms (Cunliffe, 2021:24). Die gaping lê juis in die feit dat daar ’n magdom inligting en navorsing bestaan, maar dit word nie altyd in die praktyk toegepas om tradisionele maniere en denkwyses onder hulpverleners te vernuwe nie (Cunliffe, 2021:28). Kinders se kognitiewe prosessering en manier van kommunikeer verskil heelwat van dié van volwassenes. Kinders se denkpatrone het te doen met sensoriese insette (gevoel, gehoor, sig, reuk en smaak), waar volwassenes se denkpatrone baie meer georganiseerd en abstrak is (Anon., 2023). Dit is hulpverleners se verantwoordelikheid om ouderdom in ag te neem wanneer kommunikasie plaasvind om sodoende gepaste en effektiewe kommunikasie te handhaaf (Anon., 2016). Ernstige traumatiese of emosionele probleme vereis dikwels langtermynondersteuning en daarom is dit belangrik dat die hulpverlener wat dien as die ondersteuner ook ondersteun word met tegnieke wat prosesse kan vergemaklik en effektiwiteit kan verseker (Cunliffe, 2021:20). Dit is krities belangrik dat tegnieke gebruik word wat kommunikasie tussen kinders en volwassenes vergemaklik omdat beide verskillende kommunikasie- en denkprosesse gebruik. Hofmeyer en Morrison (2008:213) staaf dat verskeie professies reeds gebruik maak van spelterapie om kinders te help, naamlik arbeidsterapeute, pediaters, spraakterapeute, en vele meer inkorporeer speel in hul begeleidingsprogramme. Pastorale beraders kan ook gebruik maak van die voordele wat speel inhou.

## 2.2 DIE GESKIEDENIS VAN SPELTERAPIE

Die eerste navorsing oor kinderpsigologie het in 1909 plaasgevind toe Sigmund Freud en Carl Jung elk navorsing oor kinderterapie gedoen het, soos genoem in Hoofstuk 1 (O'Connor *et al*., 2016:17). Freud was die eerste persoon wat na die belangrikheid van speel in kinders se lewens verwys het asook publiseer het oor die wêreld wat die kind vir hom/haarself skep deur speel.

> Might we not say that every child at play behaves like a creative writer, in that he creates a world of his own, or, rather, re-arranges the things of his world in a new way that pleases him? It would be wrong to think he does not take that world seriously; on the contrary, he takes his play very seriously and he expends large amounts of emotion on it. The opposite of play is not what is serious but what is real (Freud, 1908:143).

Freud het verskeie studies gedoen oor kinders, waarvan veral een vir hom die waarde van speel beklemtoon het. Een van die kinders wat hy bestudeer het, was 'n seuntjie wat baie geheg aan sy ma was. Die seuntjie het 'n wye verskeidenheid speelgoed gehad, maar hy het slegs een speletjie herhaaldelik met elk van die speelgoed gespeel. Hy sou die objek neem, wegsteek vir homself en dan verkeer in 'n soektog om dit weer op te spoor. Hy het die uitdrukking "o-o-o-o" gebruik wat sy ma bevestig het beteken "weg". Hierdie speletjie was nie deur enige volwassene aan hom geleer nie, maar die kind het dit vir homself geleer. Freud kon die gesin dophou vir weke, aangesien hy in dieselfde huis gebly het en die kind gereeld geobserveer het. Op 'n dag het die kind met 'n speelding gespeel wat 'n tou met 'n bal aan die een ent van die tou het. Hy herhaal toe die einste speletjie met die bal wat weggesteek word – buite sig – en eventueel trek hy die bal terug. Freud besef toe dat die speletjie dien as 'n tipe kompensasie vir wanneer sy ma die vertrek verlaat en hom alleen los. Sy teorie hieroor is twee moontlike hipoteses: die kind het die wegsteek-soektog speletjie gespeel as 'n tipe wraak teenoor sy ma; om te wys dat hy nou ten volle beheer het oor die speelding wanneer dit weer terugkeer na hom toe – iets wat hy nie kon doen met sy ma nie. Of dit was 'n tipe oorlewingsmeganisme om die angs en vrees wat hy ervaar wanneer sy ma buite sy sig was, te verwerk deur sy onbeheerbare wêreld vir homself beheerbaar te maak. Die belangrikste observasie is dat die kind sy grootste emosionele struikelblok vir homself uitgespeel het. Freud het hiermee bevestig dat kinders die vermoë het om inisiatief te neem om hul oorweldigende wêreld minder oorweldigend te maak deur te speel (Freud, 1920:14-15).

Hermine Hug-Hellmuth het in 1921 vir die eerste keer die term "spelterapie" gebruik en, alhoewel sy die wêreld se eerste praktiserende kinderpsigoanalis was, is daar onbevredigend min inligting vir die wat belang stel in haar werk (Plastow, 2011:206, 208). Hug-Hellmuth het bevind dat die insette van die ouers belangrik is om die kind te bereik – hierdie is iets wat vandag nog gebruik word in familieterapie en dit is te danke aan haar. Melanie Klein het ook voortgegaan met haar eie studie en in 1986 bevind dat kinders gevoelsuitdrukking kan gee aan onderdrukte pyn en stres deur middel van speel (Britzman,

2016:52-53). Klein was aangeraak en geïnspireer deur Sigmund Freud se werk en het daarom besluit om daarop voort te bou met spesifieke fokus op kinderbegeleiding. Sy het spesifieke aandag gegee aan die trauma en emosionele verwonding wat in die eerste fases van lewe kan plaasvind (MKT, 2022). Klein beskryf haar werk as volg: “My work with both children and adults, and my contributions to psycho-analytic theory as a whole, derive ultimately from the play technique evolved with young children” (MKT, 2022).

Klein werk vanaf die paradigma dat kinders nie soos volwassenes op ’n bank kan sit en hul gevoelens verbaliseer nie, maar dat kinders kommunikeer deur te speel en kreatief te wees. Daarom, toe Klein se eerste kinderpasiënte na haar toe kom in 1919, het sy haar eerste poging aangewend tot speel as terapie. Sy het houtspeelgoed uitgepak en die kinders laat speel – terwyl sy slegs observeer. Sy het af en toe saam gespeel soos die kind rolle aan haar toegewys het, maar verder het sy slegs probeer om tot by daardie versteekte geheimenisse van die hart uit te kom. Sy was ook van mening dat spelterapie een van die maniere is om sekere simptome van ernstige kondisies, soos ADHD of skisofrenie, te identifiseer (MKT, 2022).

Baie sielkundiges het op hierdie fondasie voortgebou, soos byvoorbeeld Joseph Solomon (1938), Jacob Conn (1939), Margret Lowenfeld (1979), David Levy (1976), en nog vele meer. Joseph Solomon het geglo dat wanneer kinders die geleentheid gegun word om negatiewe emosies, soos vrees en aggressie, uit te druk terwyl hulle speel, hulle outomaties beter sal optree in situasies waar hulle met sulke emosies gekonfronteer word. Die blootstelling aan hierdie emosies lei daartoe dat die kind meer sosiaal aanvaarbaar optree in alledaagse situasies. Hieruit het die tegniek “active play” (aktief speel) ontwikkel, spesifiek met kinders wat impulsief, aggressief en onvanpas optree in gedagte (Anon., 2015).

David Levy het sy eie, unieke benadering ontwerp genaamd “release therapy” (vrylatingsterapie) (Anon., 2015). Die naam is afkomstig van sy oortuiging dat spelterapie ’n ruimte moet skep vir die gevoelsuitdrukking van opgehoopte, onverwerkte emosies. Sy benadering sluit in die gebruik van vrye spel. Getraumatiseerde kinders word gekonfronteer met die gebeure waaraan hulle bloot gestel is deur speelgoed of voorwerpe wat te doen het met die gebeurtenis in te sluit by hulle spel, byvoorbeeld ’n speelgeweer wanneer die kind blootgestel was aan ’n skietery (Anon., 2015). Die hulpverlener laat die kind toe om die gebeure te herleef binne ’n veilige omgewing, met die doel om daardie onverwerkte emosies te konfronteer (Anon., 2015).

Jacob Conn het in 1939 ’n interessante benadering na vore gebring toe hy spelterapie toepas op kinders wat fisieke siektes het waarvoor daar geen spesifieke oorsaak was nie. Hy het geglo dat, deur ’n kind se verlede in ag te neem en die gebeure wat daar plaasgevind het, die terapeut die kind beter kan verstaan (King, 1970:9). Conn het spelterapie gebruik as ’n tegniek om die kind te lei tot die ontdekking van die oorsaak van sekere optredes en gedrag. Conn self het nie deelgeneem aan die spel nie, maar hy het

speelgoed en scenarios opgestel om die kind se situasie te dupliseer. Vanuit ’n objektiewe oogpunt het die kind se spel hom toegelaat om te sien watter vrese, emosies en gevoelens van ontevredenheid hy/sy mag hê (King, 1970:9).

Virginia Axline word beskou as die moeder van spelterapie (O’Connor *et al*., 2016:18-20). Axline was ’n prominente figuur in die veld van sielkunde in die twintigste eeu. Sy het al verskeie boeke geskryf waarvan “*Play therapy: The inner dynamics of childhood”*, gepubliseer in 1947, die bekendste is. Haar model was oorspronklik nie-direktiewe spelterapie genoem, maar daar word ook daarna verwys as “kliëntgesentreerde spelterapie” en “kindgerigte spelterapie” (O’Connor *et al*., 2016:18-20). Axline het kinders aangemoedig om hulself te wees binne ’n terapeutiese konteks met haar kliëntgesentreerde benadering; sy het geglo dat die berader se onvoorwaardelike omgee kinders help om hul emosies te eksploreer en uit te druk in ’n veilige omgewing (Pehrsson & Aguilera, 2007). Sy het die veld van spelterapie grootliks beïnvloed. In 2007 het die Amerikaanse Akademie vir Pediatrie voortgebou op die belangrikheid van spelterapie deur middel van ’n publikasie wat staaf dat speel belangrik is vir ’n kind se algehele gesondheid (Hofmeyer & Morrison, 2008:211).

Deur die jare het verskeie terapeute hul eie definisies oor spelterapie gevorm. ’n Definisie wat bydra tot die verstaan van die term spelterapie, asook die gebruike daarvan, is, onder andere “’n veld waarbinne kinders se natuurlike ingebore inklinasie tot speel gebruik word om ’n veilige terapeutiese omgewing te skep wat kommunikasie, die uitdrukking van emosies en die verligting van trauma aanmoedig” (VanFleet *et al.,* 2010:11). Opgeleide terapeute maak gebruik van die terapeutiese waarde van speel om kinders te help om psigologiese probleme te voorkom en te oorkom, terwyl optimale groei en ontwikkeling bevorder word (Lilly *et al.,* 2020). Vandag het die VSA ook verskeie instansies, waarvan “Play Therapy Connection*”* in Littleton, “Julia’s Counseling & Play Therapy Group*”* in Houston en “Project Play Therapy” in Nashville van die bekendste is.

## 2.3 SPELTERAPIE VANDAG

Vandag bestaan daar verskeie spelterapie-instansies ook in Suid-Afrika waar kinders begelei en gehelp word deur middel van speel, byvoorbeeld, “Chameleon Play Therapy” in Randburg, “Play Therapy International South Africa” in Kaapstad, “Dr Carla Winter Child Play Therapy” in Centurion, “Madelein Koen Play Therapy” in Rustenburg, “Rinda Blom Play Therapy”, en vele meer regoor die land. Daar bestaan vandag ook talle spelterapiekursusse. Rinda Blom, ’n welbekende Suid-Afrikaanse spelterapeut, bied kursusse aan waarvoor mense regoor die wêreld kan registreer (Blom, 2022). Spelterapie het selfs tot op so ’n punt uitgebrei dat daar nou PCIT (“Parent-Child Interaction Therapy”) bestaan waarin ouers nuwe maniere geleer word om deur middel van speel ’n band met hul kinders te vorm (Hofmeyer & Morrison, 2008:216). Daar is vandag steeds ’n kritiese vraag na spelterapeute regoor

die wêreld, aangesien dit ’n effektiewe tegniek is om kinders te verlig van emosionele worstelinge, ten spyte van die menigte instansies en kursusse wat bestaan  (Hofmeyer & Morrison, 2008:217).

## 2.4 DIE BELANGRIKHEID VAN SPELTERAPIE

Die tipiese volwasse persoon se dag bestaan nie noodwendig uit rondhardloop op die skool se speelgrond, giggel vir seuntjies of dogtertjies, boelies by die skoolbadkamer vermy en spoegkompetisies tydens pouses nie. Dit bestaan uit rekeninge betaal, genoeg koppies koffie drink om deur die dag te kom en gereelde kontak met familie en vriende maak, waar werk en inflasie die hoofonderwerp van geselskap is. Volwassenes se lewens lyk baie anders as jongmense en kinders s’n (Sommers-Flanagan *et al.,* 2006:3). Gegewe dat kinders en volwassenes totaal ander lewens lei, is dit geen verrassing dat berading vir volwassenes moet verskil van berading vir kinders nie (Sommers-Flanagan *et al.*, 2006:3). Dit gebeur te veel dat beraders wat werk met kinders en adolessente verwag om binne die raamwerk van die “normale” gespreksgeoriënteerde manier van berading te funksioneer, eerder as om te onthou dat dit die pastorale berader se verantwoordelikheid is om aan te pas by die behoeftes van pastorante (Sommers-Flanagan *et al.*, 2006:5). Beraders het oor en oor besef dat kinders nie slegs miniatuurvolwassenes is nie, maar skepsels met hul eie met behoeftes, gawes en unieke vorms van kommunikasie (Sommers-Flanagan *et al.*, 2006:5).

Sommige mense is geneig om trauma te ignoreer, ongeag hul ouderdom (Scharff, 2016). Smith *et al.* (2022) is van mening dat negatiewe emosies en simptome van trauma nie geïgnoreer mag word nie. Die negatiewe gevoelens bestaan, of die persoon dit erken of nie, en daarom moet dit hanteer word, eerder as om dit te vermy of te ontken. Soos genoem deur Melanie Klein in ’n voorafgaande paragraaf, kommunikeer kinders anders as volwassenes – kinders kommunikeer deur speel (MKT, 2022). Volgens Piaget (1962:5) het kinders onder die ouderdom van elf gewoonlik ’n gebrek aan kapasiteit vir abstrakte denke, wat betekenisvolle verbale uitdrukking kan belemmer. Kinders kommunikeer dus ook spesifiek hul gevoelens makliker deur te speel, daarom kan “speel” bydra tot die verwerking van trauma onder kinders. Ter aansluiting hierby, lig Pehrsson en Aguilera (2007:1) uit dat, “One purpose of play is to express thoughts, wishes and feelings. Play often expresses these better than language.”

## 2.5 DIE FASETTE VAN SPELTERAPIE

### 2.5.1 Gebruike van spelterapie

Soos navorsing en bevindings in die gebruik van spelterapie uitgebrei het, het meer spesialisasie plaasgevind, byvoorbeeld die navorsing van Sories *et al.* (2015:209) wat handel oor die gebruik van spelterapie op kinders wat trauma ervaar as gevolg van blootstelling aan militêre aktiwiteite. Hierdie kinders het óf ’n geliefde verloor in die weermag, óf die afwesigheid van ’n ouer beleef, óf ernstige

beserings van geliefdes gesien en daarmee saamgeleef. Hierdie terapie help die kind om sulke oorweldigende trauma te verwerk.

Graham (2015:13), nog ’n kenner in die veld, het ’n interessante ondersoek ingestel deur in diepte te kyk na die effek van spelterapie op kinders wat mediese sorg ontvang of gehospitaliseer is. Kinders kan maklik oorweldig voel deur operasies en mediese prosedures wat hul gemaksones bedreig, maar spelterapie het ’n groot verskil gemaak. Graham (2015:13) gebruik die term “medical play” (mediese spel). Die manier hoe spelterapie in hospitale gebruik kan word, is onder andere deur vir kinders die geleentheid te gee om die operasie wat op hul eie liggame gedoen gaan word, self met speelgoed uit te voer. Wanneer dit beskikbaar is, word daar selfs vir die kind spesiale speelgoed, wat soos die hospitaalaparate lyk, gegee. Die berader kan selfs die agtergrondgeluide van die teater en die reuk van ontsmettingsmiddels inbring tydens die speelprosedure. Sulke tegnieke kan geondersteun word deur die bevindings dat kinders se denkpatrone te doen het met sensoriese insette (gevoel, gehoor, sig, reuk en smaak) en meer gemaklik hierdeur kommunikeer (Anon., 2023). Hierdie strategie gee vir die kind ’n vorm van beheer, aangesien sommige kinders mag voel dat hulle liggame nie meer hul eie is na die verloop van operasies nie. Verder laat hierdie spelterapie hulle ook toe om verskillende instrumente en apparate te verken en elkeen se funksie beter te verstaan. Die vrese wat die kind dalk mag hê, byvoorbeeld ’n vrees vir skerp voorwerpe, ’n vrees vir harde geluide of ’n vrees vir die mediese personeel, kan deur spelterapie in die lig gebring en oorkom word. Graham (2015:14) is van mening dat kinders se vrese, onsekerhede en ongemak hierdeur kan wegkwyn.

Verder hou speel as terapeutiese tegniek verskeie voordele in, waarvan probleemoplossingsvaardighede en die bevryding van sekere oorweldigende gedagtes net ’n paar is. Probleemoplossingsvaardighede is die gevolg van die kind se kreatiewe denke wat ontwikkel en verbeter om sodoende oplossings in moeilike situasies te kan uitdink sonder vrees vir negatiewe gevolge (Pehrsson & Aguilera, 2007:2). Weereens kom die veilige omgewing wat spelterapie bied in werking. Hofmeyer en Morrison (2008:212) is ook van mening dat speel kinders veilig laat voel aangesien hulle binne-in hul spel met verskeie uitkomste vir probleemoplossing kan eksperimenteer sonder die vrees vir gevolge. Verder ontwikkel kinders hul emosionele vaardighede onbewustelik, aangesien speel, en onder andere spesifiek rolspel, hulle toelaat om empatie toe te pas as ’n poging om hulself in ander se perspektiewe in te leef (Hofmeyer & Morrison, 2008:212).

Fantasiespel, ’n vorm van speel wat by baie kinders waargeneem word, het ’n baie positiewe effek aangesien dit vlakke van aggressie verlaag en positiewe gevoelens verhoog. Die gebruik van metafore en temas is dikwels teenwoordig wanneer kinders speel. Alhoewel dit nie altyd die norm is nie, kan dit waargeneem word, byvoorbeeld wanneer ’n seuntjie sy draakspeelding gebruik om die dief wat by ’n huis inbreek te verteenwoordig, of die teddiebeer wat sy jonger boetie verteenwoordig. Hierdie metafore bestaan gewoonlik omdat die kind beperk word deur die beskikbaarheid van speelgoed, maar wat

duidelik is, is dat menslike eienskappe aan speelgoed toegewys word. ’n Voorbeeld van ’n tema kan wees waar die protagonis die slagoffer van die antagonis red, of ’n familie se interaksies, of selfs ’n mediese situasie. Hierdie gebruik van metafore en temas dra by tot die vorming van die kind se geloofsisteem (Hofmeyer & Morrison, 2008:212).

Speletjies alleen het ook ’n wonderlike effek op kinders. Om te leer om by die reëls te hou, beurte te maak, en ’n goeie wenner of verloorder te wees, vorm alles deel van waardevolle sosiale vaardighede (Schaefer *et al.*, 2005:34). Deelname aan enige tipe speel kan aanvanklik ook dien as ’n vorm van ontspanning vir kinders, wat soms die begin van traumaverligting is (Schaefer *et al.*, 2005:34).

Spelterapeute verwag nie van kinders om die boodskap, konteks of simboliek binne hul spel verbaal te kommunikeer nie, maar herken liewer dat die probleme wat in die onderbewussyn vasgevang is, na vore kom tydens spel (VanFleet *et al.*, 2010:12). Oorweldigende gedagtes kan gedurende spelterapie in kleiner dele opgebreek word sodat dit makliker hanteerbaar is vir kinders. Hofmeyer en Morrison (2008:212) noem dat hierdie opbreek van oorweldigende gedagtes juis plaasvind wanneer negatiewe ervarings verwerk word en kinders dit gedurende speel opbreek in kleiner dele en daardeur uitdrukking aan negatiewe gevoelens gee.

> In research specifically on trauma, play therapy has shown positive outcomes for children who have experienced domestic violence, refugee experiences, sexual abuse, and natural disasters. In all of these studies, researchers noted that play therapy allowed children to work through their own unique reactions and perceptions to the traumatic experiences through an empathic therapeutic relationship with a skilled play therapist and the ability to express themselves through their developmental language of play (Malchiodi, 2020).

Daar bestaan verskeie tegnieke vir kinders om wel tot op hierdie punt van verwerking te kom. Die hulpverlener kan vir die kind voorsê waarmee of hoe om te speel, byvoorbeeld deur te sê, “Wys vir my wat gebeur by die huis”; dan word daar ’n pophuis beskikbaar gestel (Pietrangelo, 2019). ’n Ander tegniek kan wees om die kind te vra om ’n storie te vertel, en dan die gevoelens en versteekte trauma wat na vore kom, waar te neem (Pietrangelo, 2019).

### 2.5.2 Tipes spelterapie

Daar bestaan verskillende benaderings tot terapeutiese speel. Andrews (2010:3) noem twee van hierdie benaderings, naamlik direktiewe en nie-direktiewe spelterapie. In direktiewe spelterapie stuur die spelterapeut die sessie in ’n gewenste rigting wat dikwels die rigting van die probleem is. Die hulpverlener neem die leiding en gee die nodige rigting, struktuur en interpretasie (VanFleet *et al.*, 2010:13). Dit kan geskied deur ’n storie te lees wat ooreenstem met die kind se traumatiese ervaring, of deur te vra dat hy/sy ’n prentjie teken wat te doen het met die probleem. Nie-direktiewe spelterapie

maak plek vir die kind om self sy/haar storie te vertel deur met enige speelgoed te speel op enige manier. Hier let die hulpverlener mooi op na die boodskap wat oorgedra word deur die kind se spel en die tipe speelgoed wat gekies word (Andrews, 2010:3).

Humble *et al.* (2018:365-366) se joernaalartikel sluit aan by Andrews se onderskeid tussen direktiewe en nie-direktiewe spelterapie en noem dat nie-direktiewe spelterapie die meer populêre benadering is, maar ook dat daar nie genoeg studies bestaan om te bewys dat dit die beste resultate bied nie.

Direktiewe spelterapie vereis natuurlik meer struktuur en daarom bestaan daar verskeie vorms van direktiewe spelterapie, naamlik kognitiewe gedragspelterapie, vrylating-spelterapie en ander ekspressiewe aktiwiteite wat vorms van speel insluit (VanFleet *et al.,* 2020:13). Met kognitiewe gedragspelterapie is die oortuiging dat daar 'n samehangende verhouding tussen gedagtes, situasies, emosies en gedrag is, en dat 'n individu se gedagtes die koers van sy of haar emosies en gedrag bepaal (VanFleet *et al.*, 2010:13). Speelmateriaal word gekies gebaseer op die probleem waarmee die kind worstel en die klem word, deur middel van kreatiewe aktiwiteite, geplaas op selfbeheersing, verantwoordelikheid vir eie aksies en die verandering van slegte gedrag (VanFleet *et al.*, 2010:13).

Vrylating-spelterapie word dikwels gebruik vir kinders wat trauma beleef het. Die kinders word eers toegelaat om aan vryspel deel te neem soos hulle wil en daarna stel die hulpverlener speelgoed aan die kind voor wat spesifiek aansluit by die traumatiese gebeurtenis (VanFleet *et al.*, 2010:14). Dit laat die kind toe om die negatiewe emosies en herinneringe wat met die gebeurtenis geassosieer word, binne 'n veilige omgewing te verwerk. Hierdie benadering bou voort op die fondasie wat gelê is deur David Levy (1976) – die oortuiging dat wanneer kinders die geleentheid gebied word om te speel, hulle op 'n ekspressiewe manier ontslae kan raak van ongewenste gevoelens (VanFleet *et al.*, 2010:14). Ander terapeutiese aktiwiteite wat speel insluit is onder andere storievertelling, biblioterapie, kunsterapie, rolspel en musiekterapie, wat almal ook beskou word as direktiewe spelterapie, aangesien die hulpverlener in beheer is van die koers en struktuur van die spel (VanFleet *et al.*, 2010:14).

Sandbakterapie is nog 'n bekende tegniek vir direktiewe spelterapie. Kinders word aangemoedig om hul eie miniatuurwêreld te skep deur klein voorwerpe (byvoorbeeld speelgoedmense, -dokters en -diere) binne die sandbak te plaas en scenarios uit te beeld. Hierdie intervensie skep vir kinders die geleentheid om met behulp van metafore en simboliek hul eie persoonlike situasies uit te beeld in 'n nie-bedreigende manier en binne 'n nie-bedreigende omgewing (VanFleet *et al.*, 2010:15).

Spelterapie kan ook samewerkend geskied – nie net tussen die kind en die hulpverlener nie, maar ook tussen die kind en sy/haar gesin. Dit wil sê dat dit wat die kind kommunikeer nie apart staan van die gesin nie. Om 'n beter begrip van die kind te hê, sal dit voordelig wees om 'n goeie verstaan van die kind se gesin te hê (Sories *et al.*, 2015:216). Om hierdie rede het spelterapeute 'n addisionele vorm van

spelterapie ontwikkel, naamlik familiespelterapie (VanFleet *et al.,* 2010:13). Hierdie vorm van terapie fokus op die ondersteuning van die ouer-kind verhouding deur vir die ouers vaardighede aan te leer waarmee hulle hul kinders kan help om gedragsprobleme en tekortkominge in hul verhoudings reg te stel (VanFleet *et al.,* 2010:13).

Daar bestaan verskeie tegnieke wat dieselfde doel het (maar anders benoem is) aangesien spelterapie regoor die wêreld uitgebrei is deur verskillende terapeute. Schoeman en Van der Merwe (1996:139) bespreek tegnieke van spelterapie wat dien as instrumente en riglyne binne die sessies, byvoorbeeld ontspanningspel, assesseringspel, dramaspel, kreatiewe spel en bibliospel. Ontspanningspel se enigste doelwit is om spanning te verlig (De Kock, 2003:17). Hier kan kinders teken, musiekinstrumente bespeel, legkaarte bou of selfs met troeteldiere speel. Assesseringspel ontwikkel die kind se vaardighede en ondersoek sy/haar fases van ontwikkeling. Speletjies soos slangetjies en leertjies, "pick-up sticks" en onvoltooide sinne word gebruik (Schoeman & Van der Merwe, 1996:140). Dramaspel is die terapie waar familielewe hermodelleer word, waar daar byvoorbeeld uitdrukking aan woede gegee word en enige traumatiese situasies verwerk word. Die sandbak is 'n populêre tegniek by dramaspel en daarmee saam verskillende tipes poppe, onder andere speelgoed-diere, -mense, -dokters en -polisiemanne. Kreatiewe spel is gemik op tasbare materiaal wat gebruik word om van negatiewe gevoelens ontslae te raak. Klei, sand, water, verf, en houtblokkies kan hier gebruik word. Bibliospel is 'n tegniek gerig op die insigontwikkeling van die kind in sy/haar eie situasie en die verwerking van gevoelens (Schoeman & Van der Merwe, 1996:140). Tydskrifte, dagboeke en strokiesprente word by laasgenoemde gebruik (Landreth, 2002:30).

Speel strek ook verder as bloot 'n vorm van kommunikasie. Verskeie spelterapeute is van mening dat speel op sigself dien as terapie (VanFleet *et al.*, 2010:12). Nie net is speel 'n effektiewe kommunikasiemiddel vir kinders nie, maar dit oorkom vrese vir terapie, aangesien dit in 'n veilige omgewing plaasvind waar kinders hulself kan wees (Peabody & Schaefer, 2019:5). Met verwysing na die bogenoemde stelling moet die speelkamer ook 'n aantreklike plek vir kinders wees. Maria Adcock, die outeur van verskeie kinderboeke, is van mening dat kinderpeuselhappies juis in helderkleurige verpakking geplaas is om kinders te lok (Adcock, 2018). Adcock (2018) vertel ook watter positiewe uitwerking helder en kleurvolle objekte op 'n kind se bui kan hê. Die navorser kan hieruit sien dat hierdie wenke geïmplementeer kan word in die opset van die speelkamer.

### 2.5.3 Gevallestudies as illustrasies van spelterapie

De Kock (2003:17) het in haar tesis, "*Social work, play therapy and children with learning disabilities"*, gevind dat spelterapie spanning kan verlig. Dit kan duidelik gesien word vanuit die volgende gevallestudie wat aangehaal word.[5] Navorser gee vervolgens vrye vertalings van al die gevallestudies.

> Ryan (6) was 'n kind betrokke by spelterapie saam met 'n terapeut. Sy graad 1-onderwyser het hom verwys omdat hy heeltemal onbeheerbaar was tydens klastyd. Hy was vir sowat twintig sessies by die spelterapeut, maar hy het nie weer gepraat na die eerste keer toe hy homself voorgestel het nie.
>
> Ryan was ietwat aggressief tydens sessies. Hy het die "bop bag" ('n opblaas-slaanslak wat weer regop staan na 'n hou) geslaan en pyle na verskeie voorwerpe geskiet in die kamer. Van daar af het hy in elke opeenvolgende sessie 'n boks speelgoed geneem met soldate in en hulle rustig op die vloer begin uitpak om 'n gevegstoneel te skep. Hy het dit met elke sessie gedoen, sonder om 'n woord te sê. Die terapeut was verwonderd en geïnteresseerd in hierdie konstante herhaling.
>
> Na die 17de sessie het die terapeut die onderwyser gekontak om vas te stel of Ryan enigsins verbeter het in sy gedrag. Tot haar verbasing het die onderwyser genoem dat Ryan soos 'n heel nuwe kind begin optree het, hy het die klasreëls gevolg, sy hand op gesteek in plaas daarvan om uit te skree in die klas, en sy aggressiewe optrede teenoor maats het verdwyn. Daar kan natuurlik baie hipoteses gevorm word oor wat Ryan se verandering teweeg gebring het, maar die terapeut het verstaan dat die verandering in hierdie 6-jarige seuntjie plaasgevind het binne elke sessie, terwyl hy selfgerigte spel geniet en homself net eenvoudig aanvaar binne elke sessie.

Daar bestaan verskeie tegnieke vir kinders om wel tot op die punt van verwerking te kom. Die terapeut kan vir die kind voorsê waarmee of hoe om te speel, byvoorbeeld deur te sê, "Wys vir my wat gebeur by die huis" en 'n pophuis beskikbaar stel (Pietrangelo, 2019). 'n Ander tegniek kan wees om die kind te vra om 'n storie te vertel, en dan dop te hou watter gevoelens en versteekte trauma na vore kom (Pietrangelo, 2019).

'n Verdere voorbeeld waarin die positiewe uitwerking van nie-direktiewe spelterapie uitgebeeld word, kom duidelik voor in die volgende gevallestudie[6].

---

[5] Gevallestudie gehaal uit *Child-Centered Play Therapy* (VanFleet *et al.*, 2020:16-17).

[6] Gevallestudie gehaal uit *Play Therapy: An Illustrative Case* (Senko & Bethany, 2019).

S.H. was ’n 7-jarige dogtertjie wat baie traumatiese ervarings in haar familie beleef het. Haar ouma het skielik doodgegaan; en haar pa het kort daarna ’n baie ernstige besering opgedoen by sy werk. Sy het hierna begin om nagmerries te kry en geweier om van haar ouers weg te gaan. S.H. het selfs geweier om skool toe te gaan en wanneer sy by die huis was, het sy kort-kort gaan seker maak dat al die deure van die huis gesluit is, uit vrees dat nog iets sleg sou gebeur.

In die eerste sessie moes S.H. se ma die heeltyd teenwoordig wees. Sy het elke keer, wanneer die spelterapeut direk met haar sou praat, haar gesig in haar ma se arm begrawe. S.H. het wel, soos die drie binne die speelkamer gesit en gesels het, die speelgoed raakgesien. Sy het na die pophuis toe gestap, elke pop opgetel, bewonder en begin speel. Na die eerste sessie het die spelterapeut en haar ma vir S.H. gehelp om die speelkamer op te ruim.

Die doelwit van die eerste sessie was om die kind gemaklik te laat voel en ’n warm, veilige omgewing vir S.H. te skep. Die 7-jarige het vryheid gehad om met enige van die speelgoed te speel.

S.H. was tot en met haar derde sessie nog nie gereed om haar ma se sy te verlaat nie, maar met haar vierde sessie het sy met haar aankoms haar ma se hand gelos en opgewonde na die pophuis in die speelkamer gehardloop. Haar ma het uitgeglip en die spelterapeut het geobserveer hoe S.H. tussendeur haar gespeel ’n pop neem, vir haar ’n band uit lap maak en dit om die pop se regterskouer bind.

Wanneer kinders negatiewe emosies ervaar wat hulle nie noodwendig kan of mag uitdruk in die werklike lewe nie, verplaas hulle gereeld hierdie gebeure en gevoelens op speelgoed sonder enige vrees vir gevolge; daarom het S.H. teenstrydige gevoelens oor haar pa se besering op die pop geplaas en dit op haar eie gefantaseerde manier “vertroos” (Senko & Bethany, 2019:38).

Nadat S.H. die pop in die bedjie geplaas het, het sy vir die spelterapeut ook ’n pop gegee en gesê, “Hierdie is die baba. Die baba moet klaar maak vir skool, anders gaan sy laat wees!” Sy het toe nog ’n pop opgetel, genoem dat dit die mamma is en gesê, “Jy moet klaar maak vir skool anders gaan jy laat wees! Wees nou ’n groot meisie en maak klaar.” Dit is toe dat sy vir S.H. sê sy dink dat die baba dalk bang en benoud voel om haar pappa alleen by die huis te los. S.H. het na die terapeut gekyk, die beseerde pop opgetel en gegooi tot oorkant die kamer. Sy gebruik toe die geleentheid om te reflekteer op S.H. se emosies

en te sê, “Ek kan sien jy was nou kwaad. Ek raak ook soms kwaad. Kom ons kyk of ons daaraan kan werk om woede te wys en steeds veilig te wees.”

Met nie-direktiewe spelterapie (wat hier gebruik word) is dit belangrik dat die spelterapeut gedurende sessies wag dat die kind self binne sy/haar fantasiespelterapie uitdrukking gee aan emosies en eers dan kan die terapeut die geleentheid gebruik om fantasie met werklikheid te verbind (Senko & Bethany, 2019:39). Die terapeut het dit gedoen deur te verwys na S.H. se aksies om dit aan interne emosies te koppel. Hierdie tegniek kan lei tot emosieregulasie, asook meer gepaste reaksies op emosies (Senko & Bethany, 2019:39).

In S.H. se twaalfde sessie, het die beseerde pop steeds in die bed bly lê en S.H. het in haar speel uitgebeeld dat die mammapop die baba geïgnoreer het. Die spelterapeut het kommentaar daarop gelewer: “Die babapop mis haar pa en wens hy kon weer met haar speel. Sy is lief vir haar ma, maar sy verlang na haar pa en hoop net dat hy gesond sal word.” S.H. tel toe die mammapop op en sê: “Ek verlang na jou ook.” Daarna het sy voortgegaan om uit te beeld hoe die ma die baba na die parkie toe neem, vir haar aandete gee en help regmaak vir bed. Hierna het sy gesê: “Dankie dat jy met my gespeel het. Dit was so lekker en Pappa is nog heeltemal reg daar by die huis.”

Tydens nie-direktiewe speel volg die spelterapeut bloot die leiding van die kind deur een van die karakters te wees, of ’n buitestaander wat kommentaar lewer op wat binne die spel gebeur, soos in hierdie gevallestudie. Hierdie fantasiespel laat kinders toe om beheer te hê oor situasies wat passief in die werklike lewe ervaar word (Senko & Bethany, 2019:40). S.H. het nie beheer gehad oor haar pa se besering, die afsterwe van haar ouma of die stres wat dit haar gesin veroorsaak het nie. Binne hierdie speelscenario het S.H. die konsep gedemonstreer om iets wat passief is na iets aktief te verander. Sy het op hierdie gebrek aan beheer gereageer deur ’n aktiewe rol in die spel te demonstreer: sy het die pop getroos en "reggemaak". S.H. het dus haar passiewe rol as ’n bang, hulpelose kind wat nie haar beseerde pa kan help nie, verander (Senko & Bethany, 2019:40). Sy het ook gedemonstreer dat sy wens dat haar ma vir haar sou sorg in ’n aktiewe rol deur dit uit te speel. Sy het in werklikheid bang en angstig gevoel, maar in die spel kon sy die volwassene wees wat vir haar en haar gesin gesorg het – dit het vir haar beheer gegee oor haar situasie. S.H. as 7-jarige was nie in staat om die onderliggende redes vir haar vrees en angs te verbaliseer nie. Verplasing deur middel van speel het haar egter toegelaat om ongewenste gevoelens uit te druk. Met behulp van haar hulpverlener kon sy die situasie bemeester deur die interne konflik te identifiseer: die begeerte om deur haar ma versorg te word en die vrees dat hierdie begeerte tot verdere skade van haar pa sou lei (Senko & Bethany, 2019:40).

Spelterapie is ’n benadering wat emosionele regulasie bevorder en terselfdertyd terapeutiese voordele inhou. Wanneer kinders hulself binne ’n veilige omgewing soos die speelkamer bevind, kan hulle deur fantasie, verplasing en verbeelding kommunikeer. Na verloop van tyd kan die hulpverlener uiteindelik sien hoe fantasie en die werklikheid verbind en word die kind bemagtig deur korrektiewe intervensie wat blywende effekte kan hê (Senko & Bethany, 2019).

Simboliese speel kom gereeld voor in nie-direktiewe spelterapie en dit kan gewoonlik duidelik raakgesien word deur die hulpverlener. Die volgende is nog ’n voorbeeld van ’n gevallestudie waar simboliese speel voorkom[7].

> ’n 11-jarige dogter het saam met haar ma gespeel tydens ’n spelterapie-sessie. Tydens een van die sessies het die meisie ’n begrafnistoneel op die swartbord geteken, wat haar ouma se kis by die graf uitbeeld. Sy het die pastoor wat die diens lei, haar ma, en haarself geteken, maar sy was die enigste een met trane wat oor haar gesig gestroom het. Toe die ma haar dogter se tekening sien, het haar oë vol trane geword. Die meisie het omgedraai en haar ma gevra hoekom sy nooit gehuil het toe haar eie ma gesterf het nie. Die ma het gereageer deur te sê dat sy gevoel het sy moet sterk wees vir haar dogter. Hierna het die twee mekaar binne die speelkamer vasgehou en saam gehuil. Aan die einde van die sessie het die meisie na die swartbord gegaan en die prentjie verander na haar ouma se kis wat in die grond begrawe word. Dit was vir die terapeut en die ma duidelik dat die 11-jarige nie simbolies haar ouma kon begrawe nie, totdat sy geweet het dat sy en haar ma saam oor die verlies rou (VanFleet *et al.*, 2010:15-16).

Nie-direktiewe spelterapie is baie algemeen en hulpverleners vind dat dit ’n baie effektiewe terapie is, aangesien kinders die leiding neem en die geleentheid het om self te kommunikeer (VanFleet *et al.*, 2010:15-16). Die volgende is ’n gevallestudie gehaal uit ’n navorsingsartikel deur Denise Maas (1997)[8].

> Bobby, ’n 8-jare seun, was betrokke in ’n motorongeluk waarin sy ma verongeluk het en sy pa verlam is. Sy ouer sussie was ook in die motor, maar sy het slegs geringe beserings opgedoen. Bobby was die enigste een wat by sy volle bewussyn was deur die afloop van die gebeurtenis. Hy het met verskeie gedragsprobleme geworstel, wat die terapeut glo die gevolge was van opgehoopte en onverwerkte emosies. Hy was ook baie bang vir karre en rondreis. Die terapeut het direktiewe spelterapie toegepas en vir Bobby aangemoedig om poppe in karretjies te laat rondry. Sy het hom gevra watter pop hy was, en daarna het sy in gesprek met hom getree deur te vra watter dele van die karretjie hy self beheer oor het, en

[7] Gevallestudie gehaal uit *Child-Centered Play Therapy* (VanFleet *et al*., 2010:15-16).
[8] Gevallestudie gehaal uit *Rebuilding little lives: using play therapy with traumatized Children* (Maas, 1997:10-14).

watter dele nie. Dit het vir Bobby, wat homself nie as die bestuurder geïdentifiseer het nie, maar liewer bloot 'n passasier, laat besef dat hy nie beheer gehad het oor wat gebeur het nie.

Hierdie gevallestudies werp duidelike lig op die voordeel wat speel inhou vir die kommunikasie tussen die hulpverlener en die kind. Speel help die kind om insig te verkry in hulle eie worstelinge en emosionele pyn, alhoewel hulle dit nie kan verbaliseer nie. Die gevallestudies het direktiewe en nie-direktiewe begeleiding beskryf, en die navorser is van mening dat die keuse tussen hierdie twee benaderings sal afhang van die hulpverlener, die kind en die probleem wat verwerk moet word.

## 2.6 KONKLUSIE

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om deskriptiewe insigte te verkry in die agtergrond en kultuurhistoriese ontwikkeling van speelbegeleidingsmetodes in die pastorale beradingswetenskapveld, asook in ander hulpverleningswetenskappe. Die eerste studies oor kinderpsigologie, gedoen deur Sigmund Freud en Carl Jung in 1909, het die fondasie gelê vir die ontwikkeling van verskeie hulpverleningstegnieke, waarvan spelterapie een is. Hermine Hug-Hellmuth was een van die kundiges wie se navorsing hierop voortgebou het en sy het in 1921 vir die eerste keer die term "spelterapie" gebruik. Tog word Virginia Axline beskou as die moeder van spelterapie, aangesien sy waardevolle bydraes gemaak het tot die veld toe sy ontdek het dat die hulpverlener se onvoorwaardelike omgee kinders help om hul emosies te eksploreer en uit te druk in 'n veilige omgewing. Vandag bestaan daar verskeie spelterapie-instansies regoor die wêreld waar kinders emosionele ondersteuning verkry deur noukeurig beplande intervensies. Opleiding word ook gebied om te verseker dat spelterapeute goed toegerus is.

'n Volwassene se lewe lyk baie anders as die lewe van 'n kind; tog is dit volwassenes wat die verantwoordelikheid het om kinders te help. Terapie en genesing kan nie plaasvind sonder kommunikasie nie – en kommunikasie met kinders vereis dat die hulpverlener bereid is om tot op die kind se vlak te daal en hul "taal" te praat. Speel is 'n aktiwiteit wat deel was van die kind se lewe voor die traumatiese gebeurtenis. Na die gebeurtenis is die wêreld van speel 'n veilige en bekende omgewing waar kinders vrylik kan kommunikeer, emosies kan uitdruk en verligting van trauma kan kry. Spelterapie kan direktief of nie-direktief geskied. Direktiewe spelterapie vind plaas wanneer die hulpverlener die sessie in 'n gewenste rigting stuur en daarenteen bied nie-direktiewe spelterapie vir die kind die geleentheid om vrylik te speel. Spelterapie kan gebruik word binne 'n wye verskeidenheid situasies, onder andere na 'n traumatiese gebeurtenis, om gedragsprobleme reg te stel, om kinders voor te berei vir groot mediese prosedures, of selfs om sosiale vaardighede op te bou. Speel is 'n kreatiewe vorm van terapie en hulpverleners kan gebruik maak van speletjies, storievertelling, biblioterapie, kunsterapie, rolspel, musiekterapie, en vele meer binne die speelkamer. Om vir kinders die geleentheid

te bied om te speel, beteken dat hulle toegelaat word om hul omgewing van veiligheid, gemak en kommunikasie te betree waar gedagtes en gevoelens wat te oorweldigend was om te verbaliseer, deur middel van speel uitgebeeld kan word. Verskeie kenners is van mening dat speel op sigself dien as terapie en baie hulpverleners kan uit ervaring getuig dat om speel deel te maak van terapie effektief en belowend is om deurbrake vir die kind te verseker.

# HOOFSTUK 3

# INTERPRETATIEWE INLIGTING VANUIT INTRA- EN INTERDISSIPLINÊRE STUDIEVELDE

## 3.1 INLEIDING

Daar bestaan verskeie terapeutiese hulpverleningsbenaderings waarvan praktisyns en navorsers gebruik kan maak. ’n Intradissiplinêre benadering sluit die saamsmelt van kennis en beginsels binne een spesifieke veld in. Kenners binne pastorale berading deel metodes, verleen hulp en implementeer tegnieke wat binne hierdie klein sirkel gedeel word (Awan, 2022). Die nadeel in ’n intradissiplinêre benadering is dat praktisyns dikwels slegs vaskyk teen dit wat hulle reeds weet, in plaas daarvan om nuwe, innoverende beginsels toe te pas (Hepler, 2022).

Daarenteen is ’n interdissiplinêre benadering die oortuiging dat ’n enkele dissipline voordeel kan trek uit die implementering van beginsels, tegnieke en bevindings vanuit ’n reeks dissiplines (Awan, 2022). Interdissiplinêre benaderings is bevind om meer effektief te wees as multidissiplinêre benaderings, waar tegnieke en beginsels nie oorvleuel nie (Meel & Lehtsaar, 2017). Die voordeel van ’n interdissiplinêre benadering is dat dit ’n wye reeks perspektiewe bied en die hulpverlener in staat stel om bystand te verleen aan diverse groepe, asook om algemene probleme op nuwe maniere aan te pak.

Dit is belangrik dat die hulpverlener sy/haar eie beperkings en die teikengroep/individu se behoeftes in ag neem wanneer doelwitte saamgestel word, om sodoende te kan identifiseer wanneer interdissiplinêre benaderings nodig is (Awan, 2020). Die navorser het inligting vanuit die velde van opvoedkunde, sielkunde en neurowetenskappe verkry ter ondersteuning van die beantwoording van die sekondêre navorsingsvraag, watter interpretatiewe inligting kan vanuit intra- en interdissiplinêre studievelde gevind word in terme van speelterapie as effektiewe tegniek vir kinderbegeleiding binne ’n pastorale raamwerk? Dit is belangrik om ook te fokus op die emosionele en geestelike gesondheid van kinders wat aan trauma blootgestel was en watter rol speel in die innerlike genesingsproses van kinders het.

## 3.2 DIE EMOSIONELE BEHOEFTES VAN KINDERS

### 3.2.1 Trauma en kinders

Terr (1991:10-18) beskryf trauma as ’n eksterne gebeurtenis wat op twee maniere manifesteer; eerstens in die vorm van ’n skielike traumatiese ervaring, en tweedens as ’n post-traumatiese ervaring wat voortdurend in die persoon se geheue herhaal word.

> We propose that what turns an experience to be traumatic is not only the interruption of information processing, but the activation of a maladaptive process, i.e., trauma is a threatening experience which turns an adaptive process to a maladaptive one (Sar & Ozturk, 2006:7).

Verder definieer Fischer en Riedesser (1999) trauma as die ervaring van inkonsekwentheid tussen bedreigende faktore en individuele hanteringsvermoë. Trauma ontstaan dus wanneer die persoon of kind nie oor die emosionele vermoë beskik om ’n bedreiging of gebeurtenis te kan hanteer en verwerk nie.

#### 3.2.1.1 Verskillende tipes trauma

Volgens Allarakha (2021) kan daar tussen drie tipes trauma onderskei word, naamlik akute trauma, kroniese trauma en komplekse trauma. Akute trauma is ’n algemene eenmalige gebeurtenis wat kort na die gebeurtenis opklaar. Dit word dikwels ondervind as gevolg van iets soos ’n motorongeluk of ’n rooftog. Kroniese- en komplekse trauma word veroorsaak deur ’n verskeidenheid ervarings wat herhaal word. Dit kan die gevolg wees van iets soos ongewenste huislike omstandighede waar daar ’n bose kringloop is, byvoorbeeld geweld, alkoholmisbruik, of seksuele mishandeling, om net ’n paar te noem. Coetzer (2015:20), outeur van talle pastorale beradingsboeke en -handleidings, is ook van mening dat kroniese en komplekse trauma ’n massiewe impak op ’n persoon se volwasse jare kan hê – indien dit onverwerk gelaat word. Sulke trauma is gevaarlik en moet gekonfronteer word om negatiewe gevolge en toekomstige probleme te vermy.

#### 3.2.1.2 Statistieke rakende trauma onder kinders

Die “Adverse Childhood Experiences” (ACE) wat in San Diego plaasgevind het, is een van die grootste studies wat ooit gedoen is oor trauma. Hierdie studie is georganiseer deur Dr. Vincent Felitti, Dr. Robert Anda en die CDC (“Centers for Disease Control and Prevention”). Dit is uitgevoer tussen 1995 en 1997 met die doel om trauma wat plaasgevind het tydens die deelnemers se kinderjare se effek tydens hul volwasse jare te bepaal (Felitti *et al*., 1998:245). ’n Vraelys waarin 7 kategorieë van ongunstige kinderervárings gelys is, is aan 13 494 volwassenes gepos, met die resultaat dat 52.1% van die deelnemers tenminste een kategorie van *ACE*-trauma as kinders beleef het en ’n verdere 25% het twee of meer kategorieë van trauma beleef. Na afloop van hierdie navorsing, is daar vasgestel dat trauma vanaf die kinderjare wat onverwerk gelaat word, ’n groot effek het op die gesondheid van die volwassene. Gesondheidsprobleme en selfs die dood kan gevolge wees van onverwerkte trauma (Felitti *et al*., 1998:255). In 2005 het die WHO (“World Health Organization”) gestaaf dat 20% van alle kinders onder die ouderdom van 18 jaar regoor die wêreld worstel met geestesiektes (Hofmeyer & Morrison, 2008:210). In 2021 het die WHO meer onlangse statistieke vrygestel wat wys dat 1 uit elke 7 kinders

tussen die ouderdom van 10 en19 jaar geestesiektes ervaar (WHO, 2021). Hierdie syfer kan natuurlik hoër wees indien kinders onder die ouderdom van 10 ook ingesluit word.

In die VSA is 1 uit elke 6 kinders tussen die ouderdomme van 2 en8 jaar geneig om geestesiektes te hê (CDC, 2023).

Ongeveer 20% van kinders en adolessente tussen die ouderdom van 3 en 17 in die VSA het ’n geestelike-, emosionele- of gedragsversteuring. Selfmoordneigings onder hoërskoolleerders het in die dekade voor 2019 met ’n skokkende 40% toegeneem (CDC, 2023).



Figuur 1 gehaal uit webtuiste: Centers for Disease Control and Prevention.
https://www.cdc.gov/childrensmentalhealth/data.html

In Engeland se statistieke kan daar ’n duidelike styging gesien word in geestesiektes onder kinders tussen die ouderdomme van 7 en 16 jaar. In 2017 het 12.1% van kinders in hierdie ouderdomsgroep geworstel met geestesiektes en in 2020 het die syfer gestyg na 16.7% (Newlove-Delgado *et al.*, 2022).

“Fifth Street Counselling Center VI” is ’n geregistreerde, funksionerende beradingsinstansie in Florida waar die belangrikheid van kinderberading uitgelig word. In ’n onlangse berig het die instansie gestaaf dat berading kinders help om emosies te reguleer, stres te hanteer en lewensveranderinge wat mag plaasvind te hanteer (Fifth Street Counseling Center IV, 2020). Kinders benodig dikwels berading in gevalle waar boeliery, egskeiding, depressie, angs, traumatiese ervarings of abnormale optrede van die kind ter sprake is (Fifth Street Counseling Center IV, 2020).

Die “Substance Abuse and Mental Health Services Administration” (SAMSHA) is ’n Amerikaanse agentskap wat deel vorm van die Departement van Gesondheid en Menslike Dienste en hul rol is om die gedragsgesondheid van die land te bevorder deur publieke gesondheidspogings. Volgens hulle statistiek wat in 2022 opgedateer is, is dit bewys dat 66% van kinders tenminste een traumatiese gebeurtenis ervaar het voor die ouderdom van 16 (SAMSHA, 2022).

In 2016 het die UBS (“Union Bank of Switzerland”) Optimus Fondasie ’n Suid-Afrikaanse studie gedoen oor kindermishandeling (Artz *et al.*, 2016:15). Die mishandeling sluit in fisiese-, emosionele-,

seksuele- of verbale mishandeling, of selfs verwerping. Die studie is uitgevoer deur kinders (persone onder die ouderdom van 18) by geselekteerde skole vraelyste te laat invul. Die resultate het getoon dat meer as 40% van jongmense mishandeling iewers in hul kinderjare ervaar het (Ward *et al.*, 2016). Die Abraham Kriel-Kinderhuis in Modimolle (Nylstroom) het in 2020 ’n memorandum aan die president oorhandig wat die slagoffers van kindermishandeling verteenwoordig (Nanni, 2021). ’n Jaar later het die kinderhuis weer ’n brief aan die president gerig, maar tot dusver steeds geen terugvoer ontvang nie. Die brief staaf dat 24000 kinders seksueel aangerand is en 943 vermoor is tussen 2019 en 2020. Die tweede brief is afgesluit met die volgende:

> Dit is vir my so belangrik dat jy sien wat ek moes verduur. Dit is vir my so belangrik dat jy die vriende sien wat ek verloor het. Oom Cyril, omdat dit vir my so baie saak maak, bring ek hierdie jaar vir jou weer ons memorandum. En hierdie jaar, om die herdenking van ons memorandum te vier, bring ek ook ’n koek. Daar word vertel dat toe die Franse koningin Marie Antoinette met die lyding van haar mense gekonfronteer was, het sy hul honger met die woorde ‘laat hulle koek eet’ verwerp. Oom Cyril, wanneer jy voor die lyding van Suid-Afrikaanse kinders te staan kom, sal jou antwoord dieselfde as hare wees? Groete, die Suid-Afrikaanse kind (Nanni, 2021).

Hierdie koek het een kers op gehad wat Cyril Ramaposa se jaarlange stilswye verteenwoordig. Die kinderhuis meen die president se stilte verdiep die kinders se wantroue in ’n stelsel wat veronderstel is om hulle te beskerm (Nanni, 2021).

Verder staar maatskaplike werkers in Suid-Afrika ook baie uitdagings in die gesig. In die Wes-Kaap word sommige kantore gedwing om te sluit as gevolg van te min staatsfinansiering (Damons, 2023). Die finansies wat aan hierdie instansies verskaf word, is baie ver onder die inflasiekoers en dus het sommige maatskaplike werkers in sowat 5 jaar nie ’n verhoging gekry nie. Georeen van Rensburg, provinsiale direkteur van Kinderwelsyn in Suid-Afrika, noem dat maatskaplike werkers soms sal werk met ’n kind wat trauma ervaar het, maar wanneer daar ’n beter werksgeleentheid opduik, sal die werker bedank en die saak verlaat voordat die probleem opgelos is (Damons, 2023). Die maatskaplike werkers wat aangestel is by sulke instansies raak al minder en talle betrokke persone is van mening dat die sektor op breekpunt is.

Suid-Afrika se statistieke in terme van die geestesgesondheid van kinders is skokkend. In 2022 het ’n meningspeiling in Pretoria, aangebied deur UNICEF, aangedui dat 73% van alle kinders en jongmense erken het dat hulle ’n behoefte gehad het aan geestesgesondheidondersteuning en sowat 38% het aktief na hulp gesoek (Fricker, 2022). Volgens onlangse misdaadstatistieke in Suid-Afrika, is 319 kinders tussen Oktober 2022 en Desember 2022 vermoor, ’n verdere 488 het pogings tot moord oorleef en 2039 kinders was slagoffers van fisiese mishandeling (SAPS, 2023:13). Hieruit is dit duidelik dat kinders

dieselfde emosionele worstelinge en spanning tydens trauma beleef as wat volwassenes beleef, daarom is die verwerking daarvan net so belangrik soos dit vir volwassenes is.

#### 3.2.1.3 Spelterapie en trauma

Daar bestaan verskeie tegnieke wat toegepas kan word om kinders te help om trauma te verwerk. Volgens Lindberg (2021), ’n outeur vir “Healthline*”*, is spelterapie een van hierdie effektiewe tegnieke. Talle kenners is selfs van mening dat spelterapie een van die mees effektiewe tegnieke is, aangesien dit “die natuurlike wêreld van die kind is” (vry vertaal deur outeur) (Hofmeyer & Morrison, 2008:211).

Alhoewel trauma nie die enigste rede is waarom kinders pastorale berading nodig het nie, is daar ’n wye reeks gebeure wat kan lei tot trauma by kinders, naamlik ongelukke, boeliery/kuberafknouery, disfunksionele huislike omstandighede (geweld, siek familielede, dwelmmisbruik), die afsterwe van ’n familielid, fisiese, emosionele of verbale mishandeling, egskeiding of stres veroorsaak deur armoede (Illinois Childhood Trauma Coalition, 2022). Spelterapie kan dus gebruik word vir die verligting van verskeie probleme onder kinders.

### 3.2.2 Die geestesgesondheid en behoeftes van kinders

Die geestesgesondheid van ’n kind is relevant tot die navorser se onderwerp, aangesien verskeie faktore kan bydra tot ’n geestelike versteuring by kinders. Ongunstige omstandighede in die kinderjare kan die oorsaak wees van swak geestesgesondheid. Mishandeling, die verlies van ’n ouer, egskeiding en ernstige siektes onder ouers kom dalk voor as algemene, normale situasies, maar dit affekteer kinders se geestesgesondheid aansienlik (Felman & Tee-Melegrito, 2022).

“Mental health is not simply the absence of a mental disorder” (Galderisi *et al.*, 2015). Vir kinders om geestelik gesond te wees beteken dat hulle op ’n gesonde manier emosies kan reguleer, probleme kan oplos en sosiaal kan verkeer. Daarenteen veroorsaak ’n geestelike afwyking die onvermoë om te kan leer, emosies te reguleer of daaglikse take te doen (Galderisi *et al.*, 2015).

Ouers is soms geneig om so te fokus op die fisiese groeistatistieke van hul kinders, dat die emosionele groei van die kind nagelaat word (Ahiana, 2020). Reeds vanaf geboorte het kinders sterk emosionele behoeftes. Dit is die verantwoordelikheid van ouers en hulpverleners om hierdie emosionele behoeftes van kinders te vervul. Volgens die kindersielkundige Meri Wallace het kinders ’n sterk behoefte daaraan om te voel dat hulle emosies in ag geneem word en dat dit belangrik is (Wallace, 2017). Of hierdie behoeftes bevredig word of nie, het ’n groot impak op die kind. Babas het basiese behoeftes, soos veiligheid en koestering, terwyl kleuters (2 tot 3 jaar) empatie nodig het. Die tekort aan empatie is dikwels die rede waarom ’n kind se onvermoë om sy/haar gevoelens uit te druk soms verwar word met ’n woedeaanval (“tantrum”) (Johnson, 2021).

’n Eenvoudige voorbeeld van empatie kan wees om vir ’n kind te sê, “Ek weet dit is moeilik om jou speelgoed te los en te gaan bad.” Dit is ’n stelling wat onnodig voel vir ’n volwassene, maar in daardie oomblik is dit vir die kind belangrik, en dit affekteer sy of haar emosies (Wallace, 2017). Op hierdie ouderdom is dit ook belangrik dat kinders geprys word. Om belangstelling en trots te wys vir byvoorbeeld kunswerke, het ’n langtermyneffek op die vestiging van ’n kind se selfbeeld (Johnson, 2021); hierdie stelling dra by tot die beginsel van prys in die speelkamer wat genoem word deur Senko en Bethany (2019). Dit word onder die navorser se aandag gebring dat om te prys binne die omgewing van hulpverlening belangrik is.


Wanneer kinders tussen 4 en 12 jaar oud is, is hulle in die leerfase. Dit word aanbeveel dat ouers en hulpverleners nie altyd voortydige hulpverlening bied wanneer ’n kind sukkel met ’n sekere taak nie, maar dat dit liewer gebruik word as ’n geleentheid om te leer. Hierdie metode dra by tot ’n waardevolle leerkurwe, maar die volgende denkwyse word ook by die kind ontwikkel, “Ek kan dit self doen.” Dit dra by tot die ontwikkeling van die kind se emosionele groei (Mas & Pas, 2023). ’n Voorbeeld hiervan kan gesien word in ’n situasie waar die kind nie sy skoenveters self kan vasmaak nie. In plaas daarvan dat die ouer dadelik hulp aanbied, kan die kind aangemoedig word om self te probeer. Hierin vind die kind selfvertroue en trots. Die navorser sien dat hierdie tegniek ook binne die raamwerk van speel as begeleidingsmetode gebruik kan word deurdat die kind leer om self sy/haar emosies uit te druk en te reguleer. Strategieë kan, deur hierdie kennis aan te wend, geïmplementeer word sodat die hulpverlener die kind aanmoedig om verantwoordelikheid te neem vir sy/haar eie emosies. Kinders op hierdie ouderdom begin ook meer bewus word van die bekommernisse en negatiewe emosies wat volwassenes ervaar. Hierdie gevoelens kan oorweldigend raak, aangesien die kind self min tot geen beheer het oor sulke eksterne gebeurtenisse nie. Sulke emosies kan gereguleer word deur met die kind te praat en hierdie situasies beter te verduidelik; asook om vir die kind te verduidelik hoe hy of sy ’n tipe van beheer oor die situasie kan hê. ’n Voorbeeld hiervan is toe volwassenes gedurig gesprekke gevoer het oor die Covid-19-pandemie. Talle kinders het magteloos en bang gevoel. Deur vir die kind te verduidelik hoe hy/sy veilig kan bly, gee vir hulle ’n gevoel van bemagtiging en beheer. Die probleem voel dan minder oorweldigend (Johnson, 2021). Hierin word daar waardevolle inligting gevind wat die navorser sien as toepaslik binne die situasie van hulpverlening. Deur die kind se kommunikasiemiddel (speel) te gebruik, kan daar oor oorweldigende gedagtes “gepraat” word en die kind kan ’n gevoel van beheer hê oor hierdie gedagtes.

Die koestering van emosionele gesondheid onder kinders hou verskeie voordele in, naamlik beter akademiese prestasie, die vermyding van swak gedrag, die inskerping van empatie, verhoogde selfvertroue en die ontwikkeling van gesonde gewoontes (Mas & Pas, 2023). Dit is dus belangrik dat hulpverleners die emosionele behoeftes van kinders verstaan. “Children’s personalities are beginning to develop as too is their need to be valued as an individual” (Johnson, 2021).

### 3.2.2.1 Kindersielkunde

Ackerman (2018) beskryf vyf doelwitte van terapiesessies met kinders, naamlik (1) bou ’n sterk selfbeeld, (2) verbeter kommunikasievaardighede, (3) dryf gesonde ontwikkeling, (4) bevorder emosionele ontwikkeling en (5) bou ’n emosionele woordeskat. Die navorser herken die waarde van hierdie doelwitte, asook dat dit ’n groot rol kan speel in die uitkomstes van ’n beradingsessie waarin speel gebruik word.

Kindersielkundiges kan verskeie tegnieke voorstel wat spesifiek ontwerp is vir kinders. Om spesifieke aandag te rig op die doelwit “bou ’n emosionele woordeskat” stel Ackerman (2018) die “Feeling Word Game” voor. Dit begin met die kind wat aangemoedig word om al die emosies waaraan hy/sy kan dink, te lys. Die terapeut sal bystand bied indien die kind sukkel met die bewoording en daarna sal die hulpverlener hierdie verskeie emosies elk op ’n kaartjie neerskryf, of slegs prente teken indien die kind te klein is om te lees. Hierna sal die terapeut ’n houer met klippies of “tokens” aan die kind bekend stel en verduidelik dat hulle nou stories gaan vertel. Met elke storie kan die kind besluit watter emosie hy/sy ervaar en dan word die klippie op daardie betrokke emosiekaart geplaas. Beide partye kry die geleentheid om stories te vertel en die doelwit hiervan is om (1) die kind te help om emosies te organiseer en assosieer, en (2) die bal aan die rol te kry om by die probleem uit te kom. “There are many play therapy techniques that have proven to be effective, fun, and engaging for children. The Feeling Word Game is one such technique” (Ackerman, 2018).




Figuur 2 gehaal uit YouTube: "Feeling Word Game" - https://youtu.be/4wwTEbXdkuM



Figuur 3 gehaal uit Positive Psychology.Com - https://positivepsychology.com/child-therapy/

Postiewe plaknotas (*Positive Postings*), soos gesien in Figuur 3, is nog ’n merkwaardige tegniek wat hulpverleners kan gebruik. Hierdie tegniek help om kinders se selfbeeld op te bou (Ackerman, 2018).

Met hierdie tegniek kan die hulpverlener ’n liggaam gebruik wat reeds uitgesny is uit karton, of vir die kind vra om die buitelyne van sy eie liggaam te teken op ’n papier. Hierna word die kind aangemoedig om al sy/haar goeie eienskappe op plaknotas te skryf en dan oral op die liggaam te plak. Hierdie aktiwiteit help die kind om hom-/haarself te assosieer met al daardie goeie eienskappe. Die hulpverlener kan die aktiwiteit selfs ’n stap verder voer deur die kind aan te moedig om te dink aan ’n tyd toe hy/sy kwaad, ongelukkig of teleurgesteld was in hulself. Daarna verwys die hulpverlener na al die goeie eienskappe waarop daar gefokus kan word wanneer die kind so voel (Ackerman, 2018).

Kinders is visuele kommunikeerders en dit is soms makliker om ’n potlood of ’n verfkwas op te tel as om ’n verbale gesprek te voer (Rosal, 1996:1). Kunsterapie het uitgebrei vanuit vroeër psigoanalitiese studies deur sielkundiges Naumburg (1950) en Kramer (1958) wat daarna bevind het dat spontane kuns terapeuties kan wees vir kinders. Marcia Rosal, professor en direkteur van die gegradueerde Kuns-terapie program van die universiteit "Florida State University", asook outeur van "*Approaches to art therapy with children"*, noem dat kuns dikwels meer inhou as wat op die oppervlak vertoon word. Terapeute kan, met agtergrondkennis van kinders se omstandighede, insig kry uit die kuns wat kinders skep. Marcia Rosal gebruik die volgende gevallestudie ter illustrasie van kunsterapie (weereens vry vertaal deur outeur):

> Jeanne (12) se pa het haar gebring vir terapie. Hy was ’n wewenaar, sy vrou is drie jaar terug oorlede en hy het onlangs weer getrou. Hy was bekommerd oor Jeanne, aangesien haar akademiese prestasie afgeneem het, sy het haarself van vriende onttrek en selfs geïsoleer van familielede. Met Jeanne se eerste sessie het sy die geleentheid gehad om enige iets te teken. Alhoewel sy huiwerig was om iets te teken, het sy uiteindelik gekies om ’n pampoen wat op ’n draad sit te skets. Dit was nie onverwags nie, aangesien dit seisoenaal gepas was vir die Halloweenfees. Tog het die terapeut baie meer ingesien in daardie skets. Dit verteenwoordig die dop van ’n objek, al die binnegoed is verwyder, en die pampoen lyk bang en hartseer. Die skets was ’n duidelike voorstelling van Jeanne se gevoelens en optrede oor die afgelope paar maande.
>
> Jeanne het gereeld sessies begin bywoon en na ’n paar sessies het sy al meer bereidwilligheid getoon om deel te neem aan kuns. Sy het selfs voorgestel dat een van die sessies bestaan uit vingerverf. Sy het besluit om ’n blom te verf en soos die sessie verloop het sy al meer openheid getoon om te praat. Jeanne het spesifieke blomsoorte wat by haar ma se begrafnis was geverf en sy het, terwyl sy haar kunswerk voltooi, met die terapeut gesels oor haar ma - hoe sy oorlede is, hoe dit haar laat voel het, en selfs hoe sy dieselfde naam as haar ma het.

Op die oog af mag dit blyk asof hierdie tipe begeleidingstegnieke nie veelseggend is nie, maar vir kinders het dit groot waarde. Deur die kuns word daar op onbewuste vlak uiting aan emosies gegee en kan

verwerking in ŉ veilige ruimte plaasvind. “It was hypothesized that the controlled symbols gave Jeanne the opportunity to express anger and grief in a safe manner. Only after a safety threshold was reached on an unconscious level, was she able to spontaneously express painful feelings” (Rosal, 1996:11).

## 3.3 HOE KINDERS LEER EN VERSTAAN

Anne Babin, ’n student van “Louisiana State University and Agricultural & Mechanical College”, het in 1992 ondersoek ingestel oor die effek wat prente of selfs fotos het op leer en verstaan. Sy het vir haar verhandeling, “*Effects of imagery-eliciting strategies on imagery processing, memory, beliefs, attitudes, and intentions from print advertisements”,* verskeie eksperimente uitgevoer om uiteindelike data en konklusies te trek. Vanuit hierdie data kan dit bevestig word dat kinders beter leer en onthou wanneer hulle aangemoedig word om denkbeeldige prente in hul gedagtes te vorm om sodoende konsepte beter te onthou (Babin, 1992:79). Leer is selfs meer effektief wanneer kinders blootgestel word aan beeldstimuli, soos bewys deur studies en eksperimentele data (Alesandrini, 1982:125-140). Alhoewel die bevindings gebaseer is op onderrig, kan die navorser verwys na die Woord van God wat dien as onderrig en instruksie, “Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek,”(2 Timoteus 3:16-17). Wanneer hierdie kweek van regte lewenswyses en onderrig in die Bybel plaasvind, kan verbeterde leertegnieke binne beradingsessies geïnkorporeer word om kinders se verstaan en geheue te verryk. Die “Godly Play” beweging is ŉ voorbeeld van leer wat plaasvind deur middel van visuele stimulasie.

Kinders se onderrig kan ook deur ander verskeie tegnieke versterk word. Aktiewe betrokkenheid, betekenisvolle aktiwiteite, die verstaan van nuwe konsepte wat gebou word op die basis van reeds bestaande konsepte, die implementering van strategieë, selfregulering, refleksie en verstaan in plaas van memorisering is tegnieke waarvan hulpverleners binne die raamwerk van pastorale berading gebruik kan maak (Vosniadou, 2001). Wanneer kinders aktief betrokke is by ’n taak, kry hulle die geleentheid om te eksploreer en sekere aktiwiteite te bemeester, asook verskeie oplossings te vind. Hulpverleners kan aktiewe betrokkenheid implementeer deur speel te gebruik as die tegniek wat gebruik word om oplossings vir probleemsituasies te eksploreer en moeilike take soos negatiewe emosies te bemeester. Aktiewe betrokkenheid gee vir kinders ook ’n gevoel van beheer (Vosniadou, 2001:8).

Vosniadou (2001:11) het gevind dat kinders beter leer en verstaan wanneer hulle blootgestel word aan werklike lewensituasies. Die navorser erken hierin nog ’n tegniek waarbinne die onderrig van Bybelse beginsels beter verduidelik kan word binne die konteks van die kind se werklikheid.

’n Baie interessante tegniek wat Stella Vosniadou, outeur van verskeie ontwikkelings-, kognitiewe- en opvoedkundige sielkunde boeke, voorgestel het is die verstaan van nuwe konsepte wat gebou word op die basis van reeds bestaande konsepte. Sy noem dat baie min kennis net nuut is, en indien dit is, is dit

moeilik om te verstaan (Vosniadou, 2001:12). Dit word aanbeveel dat nuwe inligting gebou word op die fondasie van dit wat reeds bekend is. Daar is verskeie maniere waarop hulpverleners baat kan vind by hierdie benadering, byvoorbeeld die gebruik van metafore van dit wat die kind reeds weet om Bybelse beginsels teweeg te bring, die eksplorasie van wat die kind reeds weet deur middel van speel, asook die vereenvoudiging van die Woord deur voort te bou op dit wat hy/sy reeds weet. Vosniadou (2001:12-13) bespreek ook hoe hierdie tegniek geïmplementeer kan word, byvoorbeeld deur terwyl kinders betrokke is by 'n sekere nuwe aktiwiteit, vrae te vra wat hulle help om assosiasies te maak tussen ou en nuwe kennis. Nog 'n benadering kan wees om reeds bestaande kennis wat vals of foutief is te identifiseer en daarna nuwe inligting aan hulle bekend te maak. 'n Hulpverlener kan byvoorbeeld vals beelde wat die kind van hom-/haarself het identifiseer en vervang met die beeld wat God van hulle het. Die navorser besef dat hier 'n assosiasie getref kan word tussen Vosniadou se tegniek en die tegniek van Dr. Caroline Leaf (2013:64-68) waar sy vyf stappe gee vir hoe negatiewe gedagtes vervang kan word met positiewe gedagtes. Leaf se tegnieke word onder punt 3.4 bespreek.

Navorsing toon dat wanneer onderwysers pogings aanwend om vir leerders strategieë aan te leer wat hulle help om te onthou, te memoriseer en probleme op te los, dit lei tot merkwaardige goeie resultate (Vosniadou, 2001:14). Die tyd wat hulpverleners het om ondersteuning aan kinders te bied is beperk. Daarom is dit belangrik dat hulpverleners ook vir kinders strategieë aanleer wat lewenslank by hulle kan bly. Strategieë oor hoe om emosies te reguleer deur speel kan aangeleer word, asook die verstaan van sekere situasies wat "groter as ek" voel. Hulpverleners kan kreatief raak deur kinders se vorm van kommunikasie (speel) te gebruik om vir hulle oorlewingstrategieë te leer binne moeilike situasies en lewensuitdagings. "Strategies are important because they help students understand and solve problems in ways that are appropriate for the situation at hand" (Vosniadou, 2001:14).

Selfregulering en refleksie, die laaste strategieë deur Vosniadou genoem, word gebruik in onderrig om self foute en vordering te erken (Vosniadou, 2001:16). Op dieselfde wyse kan dit gebruik word om emosionele vordering en probleemareas uit te ken. Hulpverleners kan speel gebruik om byvoorbeeld 'n kind te help erken dat die feit dat hy/sy 'n sekere scenario oor en oor uitspeel, beteken dat daar moontlik onverwerkte emosies daarin lê. Vordering kan ook raakgesien word wanneer sekere aktiwiteite nou makliker is as vorige pogings.

Onderwysers het vanuit ervaring gevind dat wanneer kinders iets verstaan in plaas daarvan om dit bloot te memoriseer, hulle meer geneig is om goed te doen op skool en ook inligting makliker te onthou (Vosniadou, 2001). Pastorale berading bestaan uit hulpverlening deur gebruik te maak van die onderrig van die Woord van God. As 'n kind byvoorbeeld memoriseer dat God Sy enigste Seun gegee het sodat ons nie sal vergaan as gevolg van ons sondes nie, beteken dit nie noodwendig dat hy/sy dit verstaan en kan uitleef in sekere situasies nie. Hulpverleners kan kinders deur middel van kreatiewe aktiwiteite en speel visueel wys wat die Woord van God sê en hoe dit prakties uitgeleef kan word. In hierdie situasie

kan simboliek gebruik word, soos ’n prentjie wat ons teken waarop ons per ongeluk ’n fout maak, maar te danke aan Jesus wat op die kruis gesterf het, kan ons net omblaai en op ’n nuwe bladsy teken. Dit is nodig dat hulpverleners leer hoe om kinders se taal te praat sodat hulle kinders kan leer om die woord van God te verstaan en nie net te memoriseer nie.

Die navorser sien baie tegnieke raak binne onderrig wat hulpverleners ook binne die situasie van pastorale berading kan aanwend. Aktiewe betrokkenheid kan kinders help om probleemoplossingstegnieke te eksploreer. Aktiwiteite wat betekenisvol is en waarde inhou help kinders om teorie met die werklikheid te verbind. Wanneer nuwe konsepte gebou word op die basis van reeds bestaande konsepte, vergemaklik dit die kind se verstaan van nuwe idees. Wanneer strategieë geleer word, baan dit die weg vir toekomstige probleme en struikelblokke wat oorkom moet word. Selfregulering en refleksie is ook ’n waardevolle tegniek, aangesien kinders dan ook leer hoe om vooruitgang of agteruitgang te meet en gevaarsones uit te ken. Dit is ook ’n waardevolle benadering om te verseker dat kinders konsepte verstaan in plaas daarvan om dit eenvoudig te memoriseer (Vosniadou, 2001). Die bogenoemde tegnieke is dus baie toepaslik en ’n groot aanwins binne ’n pastorale raamwerk.

## 3.4 WETENSKAP EN DIE WOORD VAN GOD

Dr. Caroline Leaf is ’n welbekende kommunikasiepatoloog en oudioloog wat sedert 1985 werk in die veld van kognitiewe neurowetenskappe. Tydens haar navorsing in neuroplastisiteit het sy bevind dat die verandering van denke die struktuur van die brein en die mens se gedrag kan verander, wat toe dien as die fondasie vir haar oortuiging dat die wetenskap nou bewys wat die Bybel al lankal sê. In haar boek, “*Switch on your brain”* noem sy dat die Skrifgedeelte Romeine 12:2 dieper betekenis het as wat ons besef (Leaf, 2013:55). Die mens het die vermoë om sy gedrag, gesindheid en houding teenoor die lewe te verander deur die vernuwing van gedagtes (Leaf, 2013:64-68).

In haar boek gee sy vyf stappe vir hoe die mens sy/haar negatiewe gedagtes kan vervang, waarvan twee fisiese aktiwiteite insluit, naamlik,

- Maak jou gedagtes by mekaar en bring elke gedagte onder jou bewussyn in,
- reflekteer op die gedagtes, veral die wat negatief is,
- skryf jou negatiewe gedagtes neer en vervang dit met positiewe gedagtes,
- gaan herhaaldelik terug na die positiewe gedagtes toe, en
- voer ’n aksie uit wanneer negatiewe gedagtes by jou opkom – iets wat jou herinner om jou nuwe denkwyse te aktiveer (Leaf, 2013:157-198).

Nie net het Dr. Caroline Leaf bewys dat die verandering van gedagtes optrede kan verander nie, maar sy het deur breinskanderings gewys hoe, wanneer die mens intensioneel aan iets positief dink, soos Bybelverse, die struktuur van die brein saam met die gedagtes verander. Negatiewe gedagtes vorm

negatiewe, kwaadgesinde neurale weë in die brein, maar sodra gedagtes met opset in 'n positiewe rigting gestuur word, vorm die brein goeie neurale weë. Hierdie neurale weë wat bestaan binne die brein, word dan die outomatiese denkpatroon van die persoon (Leaf, 2013:195). Hulpverleners kan gebruik maak van hierdie beginsels en tegnieke wat die wetenskap bied om sodoende direktiewe speel te rig op negatiewe gedagtes en spesifieke tegnieke te gebruik om sulke gedagtes onder kinders te verander. Pastorale beraders, met behulp van fisiese aktiwiteite soos speel, kan kinders help om negatiewe gedagtes te identifiseer en te vervang met die Woord van God.

Die volgende Skrifgedeeltes is belangrik vir die bespreking van die nuutmaking wat God in die mens begeer.

- Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig (Efesiërs 4:23-24).
- Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is (Romeine 12:1-2).
- ... en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God (Kolossense 3:10).

In die verse hierbo verwys die Bybel na twee beginsels waarop die navorser die aandag rig, (1) die vernuwing van gedagtes en (2) verandering en nuutmaak van die mens. In sy boek, "Change your brain, change your life", verwys Dr. Daniel Amen na die krag van gedagtes. 'n Gedagte is meer as wat die mens daaraan toeken. Elke gedagte wat die mens het, het 'n impak op die hele liggaam, asook elke sel in die liggaam. Gedagtes word gevorm, die brein stel chemikalieë vry en die liggaam word bewus van die gedagte. Daarna volg fisiologiese reaksies wat die liggaam op groot skaal affekteer, byvoorbeeld die saamtrek van spiere, versnelde hartklop en sweterige hande (Amen, 1998:57). Daar kan byvoorbeeld na 'n pessimistiese persoon gekyk word. Hierdie persoon se gedagtes is altyd negatief. Dit is moeilik vir die persoon om 'n positiewe toekoms te probeer visualiseer, of om positiewe gedagtes te hê oor situasies, want dit is die "lens" waardeur hy/sy kyk (Amen, 1998:56). Dit is nie so eenvoudig om vir 'n worstelende persoon te sê om oor te skakel van negatiewe na positiewe gedagtes nie. Hierdie gedagtepatrone vereis dat daar dieper gedelf word om gedagtes bewustelik te vernuwe.

Die navorser weet dat een van die funksies van spelterapie is om verandering te bring in die manier hoe kinders dink (Kaugars & Russ, 2001:211-219). Hulpverleners kan deur middel van speel help om 'n kind se denkproses te verander deur die negatiewe denke te identifiseer en daarna te vervang met positiewe gedagtes. Amen (1998:59) is ook van mening dat positiewe gedagtes iets is wat aangeleer kan word.

Negatiewe gedagtes kan ook vernuwe word deur gebruik te maak van Thurman (1999:1-46) se Woordgebaseerde model: die ABC-model ("Actions, Beliefs, Consequences"; Aksies, Oortuigings, Gevolge). Hierdie model is ontwerp om die leuens wat die mens so maklik van hom-/haarself glo, in die lig te bring en te breek. Die aktiwiteit vereis dat die betrokke persoon A, B en C in gegewe situasies identifiseer.

A verteenwoordig die gebeurtenis wat óf baie erg kan wees, soos ’n inbraak, óf minder ernstig, soos ’n glas in die kombuis wat breek. Wanneer A geïdentifiseer is, word die persoon bewus van emosionele snellers in sy of haar lewe, die belangrikheid en waarde van die snellergebeure en wie verantwoordelik is vir die gebeurtenis.

C word doelbewus voor B geïdentifiseer. C is die reaksie wat die persoon op daardie gebeurtenis gehad het. Die persoon het dalk ’n fisiologiese veg-of-vlug reaksie gehad met verhoogde harttempo en spierspanning, of ’n emosionele reaksie wat manifesteer in ’n ineenstorting, of dalk ’n reaksie wat in gedrag uitgebeeld word deur te skree en te skel.

B verteenwoordig die binne-gesprek wat die persoon gehad het nadat A plaasgevind het, wat uiteindelik gelei het tot C. Dit kan so lyk:

A – Ek het nie die kwartaal die akademiese top 10 in my graad behaal nie.

B – Al my harde werk was vir niks nie. Ek het my tyd gemors deur so hard te leer.

C – Wat help dit ek probeer? Ek gee op. Ek gaan nie meer omgee oor my skoolwerk nie. Ek gaan myself heeltemal onttrek.

Hieruit is dit duidelik dat B uiteindelik C bepaal. Indien B ’n meer positiewe gedagte was, sou C ook meer positief wees. Dit sou dalk so lyk:

A – Ek het nie die kwartaal die akademiese top 10 in my graad behaal nie.

B – Ek is amper daar. Ek gaan net aanhou probeer.

C – Ek is seker daar is maniere hoe ek meer effektief kan leer en minder tyd mors voor die televisie. Dalk kan ek ook harder probeer om te fokus in die klas.

Daar is tog ’n oplossing, selfs al het stap C reeds plaas gevind en op ’n negatiewe manier gemanifesteer. Thurman (1999:1-46) verwys na stappe D en E waarin die saak reg gestel word. ’n Illustrasie van die vernuwe denkpatroon lyk soos volg:




Die betrokke persoon word aangemoedig om die snellergebeure (A), die selfgesprek (B), sy/haar reaksie (C), die waarheid oor die gebeurtenis (D) en die nuwe (korrekte) reaksie (E) neer te skryf. Die waarheid kan ’n Bybelvers wees, of empatie vir die betrokke persoon. Hieruit tegniek sluit aan by die bogenoemde oefening van Caroline Leaf waar gevoelens neer geskryf moet word om gedagtes te vernuwe en die ABC-model kan dien as ’n waardevolle speelterapie-tegniek binne pastorale berading.

Wanneer daar in-diepte gekyk word na wat plaasvind wanneer ’n getraumatiseerde kind speel, is daar verskeie interessante biologiese gebeure wat van belang is. Levine en Kline (2007:4) meen dat die onverwerkte trauma geheue in die kind se senustelsel vasgelê is en nie in die gebeurtenis self nie. Wanneer die definisie van trauma inaggeneem word, kan ons sien dat trauma in effek gebeurtenisse is waaroor die kind nie die emosionele kapasiteit het om dit te kan verwerk nie. Die trauma-geheue bly dus “lewend” in die senustelsel totdat dit op ’n manier verwerk kan word. Een van die mees effektiewe maniere by kinders om dit te verwerk is dan deur spel-/speelterapie. Deur speel wat herhaaldelik plaasvind, word die negatiewe effekte wat hierdie trauma-geheue op die senustelsel het, verlig en daarmee saam word die algehele breinfunksie selfs ook verbeter. Verder het speel ook verskeie ander positiewe neurologiese gevolge op ’n kind. Die sensoriese en fisiese stimulasie wat gepaard gaan met speel vorm neurale weë wat help om die verlies van neurone[9] in die brein te voorkom (Schaefer, 2011:15). Dit is dus duidelik dat speel ’n gesonde manier van ontwikkeling van die brein by die kind is. Schaefer (2011:198) verduidelik ook dat speel ’n aktiwiteit is waarin die brein aktief betrokke is en, aangesien verbeelding betrokke is, word die ontwikkelingsproses van die brein gestimuleer. Hierdie beginsel in die neurologie verbind aan die oortuiging van dat vrye spel beslis positiewe gevolge het.

Wanneer daar spesifiek gekyk word na trauma, speel en die menslike brein, is daar verskeie faktore wat van belang is. Trauma word vasgevang in die nie-verbale dele van die brein (die amigdala, talamus, hipokampus en breinstam), terwyl die vermoë om hierdie gebeure te verwerk in die frontale lobbe van die brein gesentreer is.

[9] Neurone kan gedefinieer word as die draers van informasie in die menslike liggaam en is verantwoordelik vir basiese funksies soos asemhaling, praat, loop, eet en dink. Voorbeelde hiervan is sensoriese neurone wat inligting oordra aan sensoriese organe en motor-neurone wat inligting oordra aan liggaamspiere.

> Fundamentally, words can't integrate the disorganized sensation and action patterns that form the core imprint of the trauma in the brain. Treatment needs to somehow incorporate the sensations and actions that have become stuck, so that people can regain a sense of familiarity and efficiency in their organism (Van der Kolk, 1994:257).

Speel dien dus as die oorgangsfase wat die trauma-geheue verskuif vanaf die nie-verbale dele van die brein na die frontale lobbe toe (Hofmeyer & Morrison, 2008:221). Die uitspeel van gebeure help die brein om die herinnering van die gebeurtenis vanaf die nie-verbale dele van die brein na die verbale dele te verskuif wat uiteindelik vir die kind meer beheer gee oor die traumatiese ervaring en die emosies wat daarmee gepaard gaan.

Dave Ziegler, outeur en stigter van "Jasper Mountain", 'n organisasie wat programme bied vir getraumatiseerde kinders en hul gesinne, is ook van mening dat speel deel moet wees van die genesingsproses van trauma. Ziegler (2021) verduidelik wat die negatiewe gevolge is wat trauma op 'n kind se brein het. Dit is vir volwassenes makliker om te onderskei dat 'n dreigende gebeurtenis verby gegaan het, maar kinders vind dit moeilik. 'n Kind se brein is op so 'n manier ontwerp dat dit op trauma reageer met blywende perseptuele veranderinge, asook strukturele veranderinge. Wanneer die trauma-geheue nie verwerk en hanteer word nie, word die kind vasgevang in die siklus waarin hulle enige toekomstige stressors verkeerd interpreteer en negatief daarop reageer (Ziegler, 2021:2-3). Ziegler (2021:2) verduidelik ook verder dat trauma en speel amper as twee teenoorgesteldes beskou kan word, aangesien traumatiese ervarings hormone vrystel wat die brein en senustelsel in 'n toestand van waarskuwing plaas en vrees en angs wek. Daarteenoor, stel speel dopamien vry wat as die goed-voel hormoon bekend is. Alhoewel dit bekend is dat trauma die genot van speel van kinders af wegvat, moet daar meer klem gelê word op die rol wat speel het in die verwerking van trauma.

### 3.5 PASTORALE BERADING

Baker (2020), 'n pastorale berader, meen dat dit algemeen is vir volwasse pastorale beraders om te voel dat hulle swak toegerus is om met kinders te kan werk. "Alhoewel die pastorale berader dikwels, direk of indirek, met kinders te doen kry, kom dit voor of daar meer navorsing oor pastorale kinderwerk gedoen kan word" (Marx, 2014:3). Steward Hiltner, 'n verteenwoordiger van tweede generasie leiers in die beweging van pastorale onderwys, asook outeur van verskeie prakties teologiese boeke, gee verskeie insigte in die benadering van pastorale berading in sy boek "*Pastoral Counseling*". Hy stel byvoorbeeld dat die beradingsproses moet fokus op die pastorant se situasie en sy/haar gevoelens daaroor (Hiltner, 1949:47). Dit is baie belangrik dat die hulpverlener se eie gevoelens oor die situasie nie die proses domineer of subjektiewe oortuigings op die pastorant afdwing nie.

Die hulpverlener moet kommunikeer dat hy/sy werklik wil verstaan waardeur die pastorant gaan en hoe hy/sy voel. Intellektuele en emosionele oortuigings moet albei gewig dra in die proses (Hiltner,

1949:47). ’n Voorbeeld van ’n hulpverlener se reaksie kan wees, “Ek hoor dat jy oorweldig word met die gevoel dat jy wil weghardloop al weet jy dat jy as ma van twee kinders nie die vrymoedigheid het om alles agter te los nie.” Hierin sal dit ’n fout wees om slegs ’n realistiese reaksie te gee soos, “Jy kan nie jou kinders agter los nie.” Empatie dra groot gewig. Die navorser sien hierin raak dat hierdie riglyn ook belangrik is wanneer kinders en hulpverleners (volwassenes) se sienings oor ’n situasie verskil. Dit is steeds die hulpverlener se plig om die kind se gevoelens te verstaan.

Wanneer ’n pastorant hom-/haarself binne ’n situasie van teenstrydende gevoelens bevind, moet die hulpverlener binne die gesprek al die elemente van die gevoelens uitlig en daarna die fokus verskuif na morele beginsels (Hiltner, 1949:48). Alhoewel die pastorant se gevoelens en ervarings baie belangrik is, moet die hulpverlener onthou dat die pastorant na ’n Christelike hulpverlener toe gekom het met ’n voorafopgestelde oortuiging – die verwagting dat hy/sy geestelike ondersteuning gaan kry. Die hulpverlener het altyd die verantwoordelikheid om terug te draai na die oplossing wat moreel korrek is. Dit is dus baie belangrik vir hulpverleners om selfs met kinders altyd terug te draai na die Woord van God, selfs al is dit nie die kind se eerste reaksie nie.

Daar is by beide partye ’n tipe vryheid, maar ook ’n beperking. Die pastorant het altyd die vryheid om self keuses te maak en self die regte oplossings vir probleme te kies. Dit is nie die hulpverlener se verantwoordelikheid om met ’n resep op te kom wat konflikte oplos nie. Die waarheid word vertel en die keuse bly die pastorant s’n. Tyd is ’n beperking vir die pastorant. Die beradingsessie moet ten alle tye ’n tydsbeperking hê en dit is al oor en oor bewys dat meer tyd nie noodwendig lei tot beter resultate nie, inteendeel kan dit soms nadelig wees (Hiltner, 1949:51). Die hulpverlener se verantwoordelikheid is dan natuurlik om subjektiwiteit te vermy en vryheid aan die pastorant oor te laat. Hulpverleners wat van speel binne berading gebruik maak kan hierdie riglyn toepas deur vryheid aan die kind oor te gee. Die woord “beperking” is natuurlik ook baie belangrik vir hulpverleners, aangesien die leiding van die Heilige Gees ’n sleutelelement is en hierdie beginsel herinner hulpverleners dikwels aan hul afhanklikheid van God binne die proses van hulpverlening.

Meer as een sessie word altyd aanbeveel (Hiltner, 1949:54). Die hoeveelheid sessies wat plaasvind tussen die twee partye lê in die pastorant se hande, maar dit is belangrik dat die hulpverlener ruimte skep vir volgende ontmoetings, hetsy dit is deur aanbevelings, motivering of bloot om kontak te behou.

Wanneer daar na bronne oor berading onder kinders gekyk word, is dit duidelik dat kreatiewe speeltegnieke ’n prominente rol speel. Judy Kilpatrick (2023), skrywer van die webblad “*Our Everyday Life”*, bespreek dat kinders dikwels op ander maniere as volwassenes berading ontvang en dat speel, wat as nuttelose genot mag voorkom, ’n baie handige hulpmiddel in die hande van professionele hulpverleners kan wees. Tegnieke waarvan kinderberaders reeds gebruik maak is onder andere terapeutiese speletjies, kunsterapie, familieterapie en praatterapie.

Terapeutiese speletjies laat die hulpverlener toe om vir die kind waardevolle tegnieke of lewenslesse te leer, byvoorbeeld om borrels te blaas. Hoe groter die asems is wat ons inasem, hoe groter is die borrels wat ons kan blaas. Hierdie tegniek is baie waardevol vir kinders wat maklik angstig raak en asemhalingsoefeninge benodig (Kilpatrick, 2023). Dié tegniek om borrels te blaas word ook bespreek deur Ackerman (2018) en word deur verskeie sielkundiges gebruik binne terapiesessies.



*Figuur 4 gehaal uit Positive Psychology.Com - https://positivepsychology.com/child-therapy/*

Speletjies soos "Checkers" en "Battleship" dra by tot kinders se impulsbeheer deur hulle te laat stop en dink aan gevolge voordat daar opgetree word (Kilpatrick, 2023). Kunsterapie is handig onder hulpverleners, veral as die hulpverlener vooraf weet waarmee die kind worstel. Kinders word deur speel aangemoedig om hul gevoelens en emosies uit te druk deur scenarios te skets waarin hulpverleners verdere inligting oor die probleem of die wortel van die probleem kan verkry (Kilpatrick, 2023).

Familieterapie kan ook 'n handige tegniek wees binne berading. Familielede raak deel van die beradingsessie en word aangemoedig om fisies deel te neem aan die spel – dus is familieterapie nie net praat-terapie nie, maar dit is die gebruik van speel in berading waarby die hele gesin betrokke is (Kilpatrick, 2023). Die kind wat berading ontvang kan self besluit hoe sy/haar gesin deel gaan vorm van die spel, deur byvoorbeeld aan elke lid 'n rol te gee binne die scenario wat geskep word, of om hulle in die vertrek rond te skuif as "die verteenwoordiging" van sekere karakters. Sulke oefeninge bied 'n goeie illustrasie – op 'n prettige manier – van hoe gesinslede met mekaar omgaan (Kilpatrick, 2023).

Praat-terapie word ook deur beraders aanbeveel wanneer daar met kinders gewerk word. Die hulpverlener moedig die kind aan om narratief te vertel wat met hom/haar gebeur het en hou dan hul reaksie dop (Kilpatrick, 2023). Praat-terapie is natuurlik 'n goeie tegniek wanneer hulpverleners met

volwassenes te doen het, maar die kommer lê by die effektiwiteit van ’n gesprek wanneer die meerderheid van kinders nie die woordeskat besit om hul emosies en kwale te kommunikeer nie (Gill, 1991).

Marx (2014) beskryf verskillende hulpbronne vir speel as beradingstegniek in haar navorsing oor spelterapie binne pastorale berading. Die hulpverlener moet, voor hy/sy die beradingsessie betree, ’n objektiewe posisie betree en ten alle tye emosionele afstand behou (Marx, 2014:81). Soos voorheen genoem het speelterapie baie funksies en Marx (2014) beskryf speelgoed wat elk verskillende funksies inhou. Die hulpverlener kan Lego en ander bouspeelgoed aanhou om vaardighede te bevorder. Sagte speelgoed soos teddies, poppe en komberse kan baie beteken vir ’n kind wat koestering nodig het. Slaansakke en bokshandskoene word dikwels gebruik deur kinders wat gevoelsuitdrukking aan aggressie moet gee. Vir die verwerking van oorweldigende lewensituasies voorsien die hulpverlener miniatuurpoppe, -hospitaalaparaat, -diere, -meubels of enige iets wat nodig is om ’n toneel wat in die werklikheid gebeur het, uit te speel. Kryte, penne, papier, verf, klei en karton is alles hulpbronne wat gebruik kan word vir kreatiwiteit of nieverbale kommunikasie. Party kinders geniet selfs fantasieuitlewing en kan baat by uitvoerings – dus kan die hulpverlener ook maskers, klere, hoede, juwele en handpoppe aanhou (Marx, 2014:83).

’n Waardevolle tegniek wat Marx (2014) bespreek is die sandspeltegniek. Sandspel bied vir die kind die geleentheid om sekere traumatiese ervarings simbolies uit te beeld binne ’n veilige, beheerbare spasie. ’n Houer wat ongeveer 1m in lengte, 1m in breedte en 20cm in diepte is, word gevul met skoon sand. Die hulpverlener vra die kind om ’n storie in die sand te skep en hierdie tegniek stimuleer emosies, denke en die funksies van die kind se psige (Marx, 2014:83). Kinders kry die geleentheid om miniatuurfiguurtjies te selekteer volgens assosiasies wat met die probleem gemaak word. Die figure word in die sand geplaas en scenario’s wat vir die kind oorweldigend mag voel, of wat onverwerk is, word hier uitgespeel. Die sandbaktegniek kan direktief of nie-direktief geskied. Marx (2014:84) noem ook dat musiek gebruik kan word as terapietegniek vir ontspanning.

Verder is daar verskeie prettige tegnieke waarvan hulpverleners gebruik kan maak wat oor die jare getoets en bewys is om suksesstories te genereer. Grobler (2022:20) verwys in haar werkswinkelhandleiding na verskeie tegnieke. Die “Maak ’n medalje”-tegniek skep vir die kind die geleentheid om erkenning te kry vir die feit dat hy/sy ’n traumatiese gebeurtenis oorleef het. Die hulpverlener vra die kind om ’n medalje te teken op papier en verduidelik dat hierdie medalje aan hom uitgemaak is omdat hy ’n spesifieke traumatiese gebeurtenis bemeester het. Die kind kan die medalje self ontwerp en versier. Met hierdie eenvoudige tegniek vind daar baie groei plaas, aangesien dit dien as ’n herinnering aan die kind se oorlewingsvermoë. Grobler (2022:20) noem ook dat hierdie tegniek selfs gekoppel kan word aan die Bybel. Filippense 4:13 wat stel “Ek is tot alles in staat deur Hom wat

my krag gee" kan op die medalje geskryf word en dien as 'n herinnering vir die toekoms wanneer die kind trauma beleef.

Verder is dit 'n aanvaarbare feit dat individue hul sensoriese bewussyn verloor as gevolg van traumatiese gebeure. Wanneer kinders deur traumatiese ervarings gaan, kan dit beïnvloed hoe kinders sensoriese inligting verwerk, ervaar en daarop reageer (Joseph *et al.*, 2021). 'n Kind wat byvoorbeeld gereeld vrees ervaar het, kan óf sensoriese leidrade verkeerd verstaan óf nie genoeg reageer op belangrike sensoriese leidrade nie. Voortdurende blootstelling aan trauma wat veg-, vlug- of vriesreaksies by kinders veroorsaak, kan hul vermoë om sensoriese inligting effektief te integreer baie ernstig beïnvloed (Joseph *et al.*, 2021). Grobler (2022:22) gee verskeie oefeninge wat die hulpverlener met die kind kan doen vir elk van die vyf sintuie. Enkele voorbeelde hiervan word hier genoem. Vra die kind om 'n bril te maak uit pypskoonmakers en sellofaan (sig). Skud voorwerpe wat geluide maak, soos rys, boontjies of knope in 'n bottel en vra die kind om dit te identifiseer (gehoor). Laat die kind sekere bekende reuke ruik en identifiseer, soos lemoene, koffie, knoffel en blomme (reuk). Praat met die kind oor smaak en die verskillende funksies van die tong (smaak). Blinddoek die kind en laat hy/sy aan verskillende voorwerpe wat van tekstuur verskil voel en vra hom/haar om te identifiseer watter materiaal dit is (tas/aanraking). Hierdie tegnieke is baie effektief vir kinders wat hulself desensiteer op sensoriese vlak as 'n verdedigingsmeganisme (Grobler, 2022:22). Aangesien die hulpverlener se doelwit is om die kind optimaal op 'n holistiese wyse te laat funksioneer, is hierdie tegniek baie waardevol vir die navorser.



Figuur 5 gehaal uit Kidsense Therapy Group –
https://www.kidsensetherapygroup.com/sensory-play-for-language-development/

"Godly Play", 'n storieverteltegniek wat ontwikkel is deur Jerome Berryman, is nog 'n effektiewe tegniek wat gebruik kan word in pastorale berading met kinders. Berryman (2018) ondersteun die gebruik van storievertelling deur te noem dat wanneer kinders waardevolle ervarings in hierdie eerste paar jaar van hul lewens het, hulle geneig is om dit saam te dra tot in hul volwasse jare. Sulke ervarings

kan so sterk wees dat hul verstaan daarvan al meer en meer begin uitbrei soos hulle groot word (Berryman, 2018:15).

Berryman het sy tegniek “Godly Play” gebou op die fondasie van die sterk impak wat visuele ervarings op kinders het. Die doelwit hier is om visuele indrukke op kinders te maak wat hulle vir jare daarna met hulle kan saamdra. Hierdie tegniek maak gebruik van visuele illustrasies om Bybelstories vir kinders te vertel (Berryman, 2018:7). Die skeppingsverhaaltegniek sluit verskillende palette in waarop al ses dae van die skepping geïllustreer word deur ’n prent. Die storie word vertel, dag vir dag, en die kinders kry dan ook die geleentheid om die palette op te tel en te bestudeer. “You can literally grasp the story with your hands and other senses to help grasp it with your mind and spirit” (Berryman, 2018:7). Hierdie tegniek is eenvoudig en terselfdertyd ook waardevol. Pastorale beraders hoef nie beperk te word tot die storie van die skepping nie, maar kan ook ander Bybelstories inkorporeer aangesien die beginsels van “Godly Play” dieselfde bly. Die uitdaging vir die navorser is om die bogenoemde reeds bestaande inligting van berading te neem en dit te verbind aan Bybelse beginsels.

### 3.6 SOZO: PROFETIESE BEDIENING

SOZO is ’n bevrydingsbediening wat ontstaan het in die welbekende kerk, Bethel, in 1997 in California (SOZO, 2023). Randy Clark, ’n evangelis, het verskeie seminare by die kerk gehou en spesifiek gefokus op gebede vir bevryding. Die navorser het besluit om hierdie tegnieke ook binne hierdie studie te bespreek omdat dit direk of indirek ʼn invloed op die kind se geestesgesondheid kan hê. Collins (1988:475) werp lig op die direkte of indirekte invloed wat sonde kan hê op die mens aan die hand van Bruce Narromore, ʼn Christensielkundige, se diagram.

| | Persoon self | Ander persoon |
|---|---|---|
| Spesifieke...<br>Doelbewuste...<br>Bewustelike... sonde | I | II |
| Innerlike...<br>Sondige...<br>Menslike... natuur | III | IV |

Bron: Collins (1988:475)

Kwadrant I is wanneer die pastorant – wetenend of onwetenend – self verantwoordelik is vir die negatiewe gevolge en emosionele seer as gevolg van spesifieke, doelbewuste en bewustelike sonde. Pastorale berading sal aspekte soos sonde-erkentenis en -belydenis, gedragsverandering en ʼn toename van kennis rondom lewensvaardighede insluit.


Kwadrant II is wanneer die pastorant deur iemand anders se sonde geaffekteer word, soos byvoorbeeld die blootstelling van ŉ onskuldige kind aan molestering of bloeskande. Dit is nie die kind wat sy grense oorskry het nie, maar die molesteerder wat ten volle verantwoordelik is vir die probleem. Pastorale berading sluit aspekte soos byvoorbeeld die uitspreek van vergifnis, die verwerking van emosionele wonde, bitterheid en pynlike herinneringe, in.

Kwadrant III se pastorale begeleiding is meer gekompliseerd. Sommige emosionele en geestesprobleme ontstaan nie as gevolg van spesifieke, doelbewuste en bewustelike sondes aan die kant van die pastorant nie, maar as gevolg van diepgaande innerlike vrese soos byvoorbeeld ŉ gebrek aan innerlike sekuriteit, trauma van die verlede en invloede vanuit die gebroke wêreld waarin die pastorant hom-/haarself bevind. Pastorale begeleiding sluit aspekte soos belydenis en gehoorsaamheid aan God in. Geestelike groei en die verandering van denke is belangrik.

Kwadrant IV dui op indirekte sondige invloed op die pastorant as gevolg van sonde wat elke kultuur binnegedring het, soos byvoorbeeld konflik, spanning, armoede, ongelykheid, oorlog, peste en siektes, en wydverspreide onregverdigheid. Pastorale hulpverlening geskied deur aan die pastorant sosiale en geestelike vaardighede te leer sodat hy/sy, ten spyte van hul lewensomstandighede, steeds ŉ vervulde lewe in Christus sal beleef.

Dit is selde dat sonde en seer slegs vanuit een van hierdie kwadrante ontstaan omdat sonde en seer altyd akkumuleer. Vir effektiewe pastorale begeleiding is dit egter belangrik om die effek van sonde en seer op kinders ook in ag te neem. Die verduideliking op kinderlike vlak van die oorsprong van emosionele en geestes-seer sal aan die kind insig gee wat heelwording en verwerking tot gevolg het.

Dit is om hierdie rede dan belangrik om ook kennis te neem van SOZO se beradingstegnieke. Deel van die teorie is gebaseer op tegnieke uit Argentinië wat deur pastoor Pablo Bottari ontwikkel is, byvoorbeeld die vier deure (SOZO, 2023).





Figuur 6 - Gehaal uit SOZO: An Overview of SOZO tools - https://dawnadesilva.com/an-overview-of-sozo-tools/

Dawna de Silva (2022) het die opleidingseminare bygewoon en besluit om verder daarop uit te brei. Sy beskryf die vier deure as die vier areas waar sonde die pastorant kan affekteer. Wanneer pastorante worstel met trauma uit die verlede, is een van hierdie vier deure gewoonlik "oop". Aangesien areas van sonde dien as teelaarde vir verdere sonde en seer, is dit belangrik om hierdie deure toe te maak om sodoende mense te help om vryheid te vind. So 'n sessie bestaan hoofsaaklik uit begeleiding in gebed.

Die navorser weet dat, aangesien daar met kinders gewerk word, daar nie altyd sulke prominente sonde in die kinders se lewens mag wees nie. Die navorser verstaan tog dat kinders soms groot word in huishoudings waar sonde teenwoordig is wat 'n effek op die onskuldige kind het. Dit kan die kind ook beïnvloed en daarom sien die navorser waarde daarin om hierdie tegniek, die vier deure, as versagtende terme te gebruik om vir die kind te beskryf hoe hy/sy deur Jesus se bloed hierdie "deure" kan toemaak om te voorkom dat dit hom/haar beïnvloed. Kinders – as visuele leerders – sal by hierdie visuele illustrasie aanklank vind (Rosal, 1996:1).

Nog 'n waardevolle tegniek wat gebruik word in SOZO is die Vader-leer ("The Father Ladder") (De Silva, 2022). Hierdie tegniek is gebaseer op die beginsel dat elke mens basiese behoeftes het en die algemene verwagting is dat dit deur gesinslede vervul moet word. Die waarheid is dat dit terselfdertyd ook deur God die Drie-eenheid vervul moet word. Aardse vaders is verantwoordelik vir kinders se fisiese behoeftes, soos beskerming, voorsiening en identiteit. Op dieselfde manier is God die Vader die Een wat hierdie behoeftes vir Sy kinders vervul (De Silva, 2022). Sibbe (boeties en sussies) vervul die siel se behoeftes, naamlik kommunikasie en vriendskap. Jesus is op dieselfde manier die mens se beste

vriend (De Silva, 2022). Aardse moeders is verantwoordelik vir hul kinders se geestelike behoeftes, waarvan onderwys en vertroosting deel vorm. Die Heilige Gees is ook die Een in die Drie-Eenheid wat ons leer (byvoorbeeld om die Skrif te verstaan) en wat ons vertroos (De Silva, 2022).




Figuur 7 - Gehaal uit SOZO: An Overview of SOZO tools - https://dawnadesilva.com/an-overview-of-sozo-tools/

Met behulp van hierdie uitleg is dit moontlik om kinders se verhouding met God die Drie-Eenheid te herstel wanneer daar 'n verwronge beeld van God is. Kinders projekteer hul emosionele en geestes-seer op God en wanneer hul basiese behoeftes nie vervul word nie, is dit maklik om die leuens van die vyand te glo. 'n Kind wat byvoorbeeld by die huis nie beskermd voel nie, sal dink dat hy vir homself moet sorg. Die leuen wat geglo word, is dat hy nie waardig is nie. Die leuen kan slegs verwyder word wanneer die kind sy pa vergewe en die leuen dat God hom dieselfde sal hanteer, verwerp (De Silva, 2022). Die volgende is 'n voorbeeld van hoe die Vader-leer in 'n bevrydingsessie gebruik kan word. Die navorser vertaal die gevallestudie vry[10]:

> Sozo hulpverlener: "Hoe sou jy jou verhouding met God die Vader beskryf?"
> Pastorant: "Dit is okay. Ek bedoel, ek is lief vir Hom, maar ek voel nie 'n sterk band met Hom nie."

[10] Gevallestudie gehaal uit *SOZO: An Overview of SOZO tools* (De Silva, 2022).

> Sozo hulpverlener: "Maak jou oë toe. Is jy in staat om die teenwoordigheid van God die Vader waar te neem of te voel?"
>
> Pastorant: "Ek kan Hom sien, maar sy rug is op my gedraai."
>
> Sozo hulpverlener: "Sê hierdie woorde agter my aan: 'Ek kies om my aardse pa te vergewe vir sy emosionele afstand. Ek verwerp die leuens dat U, Vader God, nie belang stel in ’n dieper verhouding met my nie. Ek vat die waarheid dat U my liefhet en my waardeer. In Jesus se Naam. Amen.'"
>
> Sozo hulpverlener: "Kan jy nou die teenwoordigheid van God die Vader waarneem of ervaar?"
>
> Pastorant: "Ja, ek kan Hom sien. Hy kyk na my!"

Hierdie is ’n voorbeeld van hoe ’n kind se verwronge verhouding met sy/haar aardse pa die verhouding tussen hom/haar en God kan beïnvloed. Omdat dié pastorant se ervaring van ’n aardse pa koud en ver was, was die gedagte dat God die Vader ook koud en ver is (De Silva, 2022). Die navorser sien die waarde daarin om intensioneel binne pastorale berading ook die kind se wanpersepsies te identifiseer en op so ’n manier sy/haar verhouding met God die Drie-Eenheid te herstel. Hierdie is ’n uitstekende tegniek, aangesien dit visueel is en kinders toelaat om God te “sien” binne die raamwerk van hul denke en gebed.

## 3.7 KONKLUSIE

Die voorneme van die hoofstuk was om inligting vanuit inter- en intradissiplinêre velde te versamel wat waarde kan heg tot die veld van pastorale berading. Die navorser het geweet dat dit belangrik is om kennis in trauma in te samel, aangesien trauma ’n groot rol speel in die lewens van soveel kinders. Statistieke en bronne wys dat die effek van trauma blywend is indien dit onverwerk gelaat word. Spelterapie is ’n tegniek wat gebruik kan word om effektief deur trauma te werk. Ouers is soms geneig om so te fokus op die groeistatistieke van hul kinders, dat die emosionele groei van die kind nagelaat word (Ashiana, 2020). Van geboorte af, het kinders sterk emosionele behoeftes en nadat die navorser ondersoek ingestel het na die definisie van geestesgesondheid, kan daar afgelei word dat dit nie net die afwesigheid van ’n geestelike afwyking is nie, maar liewer wanneer ’n kind emosioneel floreer (Galderisi *et al.*, 2015). Pastorale beraders kan hierdie inligting gebruik om hulself, asook ouers, op te lei met die nodige kennis oor die emosionele en geestelike behoeftes van kinders.

Binne die veld van onderrig en leer het die navorser verskeie tegnieke gevind wat van waarde kan wees in pastorale berading. Verskeie van hierdie tegnieke laat ook ruimte vir speel, byvoorbeeld aktiewe betrokkenheid, betekenisvolle aktiwiteite en die implementering van strategieë. Daar is in hierdie hoofstuk ook waardevolle inligting ontgin vanuit die wetenskap van neurobiologie. Dr. Caroline Leaf, ’n inspirerende Christen-wetenskaplike, gee vir die mens ’n nuwe uitkyk op die wetenskap en die Woord van God. Die wetenskap van die effek van denke, gekombineer met intensionele aksies wat

uitgevoer word deur speel, kan aangewend word binne pastorale berading. Die navorser weet dat een van die funksies van spelterapie is om verandering te bring in die manier hoe kinders dink. Dus kan verskeie beginsels en tegnieke vanuit ’n wye reeks velde aangewend word om die veld van pastorale berading met kinders te versterk en self te bewys dat fisiese aktiwiteite soos speel van uiterste belang is.

# HOOFSTUK 4

# NORMATIEWE INSIGTE VANUIT DIE SKRIF TER ONDERSTEUNING VAN SPEEL AS ’N BERADINGSTEGNIEK IN DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN KINDERS

## 4.1 INLEIDING

Scripture is like a river again, broad and deep, shallow enough here for the lamb to go wading, but deep enough there for the elephant to swim
(Gregory the Great) (Naselli, 2009).

In hierdie hoofstuk gaan daar normatiewe insigte vanuit die Woord van God verkry word wat dien as ondersteuning vir die gebruik van speel tydens die pastorale begeleiding van kinders. Die navorser weet dat die Woord van God die fondasie is vir enige pastorale berading en daarom word die Bybel as prominente bron gebruik. 2 Timoteus 3:16-17 bevestig dat die hele Bybel God se Woord is. Elke genre (poësie, prosa, geskiedenis, etiek en wette) is geïnspireer deur God en dit vorm deel van die kanon (Doriani & Phillips, 2020:13). Die navorser gaan alle Skrifte hanteer vanuit ’n pentekostalistiese benadering. Nel (2015) meen dat so ’n benadering klem plaas op die Heilige Gees se betrokkenheid in die Skrif, met die Bybel as middelpunt van alle Godsopenbarings, en die doelwit om gelowiges toe te rus vir bediening en om getuies te wees in hul gemeenskappe. Die pentekostalistiese benadering fokus op die herbelewenis van die Skrif deur die Woord van God alleenlik te gebruik om preke saam te stel, maar tog spasie te laat vir openbarings om dieper te gaan as wat die Skrif op sigself sê en terselfdertyd die boodskap van verlossing en goeie nuus as die hooftema te behou (Nel, 2015).

Dit is belangrik om uit te wys dat berading nie net in die Bybel genoem word nie, maar ook van groot waarde geag word. In Spreuke 15:22 en 11:14 lig die skrywer die belangrikheid van raadgewing uit. Psalm 119:24 verwys na die Bybel self as ’n raadgewer. Die beste en belangrikste berading is die Woord van God (Anon., 2023e). Vanuit die bostaande Bybelse verwysings kan die navorser aflei dat daar binne die Woord van God beginsels bestaan wat die normatiewe taak van Osmer (2008) se model kan beantwoord, watter normatiewe insigte kan verkry word vanuit die Skrif in terme van kinders ter ondersteuning van speel as ’n beradingstegniek in die pastorale begeleiding van kinders? Verder sal hierdie bevindings ook bydra tot die beantwoording van die navorsingsvraag, watter metateoretiese perspektiewe is van belang ten opsigte van speel as ’n effektiewe pastorale beradingstegniek? Die navorser wil ook met behulp van Bybelse motivering die weg baan sodat daar ’n oop kanaal vir kommunikasie is tussen kinders en volwassenes. Matteus 19:14 is ’n welbekende gedeelte waar Jesus die kinders verwelkom nadat Sy dissipels hulle probeer weerhou van Hom.  Volgens Turner (2008:465)

was kinders in die konteks van die Bybel nie van hoë waarde geag nie en in die hedendaagse gemeenskap ervaar volwassenes kinders dikwels as tydrowend en ’n afleiding van belangrike doelwitte. Jesus probeer hierdie stigma breek deur te sê dat die koninkryk van God aan kinders behoort. Hy beveel ook Sy dissipels om die kinders nie te verhinder om na Hom toe te kom nie (Turner, 2008:464). Die navorser wil graag fokus op die laasgenoemde stelling van Jesus en vasstel watter metateoretiese perspektiewe daar in die Woord van God is om hulpverleners te help om kinders wat worstel met emosionele of geestelike seer na Jesus toe te bring.

## 4.2 KINDERS IN DIE BYBEL

### 4.2.1 God se hart vir kinders

As pastorale hulpverleners is dit belangrik dat God se hart vir kinders verstaan word. Wanneer ’n hulpverlener weet wat God van hulle verwag as Sy diensknegte, sal pastorale berading met kinders effektief geskied. In Markus 10:13-16 word die verhaal van Jesus en die kindertjies vertel. So dikwels word die fokus gerig op Jesus wat die kindertjies omhels en verwelkom, of die hoofgedagte van die gebeurtenis is dat Jesus ons met kinders vergelyk en sê dat die volwassenes soos hulle moet word. Zuck (1996:12) daag in sy boek, “*Precious in His sight”* (’n boek toegewy aan kinders in die Bybel) sy lesers uit om die aandag liewer te rig op die optrede van die dissipels. Die dissipels se optrede kontrasteer met hoe Jesus die kinders omhels en liefhet wanneer hulle Hom nader (Zuck, 1996:12). Die navorser wonder of hedendaagse volwassenes optree soos die dissipels en nie soos Jesus nie. Die vraag ontstaan, is volwassenes dié wat die weg oopmaak vir kinders om na Jesus toe te gaan, of is hulle dié wat hulle verhinder?

Sosiale wetenskappe ontbloot duidelik dat kinders dikwels onder moeilike omstandighede grootword. Sommige kinders word in armoedige omstandighede gebore, ’n ander kan met gestremdhede gebore word, om enkele voorbeelde te noem (Zuck, 1996:16). ’n Metafoor van ’n outydse lei (gemaak van leiklip) kan gebruik word om die omstandighede van kinders te probeer verwoord. By geboorte is die lei skoon en is daar nog nie iets op geskryf nie. Soos die kind groter word, moet hy/sy as’t ware leer hoe om mens te wees, hoe om te praat, te loop, te skryf, te teken, aanvaarbare sosiale norme en goeie maniere te handhaaf, aan te pas in die skoolomgewing en interpersoonlike verhoudingsgedrag te handhaaf (Zuck, 1996:16). Daarmee saam moet kinders vrese oorkom, soos verwerping, boelies, verlies van familielede, nuwe omgewings, hospitale, mishandeling en mislukking. In die lig van al hierdie uitdagings wat kinders het, maak dit sin dat die kind sy of haar lewensvaardighede in ’n veilige ruimte moet ontwikkel – een met liefde, versorging en hulpverlening (Zuck, 1996:16).

Marcia J. Bunge kyk ook in diepte na die waarde van kinders in die Bybel in haar boek, “*The Child in the Bible”*. Bunge (2008:12) beklemtoon die perikoop in Genesis 21:14-20 om God se ontferming vir kinders uit te lig. Die perikoop verhaal die openbaringsgeskiedenis van hoe Hagar en Ismael met net

een velsak water die woestyn ingestuur word. Wanneer die water opraak, besluit Hagar dat sy eenkant gaan sit, want sy wil nie hê Ismael moet haar sien doodgaan nie. In vers 17 het God vir Ismael hoor huil en daarop gereageer. Hy het, ter wille van Ismael, Hagar se oë geopen vir ’n put met water. God het vir Hagar belowe dat Ismael ’n groot nasie sou word.

Daar is drie merkwaardige aksies van God wat beklemtoon word in hierdie perikoop:

- God hoor die stem van die kind. God is nie doof vir die stem van minderjariges nie. Selfs al het Ismael nie woorde gebruik nie, het God steeds gehoor toe hy huil (Bunge, 2008:12). God hoor ook die stem van die kind "daar waar hy lê" (vers 17). Dit was nie nodig dat die kind uitroep deur middel van die stem van ’n volwassene nie. Die klein seuntjie, wat nie die uitverkorene was soos Isak nie, se stem het God se aandag geniet. Alhoewel Hagar nie na God uitgeroep het nie, was Hy reeds bewus van Ismael se gehuil (Bunge, 2008:12).
- God gebruik mense om die kind deur die krisis te bring (Bunge, 2008:13). Daar was nie ’n wonderwerk wat in hierdie storie plaasgevind het nie. Hagar se oë het net eenvoudig oopgegaan vir ’n put water wat reeds daar was. Waarna daar opgelet moet word, is dat God soms dit wat beskikbaar is gebruik. "But the importance of the agents should not be diminished; God always acts in and through available creaturely agents. God does not do these caring actions alone" (Bunge, 2008:13).
- God is altyd teenwoordig in die lewens van kinders. Wat die meeste uitstaan van hierdie perikoop is dat Ismael nie die uitverkore kind was nie, tog is dit duidelik dat God met hom was. Ismael en Hagar is weggestuur deur goeie, religieuse mense, Abraham en Sarah. Steeds ontferm God Hom oor Ismael en sorg vir hom in die woestyn. God ontferm Hom ook oor die kind wat verstoot, uitgesluit en alleen is. Hierdie aksie van God dui op Sy liefde en omgee vir kinders (Bunge, 2008:13).

Hierdie Genesis-perikoop is maar een voorbeeld in die Bybel waar gesien kan word dat kinders vir die Here belangrik is.

### 4.2.2 Kinders en speel in die Bybel

Die Bybel gee ’n paar verwysings waarin daar genoem word dat kinders speel. In Jesaja 11:8 gee God vir die profeet ’n profesie oor die volk Juda, naamlik dat selfs al gebruik God die Assiriërs om oordeel en lyding oor die ongehoorsame volk te bring, Hy steeds die volk sal gebruik om lewe uit hulle te laat spruit. Hill en Walton (2016:427-430) wys uit dat die doel van Hoofstukke 7-12 in die boek Jesaja is om uit te lig dat koning Agas se ongehoorsaamheid drastiese gevolge vir die volk sou inhou. Hoofstukke 9 en 11 is egter Skrifgedeeltes waarin God beloftes van welvaart, voorspoed en oorvloed spreek oor die volk se toekoms (Hill & Walton, 2016:430). Jesaja 11:8 is deel van hierdie profesie van welvaart en dit noem dat kinders by die gate van adders sal speel. Die navorser kan met behulp van die voorafgaande

bronne aflei dat kinders wat speel deel vorm van God se beloftes van voorspoed. Arnold en Beyer (2015:342) se kommentaar ondersteun ook die tema van welvaartprofesie in Hoofstuk 11; dus is die navorser van mening dat hierdie perikoop oor kinders wat speel deel vorm van die beeld van welvaart.

Die volgende perikoop waarin die navorser vind dat kinders speel, is in Job 21:11. Die hoofstuk is Job se woorde, aangesien die opskrif van die hoofstuk begin met "Toe het Job weer gepraat". Arnold en Beyer (2015:272) beskryf ook hierdie hoofstuk as deel van Job se woorde as ’n antwoord op dit wat sy vriende gesê het. Hanneke van Loon (2018), in haar boek, *"Metaphors in the Discussion on Suffering in Job 3-31: Visions of Hope and Consolation"*, stem ook saam dat Hoofstuk 21 die woorde van Job is. Job vergelyk die welvaart van die goddelose met die lyding van die regverdiges. Alhoewel Job nie twyfel in God se goedheid nie, is hy nie blind vir die feite van die goddelose se lewens nie, daarom beskryf hy die goddelose se welvaart in Job 21:6-17 (Van Loon, 2018:169-170). Job 21:11 val ook binne die konteks van die beskrywing van die goddelose se welvaart, dus is die navorser van mening dat kinders wat speel ("hulle kinders baljaar vrolik voort") ’n beeld van vreedsaamheid en ’n goeie lewe is.

Sagaria vorm deel van die profetiese boeke in die Ou Testament en in hierdie boek is die profeet self die outeur (Hill & Walton, 2016:566-568). Die oorheersende temas is teregwysing en waarskuwing, maar ook bemoediging. Hoofstuk 7-8 praat van die volk se vastydperk en hoe God Sy volk herinner dat ballingskap die gevolg van rebellie is en dat vas met selfsugtige motiewe hulle nêrens sal bring nie (Arnold & Beyer, 2015:461). Tog bevat Hoofstuk 8 ook God se beloftes van genade, aangesien Hy spreek van Israel se toekoms wat vol voorspoed en vrede sal wees. Sagaria 8 is ’n welbekende hoofstuk waarin God ’n profesie van restourasie oor die volk Israel uitspreek (Arnold & Beyer, 2015:461). Die navorser gee aandag aan die herhaling van kinders wat speel binne hierdie konteks van voorspoed, asook binne die voorafgaande perikope, almal met die tema van welvaart en genesing.

Die navorser wil met hierdie Skrifverse die fokus plaas op speel as natuurlike optrede vir kinders. Job en Jesaja se woorde, asook God se woorde in Sagaria, gebruik die beeld van kinders wat speel as ’n teken van welvaart en vreugde wat afgelei kan word uit die konteks. Dit is belangrik om kennis te neem van speel wat natuurlik kom vir kinders, aangesien die doel van pastorale berading is om kinders te ontmoet op hulle vlak.

## 4.3 KREATIWITEIT IN DIE BYBEL

### 4.3.1 Kommunikasie met God

Daar bestaan baie kommentare en boeke wat die Bybel en die verskillende boeke daarin interpreteer. Twee voorbeelde van Bybelse ensiklopedieë is, "*A survey of the Old Testament"* deur Andrew E. Hill en John H. Walton (2016) en "*A survey of the New Testament"* deur Robert H. Grundy (2012). Die samehangende tema van die Bybel wat gesien kan word in sulke boeke en kommentare is kommunikasie met God. God kommunikeer met Sy volk en Sy volk kommunikeer met Hom op verskeie maniere. Die navorser gaan met behulp van wetenskaplike bronne vasstel watter vorms van kommunikasie bestaan, en relevant is tot die beantwoording van die navorsingsvraag.

Nie net bevat die Bybel verskillende temas binne die wye verskeidenheid boeke nie, maar daar is ook ’n verskeidenheid emosies wat voorkom (Swensen, 2017). Die Bybel is ’n boek vol hoop en Yahweh is ’n God van liefde, maar ongewenste emosies soos woede, wraak, hartseer en haat kom ook in die Bybel voor (Swensen, 2017). Die navorser gaan dele van die Psalms bestudeer, aangesien dit deel vorm van die kanon en die boek ryk is aan emosieuitdrukking teenoor God (VanGemeren, 2017:1). In die Psalms is daar 150 hoofstukke waarin lesers kan sien hoe God se volk Israel met Hom in verhouding gestaan het (VanGemeren, 2017:1).

Die Psalms is meer gerig op die emosionele en persoonlike worstelings van die mens. Dit is om hierdie rede dat die navorser besluit het om ’n duideliker blik op die mens se uitroepe na God te gee soos wat dit sigbaar word in die Psalms. In verskeie van die Psalms, stel Dawid dit duidelik dat hy verlate, eensaam en hopeloos voel.

Een derde van die boek van die Psalms bestaan uit klaagliedere. Bloom (2012) beskryf die klaagliedere as ’n geskenk van God aan die leser, omdat dit ons kan help in moeilike tye. Die Psalms bevat individuele klaagliedere en gemeenskaplike klaagliedere. Individuele klaagliedere sluit in Psalms 3-5, 7, 9-10, 13-14, 17, 22, 25-28, 31, 35, 39-43, 41, 42-43, 52-57, 59, 61, 64, 69-71, 77, 86, 88-89, 109, 120, 139-142 en gemeenskaplike klaagliedere sluit in Psalms 12, 44, 58, 60, 74, 79, 80, 83, 85, 90, 94, 123, 126, 129 en 137 (Hays & Duvall, 2011:304-305). Die Psalms leer ons om eerlik en oop voor God te wees. Dit is beter om ’n probleem waarmee daar geworstel word na God te bring in gebed (Stedman, 1997). Een voorbeeld is Psalm 137, waar die skrywer sy smarte voor God bring. Volgens Bloom (2012) word verskeie emosies genoem in die Psalms, byvoorbeeld:

- Psalm 140: woede,
- Psalm 69: vrees,
- Psalm 85: verlange,
- Psalm 102: verwarring,

- Psalm 22: verlatenheid,
- Psalm 74: teleurstelling en
- Psalm 88: depressie.

Die navorser het Psalm 137 geselekteer vir eksegese, aangesien die fokus in hierdie studie gerig is op die uitstorting van smarte en emosies voor die Here. Nie net vorm hierdie Psalm deel van die klaagliedere nie, maar dit is ook ryk aan simboliek en semantiese tegnieke.

4.3.1.1 Eksegese van Psalm 137

Wanneer kinders speel, breek hulle sekere tonele op in kleiner dele wat hulle toelaat om te "praat" oor hul negatiewe gevoelens deur uitdrukking te gee daaraan (Hofmeyer & Morrison, 2008:212). Die navorser wil om hierdie rede kinders juis assisteer hierin deur in diepte te kyk na die Psalms, die boek in die Bybel wat die mens toelaat om emosioneel te konnekteer met die Skrif – meer as enige ander boek (Hays & Duvall, 2011:303).
Die Psalms se hoofdoel is vir gebruik as publieke lofsange, maar ook vir meditasie gedurende private Bybelstudie en gebed (Hays & Duvall, 2011:24). Die klaagliedere en desperate uitroep na God in die verskeie Psalms wys dat die Here die gevoelsuitdrukking van emosies toelaat, aangesien die outeur so brutaal eerlik is oor sy emosies (Hays & Duvall, 2011:303). Stedman (1997) is selfs van mening dat God wil hê Sy kinders moet by Sy voete kan treur, omdat Hy weet dat ons dit nodig het. Verder ontdek lesers in die Bybel dat Dawid, 'n man na God se hart, voor die Here getreur het in Psalm 142 toe hy homself by die grot van Adullam bevind, omdat hy van Saul gevlug het, en met tye het hy ook voor die Here gedans, soos met die terugkoms van die verbondsark (Guzik, 2022).
Party kenners glo dat die rede waarom 'n verskeidenheid emosies beskryf word in die kanon en spesifiek in die Psalms, is vir die mens om die vrymoedigheid te kan hê om hierdie voorbeeld te volg en emosies vrylik uit te druk (Bloom, 2012). Dit gee die mens die vrymoedigheid om, nes Dawid, na God toe te kom met alles en enige iets. Waar volwassenes na God toe kom met woorde wat voldoende is om gevoelens mee uit te druk, weet kinders nie noodwendig altyd hoe om dit wat hulle voel uit te druk nie (Gill, 1991:28). Die navorser kan dus, deur die kommunikasiemedium van kinders te probeer verstaan, dit vir kinders moontlik en makliker maak om hul gevoelens uit te druk.

Ter wille daarvan om 'n beter verstaan van die Psalms te hê, gaan die navorser in diepte kyk na Psalm 137. Alhoewel die navorser hoofsaaklik vanuit 'n Pentekostalistiese paradigma werk, gebruik sy vir eksegetiese doeleindes die grammaties-historiese eksegetiese metode van Jordaan *et al.* (2011), wat meer Gereformeerd is, as benadering.

*A. "Grammaties" binne die grammaties-historiese benadering*

Die navorser as eksegeet moet duidelikheid kry oor presies wat geskryf staan, wat woordbetekenis, die samehang van woorde en die konteks insluit (Jordaan *et al.*, 2011:235).

- *Tekskritiese kontrole*

Die eerste stap is om verskillende weergawes van die teks te vergelyk. Hiervoor gebruik die navorser die 1983-Afrikaanse vertaling van die Bybel (Bybel, 1983) en die 2002-Boodskap vertaling van die Bybel (Van Der Watt & Joubert, 2002). Eersgenoemde is 'n teks-vir-teks vertaling, terwyl laasgenoemde 'n parafrasevertaling is.

| **1983-Afrikaanse Bybel vertaling** | **2002-Boodskap vertaling** |
|---|---|
| **As ek jou sou vergeet, Jerusalem**<br><br>1 By die riviere van Babel, daar het ons gesit, en ons trane het gevloei as ons aan Sion dink.<br><br>2 Aan die wilgerbome in daardie land het ons ons liere opgehang<br><br>3 toe dié wat vir ons gevange weggevoer het, ons gevra het om 'n lied te sing, toe dié wat vir ons leed aangedoen het, van ons vrolikheid wou hê: "Sing vir ons 'n lied oor Sion!"<br><br>4 Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?<br><br>5 As ek jou sou vergeet, Jerusalem, mag my regterhand dan verlam raak.<br><br>6 Mag my tong aan my verhemelte vaskleef as ek aan jou nie dink nie, as Jerusalem nie my grootste vreugde bly nie.<br><br>7 Onthou die Edomiete, Here, die dag toe Jerusalem ingeneem is, hoe hulle aangehou het met sê: "Breek af, breek af die stad tot op sy fondamente!"<br><br>8 Dat jy verwoes sal word, Babel, is seker. Gelukkig is die man wat jou terugbetaal vir wat jy ons aangedoen het!<br><br>9 Gelukkig is hy wat jou babatjies gryp en teen 'n klip verbrysel. | *Geen opskrif*<br><br>1 "Ver van die huis af het ons gesit, eensaam by 'n rivier in Babilon. Daar was ons slawe in die vreemde. Ons het gehuil. Sonder 'n land en ons eie plek om die Here te aanbid het ons gehuil as ons aan die huis terugdink.<br><br>2 Ons wou nie meer sing en musiek maak nie.<br><br>3 Die mense wat ons gevang en so sleg behandel het, het ons gespot. Hulle wou hê ons moet vrolik sing en bly wees, maar ons kon nie. Hulle het geëis: "Sing 'n lied oor die Here se woonplek in Jerusalem!"<br><br>4 Hoe kan ons liedere sing wat al die ou herinnerings terugbring? Dit is net nie dieselfde om die Here hier te loof nie. Ons is te ver van die plek af waar ons Hom altyd gedien en aanbid het.<br><br>5 Ek sal Jerusalem, waar ons die Here aanbid het, nooit vergeet nie, al is dit nou 'n ashoop.<br><br>6 As ek die stad vergeet, kan ek net sowel vergeet om my regterhand te gebruik. Dit sal nie gebeur nie. Mag ek vir altyd ophou praat as ek daardie plek vergeet waar ons die Here aanbid het. Niks maak my blyer as om daaraan te dink nie. |

| | |
|---|---|
| | 7 Here, straf die mense wat ons kosbare tempel platgeslaan het. Hulle het ons besteel. Hulle het gesê: “Breek dit af; slaan dit plat tot op die grond.”<br><br>8 O, julle mense van Babel wat ons plek verwoes het, die Here gaan julle ook verwoes. Julle verdien ’n swaar en wrede straf. Gelukkig is die een wat jou vergeld vir wat jy aan ons gedoen het.<br><br>9 As iemand julle kinders se koppe teen die mure stukkend slaan, is dit julle verdiende loon.” |

Die navorser vergelyk die 1983-vertaling en Die Boodskap-vertaling. Daar is baie verskille tussen die twee vertalings, maar die navorser lig slegs die volgende uit omdat daar uit Psalm 137 vers 1, 2 en 6 spesifieke inligting bekend word.

- Psalm 137:1: Terugblik op hul tuiste wat hulle verloor het en daarom kan trauma afgelei word deur geforseerde onteiening.
  - 1983: “as ons aan Sion dink.”
  - Die Boodskap: “as ons aan die huis terugdink.”
- Psalm 137:2: Die emosionele gevolge as gevolg van die trauma, die volk se normale gedrag is ontwrig en is as’t ware van hulle weggeneem. Hulle het nie meer vreugde ervaar nie.
  - 1983: “Aan die wilgerbome in daardie land het ons ons liere opgehang.”
  - Die Boodskap: “Ons wou nie meer sing en musiek maak nie.”
- Psalm 137:6: Wanneer persone trauma ervaar, neem hulle ’n sekere eed af vir wat hulle voortaan beplan om te doen of nie te doen nie.
  - 1983: “Mag my tong aan my verhemelte vaskleef as ek aan jou nie dink nie.”
  - Die Boodskap: “As ek die stad vergeet, kan ek net sowel vergeet om my regterhand te gebruik.”

Die navorser kan meer verskille as ooreenkomste tussen die bogenoemde twee vertalings onderskei, maar die woordkeuses bly steeds getrou aan die betekenis van die teks.

- *Grammatiese ontleding*

Psalm 137 se genre is ’n klaaglied, maar vorm ook deel van die liedere van Sion, waar God verhef word (Barton & Muddiman, 2001:402). Hierdie psalm val binne Boek 5 van die Psalms se struktuurindeling.

Verder kan Psalm 137 se struktuur geïllustreer word aan die hand van Daniel Simango (2018) en die navorser vertaal dit vry[11]:

Strofe I (1-4): Opstelling en klagtes

- Strofe A (1-2): Beskrywing van die moeilike omstandighede
- Strofe B (3): Bespotting deur die vyand
- Strofe C (4): Klaende uitroep

Strofe II (5-6): Totale toewyding en toewyding aan Jerusalem

- Strofe D (5-6): Toewyding aan Jerusalem

Strofe III (7-8): Vloeke teen Edom en Babilon

- Strofe E (7): Vloek teen Edom
- Strofe F (8-9): Vloek teen Babilon

Die drie strofes waarin die Psalm verdeel is, volg logies op mekaar om die oorsaak-en-gevolg-funksionering uit te lig vir wanneer iemand trauma ervaar het.

- *Morfologie*

Die volgende woorde is geselekteer vir ’n morfologiese ontleding ten einde die woorde, asook die hoofstuk, beter te verstaan:

- Sion (v. 1) – צִיּוֹן (Tsiyyon). Betekenis: ’n berg in Jerusalem, ’n droë plek, ook gebruik as ’n ander naam om Jerusalem self te beskryf (Strong, 1990).
- Lied (v. 3) – שִׁיר (shiyr). Betekenis: ’n lied, van musikale aard (Strong, 1990). Hierdie woorde is van belang omdat dit weereens hul verlange na hul tuiste beskryf, en omdat hulle “iets” – in hierdie geval, hul lied – verloor het as gevolg van die trauma.

- *Tekstuele konteks van die perikoop en die boek*

Die Psalms vorm deel van die wysheidsboeke in die Ou Testament (Hill & Walton, 2016:420). Die boek se formaat bestaan uit drie hoofgenres: lofprysing, klaagliedere en wysheid. Hierdie Psalm se outeur is onbekend, maar dit is duidelik dat die individu deel was van die Babiloniese ballingskapgeskiedenis. Die genre van Psalm 137 is ’n klaaglied (Dahood, 1970:269) en die skrywer stort sy hart voor die Here uit as gevolg van die trauma van wat met hulle gebeur het.

[11] Struktuur van Psalm gehaal uit *A comprehensive reading of Psalm 137* (Simango, 2018).

Die volgende struktuur van die hele Psalmboek is geleen uit "*A survey of the Old Testament*" en word vry vertaal deur die outeur[12]:

- Boek I bestaan uit Psalms 1-41 en bestaan hoofsaaklik uit die Dawid-groep (3-41).
- Boek II bestaan uit Psalms 42-72 en word verdeel in die psalms van die Seuns van Korag (42-49) en 'n tweede Dawid-groep (51-65).
- Boek III bestaan uit Psalms 73-89 en word verdeel in die Asaf-groep (73-83) en tweede Seuns van Korag groep (84-88, uitsluitend 86).
- Boek IV bestaan uit Psalms 90-106 en is bekend as die gemeenteprys-groep (95-100).
- Boek V bestaan uit Psalms 107-150 en word verdeel in die Halleluja-groep (111-117), die liedere van opgang na Jerusalem (120-134), derde Dawid-groep (138-145), en die gemeenteprysgroep (146-150).
- Psalm 137 val in boek vyf en kom onvanpas voor, aangesien boek vyf hoofsaaklik lofprysingspsalms is wat gesing is tydens die terugkeer na Jerusalem na die ballingskap.

*B. "Histories" binne die grammaties-historiese benadering*

- *Bepaling van die openbaringshistoriese plek*

As deel van die belydenis dat die Bybel God se Woord is waarin Hy sy openbaring in geskrewe vorm aan die mens gee, gaan die Gereformeerde hermeneutiek van die standpunt uit dat elke deeltjie van die Bybel deel van God se openbaring vorm (Jordaan *et al.,* 2011:236).

Na aanleiding van die bogenoemde standpunt oor Skrifgesag, kan die perikoop ook hanteer word as deel van die openbaringshistoriese lyne wat soos goue drade regdeur die Bybel getrek word. Om die openbaringshistoriese plek te bepaal, is dit belangrik dat die perikoop vergelyk word met ander Skrifgedeeltes in die Bybel wat dieselfde tema en/of linguistiese inhoud gebruik. Die navorser vergelyk Psalm 137, as 'n gemeenskaplike klaaglied, met Psalm 44 en Psalm 80, wat beide ook klaagliedere is wat deur groepe mense gesing word (Hays & Duvall, 2011:304-305).

Psalm 137 is 'n psalm wat handel oor die Babiloniese ballingskap (Mare, 2010:116). Daar is verskeie ander Skrifgedeeltes in die Bybel wat ook hierdie tema inhou, naamlik Esegiël 1, Klaagliedere 2 en 3 en Jeremia 29 (Anon., 2001). Die vraag wat ontstaan by lesers is, hoe pas hierdie Skrifgedeelte in by die algehele tema van God se bevryding? Mare (2010) meen dat Christene vandag hierdie perikoop kan lees deur die lens van die outeur en sy medemense se harte teenoor God. Alhoewel daar vloeke oor hul vyande uitgespreek is, het die volk nooit wraak in hul eie hande geneem nie, maar het liewer uitgeroep na God om geregtigheid te laat geskied – iets wat ook 'n beginsel in die Nuwe Testament is (Romeine

[12] Struktuur gehaal uit *A survey of the Old Testament* (Hill & Walton, 2016:421)

12:19-21). Die volk het ook nie in ’n tyd van nood gesing en gedans voor God nie, inteendeel, hulle het geween en gekla. Jesus self het in die Nuwe Testament, met direkte woorde wat aangehaal word uit die Psalms, ook uitgeroep na God gedurende die kruisiging (Matteus 27:46). Bogenoemde stelling gee vir lesers die vrymoedigheid om eg te wees oor hul emosies voor God (Mare, 2010:126). Dus kan die navorser aflei dat Psalm 137 ook aansluit by die openbaringshistoriese lyne in die Bybel.

Die skrywer begin die Psalm met “By die riviere van Babel” (Bybel, 1983). Dit was algemeen onder Semitiese mense om op die grond te sit terwyl hulle treur (Dahood, 1970:269). Die volk het konstant terugverlang na Sion, maar nie slegs as ’n fisiese plek nie; vir hulle het Sion die Here se teenwoordigheid verteenwoordig (Metzger & Coogan, 1993:23). Dit was uiteindelik dan ’n diepe uitroep na God en ’n uitroep wat elke gelowige in moeilike omstandighede steeds maak.

Israel het simbolies in vers 2 hul harpe opgehang om uit te beeld dat harpe gewoonlik gebruik is vir lofsang, maar daar was nou geen rede vir lofsang nie (Dahood, 1970:270). Dit is interessant dat Psalm 137 uitdruk hoe Israel nie wou sing nie, maar Psalm 137 is geskryf as ’n lied, aangesien verskeie kenners glo dat die skrywer ’n musikant was (Collins & Senior, 2006:536). Die feit dat die Israeliete nie net woorde nie, maar ook musiek gebruik het, dui daarop dat daar nie een rigiede manier is vir die uitdrukking van gevoelens nie, maar verskeie. Die Israeliete het musiek gebruik om hul emosies uit te druk, in lyn met wetenskaplike bronne vandag wat kan bevestig dat musiek terapeuties is. VanFleet *et al.* (2010:14) noem dat musiekterapie ’n tegniek is wat gebruik kan word in direktiewe spelterapie, aangesien musiek bewys is om die gedrag van die mens te beïnvloed. Robert M. Cooke noem in “*The journal of music therapy”* dat musiek angs verlig, aandag en konsentrasie verbeter, uitdrukking van emosies bevorder en negatiewe gevoelens kan reguleer (Cooke, 1969:66).

- *Bepaling van die kultuurhistoriese gerigtheid*

Die Psalms bevat verskillende temas, geskryf deur ’n verskeidenheid outeurs met verskillende doelwitte in gedagte, aangesien elke outeur homself in ’n unieke situasie bevind het (Hill & Walton, 2016:429). Dit is dus moeilik om die doelwit van die boek as geheel vas te stel, maar die fokus vir hierdie studie is gerig op die doel van Psalm 137. Die datum van die samestelling van Psalm 137 is ongeveer 538 v.C., terwyl die Babiloniërs steeds aan bewind was, gedurende die tyd toe Israel weggevoer is in ballingskap. Anderson (1972:897) meen dat hierdie Psalm waarskynlik geskryf is om te dien as ’n klaaglied, aangesien baie Israeliete in dié tyd gebid en gepleit het vir die herstel van Jerusalem en die welvaart van die volk. Verder argumenteer Kraus (1989:502) dat individue van die volk bymekaargekom het in huise om die verwoesting van Jerusalem te betreur en om die Skrif te deursoek en te mediteer op die beloftes vir die toekoms. Die navorser kan dus vasstel dat die oorspronklike doel van hierdie Psalm was om die haglike omstandighede van die volk uit te spreek.

*C. Konklusie van eksegese*

Hays en Duvall (2011:19) beskryf die intensie van die Bybel as "God's story for the whole world" en noem dat, alhoewel daar meer as een boek in die Bybel is, elke boek bydra tot die vorming van die *een* boek (Hays & Duval, 2011:19). Daar bestaan baie kontroversie oor die outoriteit van die Bybel en die inhoud daarvan, maar die navorser stem saam met Hays en Duvall en kan hieruit aanvaar dat die inligting in die Bybel met 'n doel in gedagte geskryf is. Psalm 137 is 'n voorbeeld van hoe mense wat onder druk, spanning en trauma verkeer, in die eerste plek uitroep na God en in die tweede plek wat die invloed van hierdie gebeure op hulle lewe is.

Na aanleiding van die eksegetiese inligting wil die navorser die volgende retoriese vrae vra, as klaagliedere in die Bybel is om ons te help en aan te moedig om ons gevoelens uit te druk, sluit dit kinders dan uit? Kinders leer dat hulle enige iets met God mag deel, maar hoe gemaak as hulle nie die woordeskat besit om elke emosie, gevoel of gebeurtenis – wat baie wyd kan strek – uit te druk nie? As speelgoed beskryf word as kinders se woorde en spel as hulle taal (Landreth, 2002:9), hoe kan ons kinders akkommodeer om dit aan te wend, om op so 'n manier hulle behoeftes aan God bekend te maak? Die navorser wil die belangrikheid van die uitdrukking van emosie in die Bybel op so 'n manier aanwend dat kinders ook hul emosies na God toe kan bring.

### 4.3.2 Stories in die Bybel

Die volgende is 'n baie interessante en insiggewende scenario wat geestelike leiers tot 'n belangrike besef gebring het. Die outeur vertaal die gevallestudie vry[13]:

> Twee Sondagskooljuffrouens deel hierdie ervaring toe hulle op 'n Sondag weer die normale Sondagskoollessie moes aanbied. Die energievlakke onder die kinders en onder die juffrouens is gewoonlik baie hoog en die aktiwiteite waaraan daar deelgeneem word vol pret!
> Op hierdie spesifieke dag het die een juffrou besluit om haar lessie heeltemal oor te slaan en liewer net 'n lys van liefdadigheidsaktiwiteite op die bord te skryf, onder andere kos uitdeel aan armes, die bystaan van ons maatjies wat deur moeilike tye gaan, 'n bydrae by die sopkombuis, ensovoorts. Terwyl sy voor besig was, was daar 'n woeling onder die seuns. Hulle het kort-kort gesels en dit het naderhand in 'n groot lawaai ontaard. Sy het toe omgedraai en met groot frustrasie gevra: "Hou julle dan nie van Sondagskool nie?" Een van die seuns het haar geantwoord en gesê: "Ons hou van die stories."

[13] Gevallestudie gehaal uit *Black and white fire: the interplay of stories, imagination and children's spirituality* (Trousdale, 2004).

Die belangrike beginsel wat die Sondagskooljuffrouens hieruit leer is die aanloklikheid en krag van stories vir kinders (Trousdale, 2004:178). Jerome Bruner (1986) beskryf twee kognitiewe instellings, naamlik paradigmaties en narratief. Hy definieer paradigmatiese kognisie as die beskrywing van ’n beginsel gevolg deur kategorieë wat daarmee verband hou om ’n tipe sisteem te vorm (Bruner, 1986:11). Dit is die aard van verduideliking, wanneer feite gelys word en alles gebaseer is op logiese denke. Narratief, aan die ander kant, is die gedagtepatroon waarby ’n tipe werklikheid betrokke is waarmee die mens kan vereenselwig. Daar word maklik met ’n narratiewe gedagtepatroon vereenselwig, in kontras teenoor die meer emosielose, logiese paradigmatiese gedagteproses. Hierdie gedagtegange sluit ook aan by twee vorms van kommunikasie, naamlik outoritatiewe kommunikasie en narratiewe kommunikasie (Bakhtin, 1981:342-343).

Dit is interessant om na die Bybel te kyk deur hierdie lens, aangesien die Bybel beide vorms van kommunikasie bevat wat ook geklassifiseer kan word as verskillende genres. Hays en Duvall (2011:1148) verdeel die genres in die Bybel as volg in poësie (klaagliedere, dankliedere en gesange), profesie (oordeel, beloftes van seën en apokaliptiek), prosa (narratief, geskiedenis en wette), evangelies, gelykenisse, toesprake, geskiedenis, briewe en apokaliptiek. In boeke soos Levitikus en Numeri kom daar outoritatiewe kommunikasie voor, maar in boeke soos 1 en 2 Samuel, Matteus en Lukas kom ’n meer narratiewe vorm van kommunikasie voor. Die volgende retoriese vrae kom dan weer op, hoe sou ons verstaan van die Bybel gelyk het as ons nie onsself met stories kon vereenselwig nie? Gestel dat die Bybel bestaan het uit slegs outoritatiewe kommunikasie? Sou ons dit moeilik gevind het om onsself in te leef in so ’n rigiede manier van kommunikasie? (Trousdale, 2004:180).

’n Joodse kommentaar wat fokus op die openbaringsgeskiedenis in die Bybel sê die volgende:

> …as having been composed in black and white fire. The black fire is seen in the form of the printed or handwritten words on the page or scroll; the white fire is found in the spaces between and around the black. The black fire is fixed for all time; the white fire is forever kindled by fresh encounters between changing times and the unchanging words. The black fire establishes the canonized object we can all see before us; the white spaces represent the endless potential for the fresh interpretation of that object (Pitzele, 1998:23-24).

Die outeur se kommentaar verduidelik dat “wit vuur” die spasie is wat gelaat word vir die verbeelding, vir vereenselwiging, vir daardie groot spronge van begrip (Pitzele, 1998:24). Openbaringsgeskiedenis in die Bybel is verreweg meer betekenisvol as wat algemeen veronderstel word. Literatuurteoretikus Wolfgang Iser het ’n soortgelyke perspektief gebied met die lees van openbaringsgeskiedenistekste. Hy het genoem dat skrywers in die Bybel juis gapings los sodat lesers die vryheid het om hul verbeelding te gebruik en hierdie gapings te vul met subjektiewe ervarings en perspektiewe (Iser, 1978:111). Of die

Bybel geskryf is met hierdie selfde intensie of nie, stories in die Bybel laat steeds dieselfde geleentheid vir die gehoor.

### 4.3.3 Simboliek in die Bybel

Dit is welbekend dat die Bybel vol beeldspraak en stylfigure is. Nie net het die skrywers van die Ou Testament metafore en vergelykings gebruik om God te beskryf nie, maar Jesus het in die Nuwe Testament gereeld gebruik gemaak van gelykenisse om beginsels te verwoord. In Hosea 13:7-8 en in Deuteronomium 32:10-12 vergelyk God Homself met diere (Bybel, 1983).

Die antwoord op hoekom God met diere vergelyk word, is eenvoudig sodat die mens Sy karaktereienskappe beter kan verstaan (Stewart, 2023). Jesaja 55:8-9 is ’n goeie herinnering dat God se denke baie hoër is as die denke en begrip van die mens. Om hierdie rede is dit nodig dat God vergelyk word met dit wat bekend is aan die mens sodat Sy eienskappe beter begryp word. Daar is nog verskeie ander verse in die Bybel waar vergelyking plaasvind. Angs wat oor die mens kom word vergelyk met ’n storm (Spreuke 1:27), die Here beskerm die mens soos ’n skild (Psalm 3:3), baie mense wat saamtrek word vergelyk met sprinkane (Rigters 6:5), wysheid word vergelyk met ’n vrou wat in die strate uitroep en die regte pad aandui (Spreuke 1) en dwaasheid word vergelyk met ’n ontugtige vrou wat vermy moet word (Spreuke 5). Die Bybel bevat verskeie vorms van simboliek en daarom is die navorser ’n voorstaander van die vrymoedigheid om simboliek binne pastorale beradingsessies te gebruik.

Jesus gebruik ook verskeie gelykenisse, onder andere in Lukas 13:18-20 en Matteus 5:14-16. Hy doen dit sodat sy luisteraars beter kan verstaan, maar Hy maak gebruik van hierdie metafore, vergelykings en analogieë juis omdat dit so diep en ryk aan betekenis is. Gelykenisse in die Bybel het gewoonlik meer as een betekenis en boodskap (Mitchell, 2023). ’n Voorbeeld hiervan is toe Jesus die gelykenis van die ware wingerdstok in Johannes 15:5 vertel het. Hy het meer as een punt probeer maak – nie net moet die dissipels in Hom gewortel bly nie, maar die wingerdstok simboliseer dat Jesus ’n bron van lewe is, en ook dat die lote en die wingerdstok een is. As een van hierdie lote afgesny word, gaan hy dood – so ook gaan die mens geestelik dood as hy van Jesus afgesny word. Soveel gaan verlore wanneer die mens beperk word tot een betekenis verkry vanuit ’n gelykenis (Mitchell, 2023). Die metafore en vergelykings wat Jesus in Sy gelykenisse gebruik, vereis ’n gewigtige beskrywing en die diepte van Jesus se gelykenisse herinner ons dat die Woord daagliks verken moet word. “Likewise, they remind us that it takes time and sensitivity to truly understand what someone has said to us” (Mitchell, 2023).

Jesus was ’n wonderlike storieverteller! Hy het stories (gelykenisse) vertel om mense se verbeelding te prikkel en Hy het geweet dat deur storievertelling mense meer geneig is om te luister. Gelykenisse is stories wat geleen is uit die sigbare wêreld om beginsels van die onsigbare (geestelike) wêreld te verduidelik (Lisco, 1846:2). Hy het veral gefokus op stories waarmee die mense kon vereenselwig, soos konings, boere, bedelaars, troues en oorloë (UUA, 2023). Die navorser sien raak dat, alhoewel daar nie

in die Bybel direk van speel as ’n beradingstegniek gepraat word nie, daar tog vorms van speel plaasvind. Die Bybel bevat baie simboliese taal en storievertelling wat kreatiewe maniere is om die mens se verstaan van beginsels te verryk. Die navorser het in vorige hoofstukke gestaaf dat kinders uniek is en ander kommunikasiemiddels benodig. Soos Jesus se woorde en dié van ander skrywers in die Bybel op kreatiewe maniere met die lesers kommunikeer, so ook kan hulpverleners op kreatiewe maniere met kinders kommunikeer. Dit kan verwoord word in die bekende vergelyking, nes God se verstand hoër is as ons s’n en Hy sekere beginsels aan ons verduidelik op ons vlak, so ook is volwassenes se verstand hoër as dié van kinders en moet hulle ook ’n weg baan vir kommunikasie op die kind se vlak.

#### 4.3.4 Die gelykenis van die mosterdsaad: ’n Eksegese

Gelykenisse is stories wat Jesus vertel het om die koninkryk van God aan sy luisteraars te verduidelik. Elke gelykenis het ’n spesifieke beginsel wat Jesus wil verwoord, en om te verseker dat Sy volgelinge en dissipels die evangelie wat Hy preek kan verstaan, vertel Hy dit deur scenario’s te gebruik waarmee die skare kan vereenselwig (Lisco, 1846:2). Die navorser poog om gelykenisse beter te verstaan sodat dit effektief in die pastorale situasie gebruik kan word en daarom word ’n eksegese van Markus 4:30-32 ingesluit. Die navorser gebruik weer die grammaties-historiese eksegese van Jordaan *et al.* (2011) as benadering.

A. *Grammaties binne die grammaties-historiese benadering*
   - *Tekskritiese kontrole*

| 1983-Afrikaanse Bybel vertaling | 2002-Boodskap vertaling |
|---|---|
| 30 Hy het ook gesê: “Hoe sal ons die koninkryk van God voorstel, of met watter gelykenis sal ons dit uitbeeld?<br><br>31 Dit is soos 'n mosterdsaadjie. Wanneer dit in die land geplant word, is dit die kleinste van al die soorte saad daar in die land.<br><br>32 Maar as dit eenmaal geplant is, kom dit op en word dit groter as al die tuinplante. Dit kry sulke groot takke dat die voëls in sy skaduwee kom nes maak.” | 30 Waarmee kan Ek God se nuwe wêreld nog vergelyk of met watter voorbeelde kan Ek dit nog verder vir julle verduidelik?” het Jesus gevra.<br><br>31 “Dit is soos ’n mosterdsaadjie. Dit is seker die kleinste saadjie wat ’n mens kan saai.<br>32 Tog, as ’n mens dit plant, word dit die grootste van al die plante in die tuin. Die takke is so groot dat die voëls dit tussen ander uitsoek om daar nes te maak. |

Die navorser vergelyk die 1983-Afrikaanse vertaling van die Bybel en die 2002-Boodskap vertaling van die Bybel. Daar is nie baie verskille tussen die twee vertalings nie, daarom word slegs die volgende nouverwante verskille uitgelig:

- Matteus 4:30:
    - 1983: “met watter gelykenis sal ons dit uitbeeld?”
    - Die Boodskap: “met watter voorbeelde kan Ek dit nog verder vir julle verduidelik?”
- Matteus 4:31:
    - 1983: “Wanneer dit in die land geplant word”
    - Die Boodskap: “die kleinste saadjie wat ’n mens kan saai”
- Matteus 4:32:
    - 1983: “dat die voëls in sy skaduwee kom nes maak.”
    - Die Boodskap: “dat die voëls dit tussen ander uitsoek om daar nes te maak.”

Dit is duidelik dat, alhoewel hierdie twee vertalings sowat 19 jaar uit mekaar vertaal is, daar baie min verskille tussen die twee bestaan. Die woorde “saai” en “plant” is bloot sinonieme, en die woorde “voorbeeld” en “gelykenis” is nouverwant – die betekenis van hierdie woorde gaan verder in die morfologiese studie bestudeer word.

- *Genre*

Hierdie gelykenis word in Markus gevind, wat die eerste evangelie is wat geskryf is. ’n Evangelie in die Bybel kan identifiseer word deurdat dit rekenskap gee van Jesus se lewe op aarde en die skrywers was ooggetuies wat saam met Jesus geleef het (Grundy, 2012:152).

- *Struktuur van die perikoop*

Aangesien hierdie perikoop ’n gelykenis van slegs drie verse is, is daar ’n tekort aan bronne om die struktuur van die perikoop self uit te lê, maar die struktuur en die verskillende temas binne Markus 4 lyk, volgens Grundy (2012:154), soos volg:

1. ’n Groep Gelykenisse (4:1-34):
    a. Die saad en die grond (4:1-20).
    b. Die lamp (4:21-25).
    c. Die saad wat self groei (4:26-29).
    d. Die mosterdsaad en ander gelykenisse (4:30-34).

Die gelykenis van die mosterdsaad wat in hierdie perikoop gevind word, kan na aanleiding van die bogenoemde uitleg, ook verder bevestig word as een van Jesus se gelykenisse.

- *Morfologie*

Die volgende woorde is geselekteer vir ’n morfologiese ontleding ten einde die woorde, asook die gebruik van gelykenisse, beter te verstaan:

- Gelykenis (v. 30): παραβολῇ (parabolē). Betekenis: vergelyking, figuur, gelykenis, spreekwoord (Strong, 1990)
- Vergelyk (v. 30): ὁμοιώσωμεν (homoiōsōmen). Betekenis: maak soos, vergelyk, lyk na (Strong, 1990)

*B. Histories binne die grammaties-historiese benadering*

- *Bepaling van die openbaringshistoriese plek*

Markus 4:30-32 vorm deel van die gelykenisse wat Jesus aan die dissipels gerig het met die doel om hulle voor te berei vir hul eie bediening na Jesus se hemelvaart (Henry, 1963). Hul woorde in vers 30, "Hoe sal ons die koninkryk voorstel?", wys hoe Jesus sy gesprekke moes aanpas sodat sy gehoor die beginsel verstaan (Barnes, 1834). Die beeld wat Jesus gebruik het, was baie relevant vir sy gehoor. In Galilea in daardie tyd kon die mosterdsaad 'n boom van ongeveer drie meter hoog produseer en voëls was aangetrokke tot die boom se skadu en sade (Boring, 2006:139). Die beeld verteenwoordig die koninkryk van God waarin mense van verskeie nasies van die aarde skuiling en versorging kan kry. Die koninkryk is soos 'n groot boom wat lewe gee (Boring, 2006:139).

Dit is opvallend dat Jesus die woord "ons" gebruik in vers 30 wanneer Hy beskryf hoe die koninkryk verwoord kan word. Hy sluit Sy dissipels in by Sy wyse van prediking, aangesien hulle ook geroep is om deel te hê in die verspreiding van die evangelie en die herhaling van Sy gelykenisse in die toekoms (Boring, 2006:140). Die gelykenis verteenwoordig ook Jesus en Sy dissipels se bediening, alhoewel dit klein begin, gaan dit groei en oor die hele wêreld strek (Boring, 2006:140).

- *Bepaling van die kultuurhistoriese gerigtheid*

Aangesien Markus deel vorm van die evangelieboeke, is die hoofdoel van die boek om rekenskap te gee van Jesus se lewe op aarde (Grundy, 2012:151). Ander intensies met die skryf van die boek is die bemoediging van Christene in tye van vervolging, die gebruik van leesmateriaal in kerke en vir eenvoudige kategese-instruksie (Grundy, 2021:152). Charles John Elliott, redakteur van die boek "*New Testament Commentary for English Readers"* meen dat Markus, as een van Jesus se dissipels, alles neergeskryf het wat Jesus gesê het gedurende sy tyd op aarde. Die geloofwaardigheid van hierdie evangelieboek kan bevestig word deurdat die boek se doel is om dit wat in die ander evangelieboeke vas gevang word, te bevestig (Elliott, 1878:190).

C. *Konklusie van eksegese*

Die navorser kan, met verwysing na die bostaande eksegese, gelykenisse identifiseer as 'n handige hulpmiddel wanneer pastorale berading met kinders plaasvind. Die rede daarvoor is dat dit ryk aan betekenis is, die kind se verbeelding en wêreld van speel word deur die vergelyking aangewakker, en geleentheid vir vereenselwiging word geskep.

## 4.4 HULPVERLENING EN ONDERSTEUNING IN DIE BYBEL

In 1 Korintiërs 9:19, 22-23 verduidelik Paulus hoe hy sy vryheid in Christus wil gebruik. Alhoewel hy vryheid het, kies hy om "alles te word om in elke geval sommiges te red." Vir die navorser is die woorde "het ek my aan almal diensbaar gestel" (vers 19) en "vir die swakkes het ek swak geword" (vers 22) van belang. Die woord "diensbaar" wat in vers 19 gebruik word, is afkomstig van die Griekse woord "doulos" (δοῦλος, -ου, ὁ) wat beteken om onderworpe aan of 'n slaaf te wees van iemand/iets (to be a slave to, under subjection to) (Strong, 1990). Volgens die HAT beteken die woord "onderworpe" onderdanig aan (Odendal & Gouws, 2005:787).

Andrew MacLaren, 'n welbekende Bybelkommentator vir "*Biblehub*" verduidelik Paulus se woorde in vers 19 soos volg, Paulus het die beginsel van simpatie en empatie verstaan deurdat hy in sy poging om mense te help, naby aan hulle gekom en gepoog het om met hulle te identifiseer (MacLaren, 1906). Jesus het self ook mens geword en aarde toe gekom om Homself te identifiseer met die mens. Aangesien Paulus en Jesus hierdie eienskap gehad het, besef die navorser dat dit 'n belangrike Bybelse beginsel is om te kan vereenselwig met ander.

In vers 22 sê Paulus dat hy swak geword het vir die swakkes. Dit is algemeen dat lesers sal aanneem dat die swakkes waarna verwys word diegene is wat jonk (kinders), arm of fisies hulpeloos is. Bybelkommentare op "*Biblehub*" verwys egter na hierdie swakkes as die wat swak in die geloof is (MacLaren, 1906). Daarom kan die navorser nie hierdie inligting neem en na hierdie swakkes as kinders verwys nie, maar die kommentaar wat hierop gelewer word sê wel verder,

> Not in the sense of sacrifice of principle, but by the operation of a wide reaching sympathy, which enabled him, without compromising his own convictions, to approach all men from their most accessible side (MacLaren, 1906).

Hier word dit weer beklemtoon dat Christene almal moet benader op die mees toeganklike wyse. Die navorser kan hieruit bevestig dat hulpverlening aan die medemens beklemtoon word in die Bybel. Die belangrikheid van hulpverlening word nie alleen beklemtoon nie, maar ook hulpverlening aan alle mense ongeag hul lewensfase. Paulus en Jesus het beide gedaal tot op die vlak van dié wat hulle wou bereik. Die navorser sien dus dat hulpverleners so ook tot op kinders se vlak moet daal om hulle te bereik. Paulus het gekies om met individue wat van hom verskil die mees toeganklike wyse van benadering te gebruik om tot hulle deur te dring.

In voorafgaande hoofstukke is dit bewys dat speelgoed en speel kinders se mees toepaslike wyse van kommunikasie is en fundamentele beginsels vanuit die Bybel wys daarop dat hulpverlening en

ondersteuning van kinders deur die gebruik van speel ’n waardevolle hulpmiddel as beradingstegniek is.

## 4.5 KONKLUSIE

Uit die bostaande navorsing kan die navorser bevestig dat, alhoewel speel as hulpmiddel vir berading nie direk in die Bybel voorkom nie, daar wel indirekte fundamentele beginsels is waarop hierdie benadering gebou kan word. Kinders het nodig dat hulpverleners ’n weg baan vir kommunikasie met God en die uitdruk van emosies op hul eie unieke manier en op hul vlak. Die gelykenisse, simboliek en kreatiwiteit in die Bybel dien as riglyne vir hoe hulpverleners verskeie tegnieke in beradingsessies kan inkorporeer. Die navorser kan dus aflei dat speel en kreatiwiteit wel sal dien as ’n waardevolle hulpmiddel binne die raamwerk van pastorale berading.

# HOOFSTUK 5

# METATEORETIESE RIGLYNE TEN OPSIGTE VAN ’N PASTORALE BEGRONDING VIR SPEEL AS EFFEKTIEWE BERADINGSTEGNIEK

## 5.1 INLEIDING

Die navorser het in die voorafgaande hoofstukke navorsing gedoen oor die agtergrond, inter- en intradissiplines, en Bybelse begronding wat verband hou met speel as ’n beradingstegniek. Die resultaat is beter begrip en insig in die oorsprong en effektiwiteit van speel as beradingstegniek vir kinders. Osmer (vgl. 1.9.2) se vierde en laaste taak van sy navorsingsmodel is, “Hoe kan ons reageer”? Die sentrale teoretiese argument is dat speel ’n waardevolle pastorale beradingstegniek vir kinders is en dat dit ondersteun kan word deur Bybelse beginsels. Die navorser gaan dus metateoretiese riglyne formuleer ten opsigte van ’n pastorale begronding vir speel as effektiewe beradingstegniek. In hierdie hoofstuk word daar telkens net na speel verwys, maar dit impliseer speel as beradingstegniek, dit wil sê direktiewe en/of nie-direktiewe speelbegeleiding tydens pastorale beradingsessies.

## 5.2 RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN SPEEL AS PASTORALE BERADINGSTEGNIEK BINNE DIE PASTORAAT

### 5.2.1. Kerneienskappe en relevansie vir die integrasie van speel tydens pastorale berading

Dit is belangrik om vas te stel wanneer en of die gebruik van speel binne die beradingsessie nodig is. Die pastorale berader moet vir die kind die geleentheid gee om te praat oor die uitdaging/worsteling, aangesien kinders in sommige gevalle die behoefte het om uitdrukking te gee aan emosies deur praat-terapie (vgl. 3.5). Die pastorale berader moet dan met empatie luister na die narratief, en sommige reaksies en liggaamstaal dophou om sodoende emosies wat moontlik nie saam met die narratief beskryf word nie, beter te verstaan. Tog is dit nie baie algemeen dat jong kinders bereid is of oor die vermoë beskik om oor uitdagings te praat nie. Dit word veral onder jonger kinders (3 tot 12 jaar) verwag dat hulle nie die volle woordeskat besit om te beskryf wat met hulle gebeur het nie, daarom moet die pastorale berader ingestel wees op wanneer die gebruik van speel as kommunikasiemiddel nodig is (vgl. 3.5).

Die gebruik van speel kan relevant wees binne ’n verskeidenheid situasies en die pastorale berader is bewus hiervan wanneer ’n beradingsessie betree word. Wanneer ’n kind na ’n pastorale berader toe kom vir hulp met gedragsprobleme waarvan die oorsaak onbekend is, kan speel gebruik word om die oorsake te bepaal. Speeltegnieke is ook relevant wanneer kinders trauma beleef het. Trauma ervarings is

emosioneel oorweldigend vir kinders en (soos bespreek in hoofstuk 2) word die trauma-geheue dan vasgevang in die nie-verbale dele van die brein, terwyl die vermoë om hierdie gebeure te verwerk in die frontale lobbe van die brein geleë is. Deur speelterapie verskuif die trauma-geheue vanaf die nie-verbale dele van die brein na die frontale lobbe (vgl. 2.4). Kinders beskik nie soos volwassenes oor die verbale vermoë om uiting aan trauma-gebeure te gee nie en daarom is speel – as die 'verbale vermoë' van kinders – so belangrik. Speel kan gesien word as die teenoorgestelde van trauma omrede dit dopamien ('n goed-voel hormoon) vrystel, waar trauma die liggaam in 'n toestand van konstante waarskuwing plaas. Herhaaldelike speel is dus 'n tegniek wat toegepas kan word vir die verwerking en hantering van onderdrukte trauma-geheue en -emosies (vgl. 2.4).

Speel kan selfs dien as voorbereiding wanneer kinders groot gebeure het om te hanteer. 'n Voorbeeld hiervan is die voorbereiding vir mediese prosedures (vgl. 2.5.1). Die pastorale berader maak gebruik van dit waarmee die kind bekend is (speelgoed en speel) om hom/haar voor te berei vir dit wat onbekend is. Die bogenoemde stelling dui daarop dat speel as voorbereiding gebruik kan word vir ander groot lewensgebeure, byvoorbeeld verhuising, verandering van skole, of selfs immigrasie. Die beginsel hier is dat situasies wat "groter as ek" voel, minder oorweldigend gemaak word deur speel (vgl. 3.3).

Verder is speel relevant wanneer kinders enige emosionele worstelinge ervaar. Die dood van 'n geliefde, siekte in die familie, of die afwesigheid van een of albei ouers het dikwels blywende emosionele effekte op kinders (vgl. 2.5.1). Aggressie, angs of enige gedragsprobleme kan ook die gevolg wees van opgehoopte emosies wat die kind nie andersins kon uitdruk of begryp nie. Dit is belangrik dat die pastorale berader in gedagte hou dat kommunikasie die grootste verskil is tussen kinderberading en volwasse berading. Dit is daarom ook nodig om self te onderskei wanneer speel relevant is, aangesien die betrokke kind nie kan verbaliseer wanneer opgehoopte emosies of onverwerkte trauma innerlike worsteling veroorsaak nie (vgl. 2.4).

Behalwe vir traumaverwerking en emosionele uitdrukking is speel ook relevant in ander situasies (vgl. 3.2.2.1). Speel bou 'n sterk selfbeeld. 'n Swak selfbeeld kan deur 'n groot verskeidenheid gebeure of faktore veroorsaak word. Selfs al is die oorsaak onbekend kan die kind se selfbeeld en identiteit reeds begin versterk word deur speel. Kommunikasievaardighede word ook deur speel verbeter. Speel leer kinders dat daar ander maniere is om te kommunikeer en dat, alhoewel hulle nie die woordeskat vir "groter as ek"-situasies besit nie, kan speel as 'n vorm van kommunikasie dien (vgl. 1.4). Speel bevorder gesonde ontwikkeling, aangesien probleemoplossingsvaardighede, die beginsels van wen en verloor, asook spanwerk, lewensvaardighede is wat kinders leer gedurende speel en wat bydra tot gesonde en normale ontwikkeling. Emosionele ontwikkeling word ook bevorder deur speel. Binne die raamwerk van speel leer kinders hulself beter ken. Belangstellings en voorkeure word byvoorbeeld uitgedruk wanneer daar met spesifieke speelgoed gespeel word of sekere scenario's herhaal word. 'n Emosionele

woordeskat word deur middel van speel gebou. Daar bestaan verskeie speletjies waarin kinders emosionele woordeskat leer. Hierdie speletjies sal in diepte later in hierdie hoofstuk bespreek word.

Binne die situasie van ’n pastorale beradingsessie moet die pastorale berader bewus wees van die doelwitte en gewenste uitkomstes om sodoende die kind en die ouers op ’n effektiewe manier te help. Dit moet ten alle tye in gedagte gehou word dat die pastorale berader besig is met ’n pastorale beradingsessie en dat die doelwit is om die kind op sy/haar geestelike en emosionele vlak te ontmoet (vgl. 1.4). Wanneer speletjies gebruik word om beginsels te leer, stories te vertel of ontwikkeling te bevorder, kan die pastorale berader die Bybel en beginsels daarbinne inkorporeer (hieroor sal later uitgebrei word).

Kommunikasie met God, wat insluit die uitdrukking van emosies en worstelinge, kan plaasvind op ander kreatiewe maniere, in plaas van deur slegs te praat. Speel stel kinders in staat om ook hul eie unieke manier van kommunikasie met God te vorm, en as pastorale beraders verhinder ons nie die kinders om na Jesus toe te kom nie, maar ons maak liewer ’n weg deur geleentheid te skep vir kommunikasie (vgl. 4.3.1). In 1 Korintiërs 9 verduidelik Paulus hoe hy sy vryheid in Christus gebruik. Alhoewel hy vryheid het, kies hy om “alles te word om in elke geval sommiges te red.” Selfs Jesus het aarde toe gekom en mens geword om sodoende Homself met die mensdom te vereenselwig en te red (vgl. 4.4). Op dieselfde manier is dit die pastorale berader se plig om tot die vlak van die kind te beweeg en ook op hulle vlak van kommunikasie ’n weg te baan om met God te kommunikeer.

### 5.2.2 Riglyne en wenke vir die pastorale berader

Die navorser besef dat, alhoewel die gebruik van speel binne die pastorale berading-raamwerk effektief is, daar sekere voorsorgmaatreëls in plek moet wees om die effektiwiteit van sessies te verseker. Na afloop van die voorafgaande navorsing, het die navorser die volgende riglyne vir pastorale beraders saamgestel.

- Pastorale beraders kan nie van kinders verwag om die boodskap, konteks of simboliek binne hul speel verbaal te kommunikeer nie. In gevalle van trauma, kan die emosionele en geestelike probleme deur die kind gedissosieer word in sy/haar onderbewussyn en na vore kom tydens spel. Dit is die verantwoordelikheid van die pastorale berader om insig te verkry in die probleme van die kind deur na sy/haar spel te kyk (vgl. 2.5.1).
- Pastorale beraders moet ingestel wees op alles wat gebeur tydens speel. Negatiewe emosies wat kinders nie noodwendig mag of kan uitdruk nie, word dikwels verplaas op speelgoed omdat hulle nie vrees vir gevolge het nie. Hierin kan die konnotasie tussen speel en die werklikheid gemaak word (vgl. 2.5.3).
- Beradingsessies waarin speel gebruik word sal in een van twee rigtings beweeg – direktiewe speel of nie-direktiewe speel. In direktiewe speel stuur die pastorale berader die sessie in ’n gewenste

rigting, wat dikwels die rigting van die probleem is. Die pastorale berader neem die leiding en gee die nodige rigting, struktuur, speelgoed en interpretasie (vgl. 2.5.2). Hierdie tipe speel is dikwels van toepassing wanneer traumatiese gebeure binne die kind se lewe plaasgevind het en verwerk moet word. Met nie-direktiewe speel is dit belangrik dat die pastorale berader gedurende sessies wag dat die kind self binne sy/haar fantasiespel uitdrukking gee aan emosies en eers dan kan hy/sy die geleentheid gebruik om fantasie met werklikheid te verbind (vgl. 2.5.3). Laasgenoemde tipe speel is van toepassing wanneer kinders byvoorbeeld gedragsprobleme het, aggressie toon of sekere optredes toon waarvoor daar geen bekende oorsaak is nie. Pastorale beraders moet kan onderskei en besluit watter tipe speel gepas sal wees vir die betrokke kind, aangesien dit gewoonlik bepaal word deur die kind se behoeftes en persoonlikheid.

- Dit is belangrik dat die kind se ouderdom, en die behoeftes wat daarmee gepaard gaan, in ag geneem word. Waar babas veiligheid en koestering nodig het, het kleuters (2 tot 3 jaar) empatie en om geprys te word nodig, en kinders (4 tot 12 jaar) benodig bemagtiging, beheer en leergeleenthede (vgl. 3.2.2). Sulke behoeftes kan maklik binne 'n beradingsessie geïnkorporeer word, byvoorbeeld deur vir 'n kleuter te sê, "Ek weet dit is moeilik om nou hierdie speelgoed weg te pak voordat jy met die volgende speelding speel, maar dit is ons reëls." Alhoewel dit soos 'n onbelangrike stelling klink, beteken sulke empatie baie vir 'n kind in hierdie ouderdomsfase (vgl. 3.2.2). Nog 'n voorbeeld met 'n kind wat binne die leerfase van 4 tot 12 jaar is, is om hom/haar toe te laat om te leer binne die beradingsessies en nie elke keer bloot te reageer wanneer hy/sy sukkel nie (vgl. 3.2.2.). Wanneer hierdie behoeftes in ag geneem word, kan dit baie waarde bydra tot die gesonde verhouding tussen die pastorale berader en die kind, asook die effektiwiteit van die sessie. Die koestering van emosionele gesondheid onder kinders hou verskeie voordele in, onder andere beter akademiese prestasie, die vermyding van swak gedrag, die inskerping van empatie, verhoogde selfvertroue en die ontwikkeling van gesonde gewoontes (vgl. 3.2.2). Dit is dus belangrik dat pastorale beraders die emosionele behoeftes van kinders verstaan.
- Dit is baie belangrik dat die pastorale berader se eie gevoelens oor die situasie nie die proses domineer of subjektiewe oortuigings op die kind afdwing tydens speel nie. Die beradingsproses moet fokus op die kind as die pastorant se situasie en sy/haar gevoelens daaroor (vgl. 3.5). Wanneer die pastorale berader twyfel oor 'n sekere situasie, kan hy/sy liewer vir die kind vrae vra oor die onsekerheid. 'n Voorbeeld hiervan kan wees dat 'n seuntjie gevra is om 'n prent van sy gesin te teken. Toe die prent voltooi is, let die pastorale berader op dat die kind net homself en sy pa geteken het. Sonder om aan te neem dat die seuntjie nie van sy ma hou of nie 'n goeie verhouding met haar het nie, kan die pastorale berader liewer vra, "Ek sien jy het gekies om net jouself en vir Pappa te teken. Hoekom het jy gekies om dit te doen?" 'n Kind redeneer baie anders as 'n volwassene (vgl. 2.4) en kan daarom byvoorbeeld antwoord, "Mamma is nog by die werk, maar Pappa is hier by my. So, ek het net ons twee geteken, want Mamma is nie nou hier nie." Vanuit hierdie voorbeeld is dit

duidelik dat die pastorale berader dus nie te veel moet inlees in kreatiewe aktiwiteite sonder logiese begronding nie.

- Die pastorale berader moet kommunikeer dat hy/sy werklik verstaan waardeur die kind gaan en hoe hy/sy voel. Intellektuele en emosionele oortuigings moet beide 'n rol speel in die proses (vgl. 3.5). 'n Voorbeeld van 'n pastorale berader se reaksie kan wees, "Ek verstaan dat dit nie lekker is as Mamma meer aandag gee aan jou bababoetie nie." Hier sal dit 'n fout wees om slegs 'n realistiese reaksie te gee soos, "Jou bababoetie het nou meer aandag as jy nodig." Empatie dra groot gewig, want die pastorale berader en die kind se sienings sal heel waarskynlik verskil omdat daar verskillende vlakke van beredenering tussen hulle bestaan. Dit is steeds belangrik om in gedagte te hou dat dit wat vir die kind as pastorant "erg" is, nie noodwendig vir jou as pastorale berader (volwassene) "erg" gaan wees nie, maar steeds moet empatie weerspieël word (vgl. 2.4).
- Wanneer 'n kind as pastorant hom-/haarself binne 'n situasie van teenstrydende gevoelens bevind, moet die pastorale berader binne die gesprek al die elemente van die gevoelens uitlig en daarna die fokus verskuif na morele beginsels (vgl. 2.4). Alhoewel die kind se gevoelens en ervarings baie belangrik is, moet die pastorale berader onthou dat die ouers gekies het om die kind na 'n Christelike pastorale berader toe te bring met 'n vooraf opgestelde oortuiging – die verwagting dat hy/sy geestelike ondersteuning gaan kry. Die pastorale berader het altyd die verantwoordelikheid om terug te draai na 'n moreel korrekte oplossing. Dit is dus baie belangrik vir pastorale beraders om selfs met kinders altyd terug te draai na die Woord van God voordat sessies beëindig word.
- Alhoewel daar in die effektiwiteit van enige beradingsessie geglo word, bestaan daar steeds beperkings waarvan die pastorale berader bewus moet wees. Dit is nie die pastorale berader se verantwoordelikheid om met 'n resep vorendag te kom wat al die kind se probleme sal oplos nie. Die beradingsessie skep slegs 'n veilige ruimte waar die kind enige gevoelens of ongewenste emosies kan uitdruk, emosioneel en kognitief kan ontwikkel en negatiewe ervarings kan verwerk. Die pastorale berader is slegs beperk tot hierdie sessies en die keuse oor wat die uiteindelike uitkomstes sal wees, bly afhanklik van die kind se respons op die berading. So ook is dit wat verder by die huis gebeur, die ouers se keuse. 'n Ander beperking wat moontlik kan voorkom, is tyd. Die beradingsessie moet ten alle tye 'n tydsbeperking hê en respek vir tyd moet wedersyds toegepas word. Die pastorale berader moet subjektiwiteit vermy en vryheid aan die kind gee om uitdrukking aan sy/haar emosies te gee. Hierin is die rol van die Heilige Gees 'n sleutelelement en afhanklikheid van God saam met die beperking van die mens se eie vermoë moet in gedagte gehou word (vgl. 2.4).
- Meer as een sessie word altyd aanbeveel tydens kinderbegeleiding (vgl. 2.4). Die hoeveelheid sessies wat plaasvind tussen die twee partye lê eintlik in die pastorant se hande, maar dit is belangrik dat die pastorale berader ruimte skep vir toekomstige ontmoetings, hetsy dit is deur aanbevelings, motivering of bloot om kontak te hou.

### 5.2.3 Die speelkamer

Pastorale beraders moet seker maak dat die kind veilig en gemaklik voel in die vertrek waarbinne beradingsessies plaasvind (vgl. 2.2). Aangesien speel juis die middel is wat gebruik word om met kinders te vereenselwig, moet die speelkamer ook gepas en toegerus wees vir kinders. Die speelkamer moet kleurvol en kindervriendelik wees, want die berader moet ten alle tye die kind se belangstellings in gedagte hou (vgl. 2.5.2). Die berader kan kreatief wees in die opstel van die speelkamer, deur byvoorbeeld prente teen die muur te plak, die mure met helder kleure te verf, storieboeke van die nuutste animaise-rolprente waarin kinders belang stel, aan te koop.

Aangesien die pastorale berader nie vooraf kan bepaal watter speelgoed van toepassing gaan wees nie, moet 'n wye verskeidenheid speelgoed in die speelkamer wees. Veral met nie-direktiewe speel, waar die kind self besluit waarmee hy/sy gaan speel, moet die pastorale berader die speelgoed wat nodig is vir elke moontlike scenario beskikbaar hê. Die speelgoed word in die speelkamer verpak op 'n netjiese manier, maar steeds sigbaar sodat die kind kan kies waarmee hy/sy wil speel (vgl. 2.5.2). Selfs wanneer direktiewe speel van toepassing is, moet die pastorale berader genoegsame speelgoed tot sy/haar beskikking hê.

Daar is werklik geen beperkings wanneer dit kom by speelgoed vir 'n pastorale speelkamer nie (vgl. 3.2.2.1). Daar word konstant nuwe tegnieke en speletjies ontwikkel en daar is 'n groot verskeidenheid speelgoed wat die pastorale berader kan gebruik. Miniatuurspeelgoed sluit enige iets in wat in die mens se alledaagse lewe aangetref word, waarvan die volgende slegs 'n paar voorbeelde is, miniatuur mense, -huise, -dokters, -diere, -karre, -elektroniese toestelle, -klere, -kos en -huishoudelike items (vgl. 2.5.2). Die pastorale berader moet in gedagte hou dat alles wat 'n kind in hul eie lewens teëkom, relevant kan wees in die speelkamer. 'n Sandbak is belangrik, want dit dien as die ruimte waarin kinders met die speelgoed speel. 'n Houer van ongeveer 1m in lengte, 1m in breedte en 20cm in diepte is, word gevul met skoon sand (vgl. 3.5). In die bespreking van verskillende tegnieke sal daar meer volledig beskrywings gegee word oor hoe om miniatuurspeelgoed te gebruik.

Die pastorale berader moet voorsiening maak vir alles wat nodig is vir alle tipes speelterapie. Vir biblioterapie is dit nodig om storieboeke te hê wat fokus op relevante probleme wat kinders mag ervaar, byvoorbeeld stories in die Bybel of stories oor emosies of boeliery. Tydskrifte kan ook handig wees, maar moet gepas wees vir kinders. Storievertelling kan geskied deur praat-terapie, maar omdat daar met kinders gewerk word, moet hulle natuurlik visueel gestimuleer word (vgl. 3.3). Prente van Bybelstories kan in kleur op kaarte uitgedruk word om sodoende die storievertelling vir kinders meer genotvol te maak en ook die leerproses meer effektief te maak. Kinders hou van stories (vgl. 4.3.2). Vir kunsterapie moet daar papier, kryt, verf en verfkwaste wees. Sommige kinders verkies verf bo teken – of andersom

– dus is dit nodig om albei aan te hou. Papiere en skryfbehoeftes kan vir ’n groot verskeidenheid tegnieke aangewend word (voorbeelde hiervan word later in die hoofstuk bespreek) (vgl. 3.2.2.1). Ander vorms van kuns is ook relevant, byvoorbeeld “paper mache” (vgl. 3.5).

Rolspel is iets wat baie kinders geniet en dit het ook te doen met fantasie en verbeelding. Vir rolspel kan die pastorale berader verskeie kostuums en bykomstighede soos maskers, hoede, krone, klere, juwele en handpoppe aanhou (vgl. 3.5).

Musiekterapie is ook deel van speel en musiekinstrumente kan aangehou word om vir kinders die geleentheid te gee om deur middel van musiek hul emosies uit te druk (vgl. 2.5.2).

Daar moet ook speletjies in die speelkamer wees, wat gebruik kan word vir ontspanningspel en vir ontwikkeling. Voorbeelde hiervan is onder andere, “Checkers”, “Pick-up sticks”, Slangetjies en Leertjies, en “Battleship.”

Met die verloop van die beradingsessies en die verloop van die verhouding tussen die twee partye, kan die pastorale berader selfs die speelgoed verder aanpas om die kind te akkommodeer, deur hulpbronne by te voeg. Indien die kind byvoorbeeld worstel met die ontwikkeling van sintuie, kan die pastorale berader sensoriese objekte inkorporeer. Die volgende is voorbeelde van objekte wat die kind se sintuie sal prikkel, vir sig kan verskillende kleure onderskei word, vir gehoor kan rys, boontjies of knope in ’n bottel geskud word, vir reuk kan sterk reuke soos knoffel of koffie geruik en identifiseer word, vir smaak kan verskeie geure geproe word, soos suurlemoene of lekkers, en vir aanraking kan voorwerpe van verskillende teksture aan die kind gegee word om te voel. Tydens die sensoriese prikkeling moet die pastorale berader deurlopend met die kind gesels.

Speelgoed wat as begeleidingsinstrumente aangewend kan word, is legio, en die pastorale berader kan sy/haar speelkamer voortdurend uitbrei. Voorbeelde wat nie bespreek is nie, is byvoorbeeld die gebruik van ballonne, die blaas van seepborrels, kaarte, Lego-blokkies, teddies en ander sagte speelgoed, slaansakke, bokshandskoene, en vele meer (vgl. 3.5).

## 5.3 PASTORALE STRATEGIEË VIR VERSKEIE GEVALLE

Die navorser het gevind dat speel terapeuties aangewend kan word vir ’n verskeidenheid gevalle waarin kinders emosionele en/of geestelike worstelinge ervaar. Ten einde die tegnieke en beginsels wat daarmee saamgaan beter te verduidelik, gaan die navorser fiktiewe illustrasies skep waarin van die betrokke uitdagings wat kinders kan ervaar, bespreek word. Elkeen van die scenario’s is denkbeeldig en nie gebaseer op werklike gebeure of spesifieke kinders nie, maar is wel gebaseer op bevindings wat in die voorafgaande hoofstukke bespreek is.

### 5.3.1 Trauma en buitengewone omstandighede of gebeure

Traumatiese gebeure is ’n onderwerp wat volwassenes moeilik vind om om oor te praat, en soms sukkel selfs volwassenes om die regte woorde te vind wat hul gevoelens kan beskryf, hoeveel te meer dan nie kinders nie? Tog het onverwekte trauma geweldige negatiewe impakte op die toekomstige emosionele en fisieke welstand van die mens en sulke moeilike onderwerpe kan dus nie geïgnoreer word nie (vgl. 3.2.1.1). Die navorser het gevind dat die volgende tegnieke effektief is vir die ontlonting en verwerking van trauma.

❖ Scenario 1: Pastorale begeleiding vir die verwerking van trauma

Lia, ’n 5-jarige dogtertjie, het deur ’n verskriklik traumatiese ervaring gegaan met die dood van haar ouma. Nie net het haar ouma in hulle huis gesterf nie, maar sy self was die een wat op haar ouma se liggaam afgekom het. Haar ma was besig om om te sien na haar bababoetie en sy moes vir haar ouma ’n bakkie groentesop vat. Toe sy daar aankom, het Ouma nie meer gereageer nie en sy het baie bleek gelyk. Hierna was dit chaos in die huis met die ambulans wat daar aangekom het en haar ma wat baie emosioneel was. Dit was vir Lia se ouers baie aardig dat Lia geen emosie getoon het nie. Sy het nie eers gehuil by haar ouma se begrafnis nie en dit het daartoe gelei dat hulle haar gebring het vir pastorale berading.

Met Lia se eerste beradingsessie het sy baie normaal en kalm voorgekom – amper asof niks haar pla nie. *Dit is belangrik om te onthou dat kinders nie hul emosies uitdruk soos wat volwassenes doen nie (vgl. 2.4).* Sy het eers met die baba-poppe gespeel, maar die pastorale berader hou in gedagte dat sy steeds ’n 5-jarige dogtertjie is wat belang stel in popspeel. Nadat sy met die babas gespeel het, het sy met die pophuis gespeel. Sy het vir ’n hele ruk net huis gespeel, waar die mamma-, pappa-, sussie-, ouma-, en baba-poppe in interaksie is. Na die verloop van tyd het Lia een pop in die bed geplaas en ’n ander by die voetenent van die bed. Sy het ’n trok geneem en ambulans-geluide gemaak (aangesien daar nie ’n speel-ambulans beskikbaar was nie). Lia het die ambulans by die huis laat wegjaag met een pop agterin. Die pastorale berader het nie die sessie in ’n gewenste rigting gestuur nie. Sy het bloot waargeneem en vrae gevra soos: “Wie is hierdie poppie in die bed?” of “Sjoe, hoekom is hier nou ’n ambulans?” Daarna het sy spontaan verder gespeel. *Lia het nie self die konneksie tussen fantasie en die werklikheid gemaak nie, maar dit was vir die pastorale berader, wat die ooreenkomste raak gesien het, duidelik (vgl. 2.5.3).* Met beide die tweede en derde sessie, het Lia elke keer met die pophuis gespeel en, êrens gedurende die spel, het sy die beeld van die ambulans en die pop wat opgelaai word, herhaal.

Met die vierde sessie het die pastorale berader vir Lia gesê dat hulle nou ’n speelbegrafnis gaan hê. Die pastorale berader het die sandbak uitgehaal, asook al die relevante speelgoed, naamlik ’n kis, blomme, ’n dominee, en poppe om Lia se gesin te illustreer. Sy het die hele gebeurtenis saam met Lia in die sand uitgespeel en ook vir Lia gevra om deel te neem. Lia het die kis in die sand begrawe en uitgespeel dat

almal by die begrafnis gehuil het. Die pop wat Lia illustreer het nie gehuil nie. “Lia, hoekom huil daardie poppie nie? Is sy nie hartseer nie?” Lia het nie geantwoord nie. “Ons mag huil. Dalk sal dit goed wees as die poppie huil. Dink jy nie sy gaan dan beter voel nie?” het die pastorale berader voortgegaan. Lia het toe ingestem en die poppie het gehuil. “Baai, ouma,” het Lia bygevoeg terwyl die pop huil.

In die volgende sessie het die pastorale berader vir Lia gesê dat hulle nou saam gaan teken. Sy het vir Lia aangemoedig om ’n prent vir haar ouma te teken. Lia het die aktiwiteit baie geniet en wou die skets selfs na die tyd vir haar ma wys.

Speel opsigself dien as terapie om spanning te verlig (vgl. 2.2). Wanneer ’n kind vir ’n beradingsessie kom, is die blote geleentheid vir die kind om te kan speel reeds ’n groot psigologiese voordeel, omdat dit sy/haar natuurlike wêreld is (vgl. 3.2.1.3). In Lia se geval het die pastorale berader geweet dat vrylatingsterapie reeds in werking tree met die eerste beradingsessie – ongeag waarmee sy kies om te speel. Dit is dus belangrik dat die vryheid om te kies waarmee hy/sy speel tenminste vir die eerste sessie aan die kind gegee word.

In sommige gevalle kan die pastorale berader reeds die konneksie maak tussen fantasie en die werklikheid terwyl die kind deelneem aan vrye spel en nog nie die konneksie self kan maak nie. Die kind het dalk nie die kognitiewe vermoëns om dit te doen nie, maar die pastorale berader, wat deur die ouers ingelig is van die probleem, kon die konneksie maak (vgl. 2.5.3). In scenario 1 het die pastorale berader dit maklik gevind om die konneksie te maak tussen werklikheid en fantasie toe Lia met die pophuis begin speel. Daar word ook nie van die kind verwag om te verbaliseer hoe hy/sy voel nie. Die traumatiese ervaring met Lia se ouma se dood was baie oorweldigend, maar die onverwerkte trauma het onbewustelik na vore gekom deur haar spel (vgl. 2.2).

Toe Lia hierdie scenario van die ambulans in haar spel herhaal in al drie haar sessies, het die pastorale berader besef dat Lia dalk vasgevang mag voel in daardie oomblik. Die pastorale berader het staatgemaak op die leiding van die Heilige Gees (vgl. 2.4) en het vir Lia die geleentheid gegee om deur die “herhaling van hierdie trauma” emosioneel daarvan af te sluit. Die pastorale berader mag dalk nie antwoorde vir alles hê nie, soos waarom Lia nie gehuil het oor die dood van haar ouma nie, maar sy het geweet dat Lia moet sien dat dit aanvaarbaar is om te huil en die gebeurtenis af te sluit. Die begrafnis wat die pastorale berader geïnisieer het, het binne ’n veilige omgewing plaasgevind waarin Lia veilig gevoel het en met gemak kon deelneem. Hierdie intervensie het Lia bemagtig om die onverwerkte emosies te konfronteer wat blywende gevolge gaan hê (vgl. 2.5.3).

Meer as een vorm van speel is ter sprake in scenario 1, naamlik beide nie-direktiewe en later direktiewe speel (vgl. 2.5.2). Gedurende die nie-direktiewe spel het die pastorale berader opgelet op die fynste detail van die speelgoed waarmee Lia gekies het om te speel. ’n Afleiding wat gemaak is, is die feit dat,

alhoewel sy nie ’n ambulans tot haar beskikking gehad het nie, sy dit regtig graag wou deel maak van die toneel. Sy het dus gebruik gemaak van ’n trok wat as ambulans kon dien. Alhoewel dit vir die pastorale berader in hierdie geval maklik was om af te lei dat die trok ’n ambulans voorstel, moet pastorale beraders ten alle tye bewus wees van watter speelgoed gekies word en waarom dit gekies word (vgl. 2.5.1). Die gebruik van metafore is dikwels teenwoordig wanneer kinders speel. Alhoewel dit nie altyd die norm is nie, kan dit waargeneem word, byvoorbeeld wanneer ’n seuntjie sy draakspeelding gebruik om die dief wat by hul huis ingebreek het te verteenwoordig, of die teddiebeer wat sy oulike en skadelose jonger boetie verteenwoordig.

Gedurende direktiewe spel word die sessie doelbewus in ’n gewenste rigting gestuur en die pastorale berader het die geleentheid om inligting wat in voorafgaande beradingsessies gegenereer is te gebruik. Die fokus word verskuif na die onverwerkte emosies en die gebeurtenis wat daarmee geassosieer word – hetsy dit deur speel, ’n boek te lees, ’n prent te teken of selfs deur ’n speletjie is (vgl. 2.5.2). Dit is belangrik om te let dat die pastorale berader geen verduideliking hoef te voorsien oor hoekom hulle nou spesifiek gaan begrafnis hou vir die kind nie. Die beginsel staan steeds; Lia voel nou veilig en speel is haar taal. In plaas van kognitiewe terapie, praat Lia nou oor haar gevoelens deur te speel. Die pastorale berader hoef geen verduideliking te gee nie, maar maak liewer staat op die krag van die Heilige Gees deur speel as beradingstegniek (vgl. 2.5.2). Die sandbaktegniek wat gebruik is, is ’n baie waardevolle tegniek om te gebruik vir die verwerking van trauma en oorweldigende gebeure, soos molestering, verwerping, mishandeling, of enige trauma wat moeilik is om te verbaliseer. Begeleidende vrae tydens sandbakspeel kan gevra word, soos byvoorbeeld, “Wys vir my wat het gebeur toe ouma nie gereageer het nie toe jy haar sop vir haar wou gee?”, “Wys vir my wat het gebeur toe die diewe in julle huis inbreek” of “Wat het gebeur toe Pappa so ’n bietjie kwaai was nou die aand?” Hierdie tipe vrae maak gebruik van versagtende woorde en gee die kind die vrymoedigheid om gebeure uit te speel.



*Figuur 8 - Gehaal uit GoodTherapy.com: Sand Tray Therapy (2015) – https://www.goodtherapy.org/learn-about-therapy/types/sand-tray-sand-play-therapy*

In die laaste sessie het die pastorale berader vir Lia aangemoedig om ’n prent vir haar ouma te teken, omdat kinders visuele kommunikeerders is (vgl. 3.2.2.1). Dit sou ook gepas wees om vir ’n kind te vra om ’n brief aan haar ouma te skryf, maar aangesien ’n 5-jarige kind nie in staat is om vol sinne te skryf nie, het sy dit goed gedink om ’n prent te teken. Kunsterapie hou baie voordele in, byvoorbeeld die verwerking van emosies en konfrontasie. In hierdie scenario het kuns gedien as ’n tipe afsluiting vir die pastorale begeleiding.

### 5.3.2 Ander moontlike speel-tegnieke vir die verwerking van trauma

Tydens beradingsessies met kinders wat sukkel met sensoriese bewussyn, kan die wortel daarvan moontlik in ’n traumatiese gebeurtenis lê (vgl. 3.5). Blootstelling aan trauma wat veg-, vlug- of vriesreaksies veroorsaak, kan kinders se vermoë om sensoriese inligting effektief te verwerk ernstig beïnvloed. Indien die pastorale berader kan bevestig dat daar wel trauma in die kind se lewe plaasgevind het, kan direktiewe speeltegnieke geïmplementeer word. Deur middel van prettige aktiwiteite kan hierdie spesifieke areas geprikkel word om weer normaal te funksioneer. Die volgende is voorbeelde van sintuie en die aktiwiteite wat daarvoor gebruik kan word (vgl. 3.5).

- Sig: Vra die kind om deur ’n sonbril te kyk. Die kind kan die bril aansit en afhaal en dan verduidelik hoe die bril sy of haar sig beïnvloed. Die doel van die oefening is om die kind bewus te maak van die sig-sintuig. ’n Ander aktiwiteit kan ook wees om nommers of letters op ’n papier neer te skryf en vir die kind te vra om dit te identifiseer. Daarna word die oefening herhaal, maar die nommers en letters word al kleiner geskryf en die papier word selfs verder weg gehou om dit meer uitdagend te maak. Die doel van die laasgenoemde oefening is om die kind se oë op ’n prettige manier in te stel.
- Gehoor: Laat die kind sy of haar oë toemaak en speel ’n raai-speletjie. Maak geluide op verskillende instrumente (soos ’n kitaar of ’n fluit), of maak geluide met bekende voorwerpe (soos ’n papier wat skeer, ’n klop aan die deur, of ’n wekker wat afgaan). ’n Ander tegniek wat meer gepas sal wees met ouer kinders is om die kind vir ’n 1-2 minute te laat stil sit en luister na alles wat rondom hom of haar aangaan. Daarna moet die kind soveel as moontlik van dit wat hy of sy kon hoor, neerskryf.
- Reuk: Laat die kind sekere bekende reuke ruik en identifiseer, soos lemoene, koffie, knoffel, of blomme. Ouer kinders kan selfs aangemoedig word om terug te dink aan goeie herinneringe en te probeer identifiseer watter reuke daarmee geassosieer kan word. Die berader kan begin deur self ook voorbeelde te noem, byvoorbeeld die reuk van sonroom word geassosieer met somervakansies, haarsproei/parfuum se reuke word geassosieer met ’n ma, of selfs die reuk van kookkos wat geassosieer word met Kersfees-etes.
- Smaak: Laat die kind verskillende smake proe en raai wat dit is. Smake wat bekend is aan kinders is melk, water, lekkers, suurlemoene of grondboontjiebotter. (*Konsulteer ouers vooraf*

*oor enige allergieë*). Bespreek daarna met die kind al die verskillende smake: brand, suur, sout, soet en bitter. Vrae kan byvoorbeeld wees: “Het jy al ooit enige iets geproe wat bitter was? Het jy daarvan gehou? Hou jy van kosse wat brand? Hoekom? / Hoekom nie?” Hierdie aktiwiteit en gesprek skep bewustheid van die smaak-sintuig by die kind.

- Aanraking: Laat die kind voorwerpe van verskillende teksture voel en vra hom/haar om te raai wat dit is en te beskryf hoe dit voel. ’n Teddiebeer voel sag, maar ’n houttafel voel hard. Daarna kan die berader met die kind gesels oor sy of haar liggaam en die tipes aanraking waarvan hy of sy hou en nie hou nie. Vrae wat aanleiding gee tot die vloei van die gesprek is byvoorbeeld: “Is jy kielierig? Waar op jou lyf is jy kielierig? Hou jy van drukkies van Mamma en Pappa af? Watse tipes aanraking kan ons seer maak?” Hierdie gesprek laat die kind ook dink aan tye wanneer hy of sy hierdie tipes aanraking gevoel het.

Die pastorale berader moet onthou dat die doel van hierdie gesprekke nie is om negatiewe ervarings na die voorgrond te bring nie, maar liewer om die kind se sensoriese bewussyn te prikkel. Indien enige traumatiese gebeure tog opkom, kan die berader die kind toelaat om die sessie van koers te laat verander na direktiewe- of nie-direktiewe spel en die trauma-geheue hanteer. Die speel-sessies gaan op die einde van die dag oor die kind se behoeftes en indien enige onverwerkte trauma opkom op ’n onverwagse manier, moet die berader die kind die geleentheid gun om uiting te gee daaraan, al beteken dit dat die aktiwiteit waarmee hy of sy besig was eers moet stop.

❖ Scenario 2: Profetiese bediening: pastorale begeleiding vir die herstel van die kind se verhouding met God

| |
|---|
| Pastorale berader: “Die dominee praat soms van God die Vader. Wie dink jy is God die Vader?”<br><br>Kind: “Hy is ons Pappa in die hemel.”<br><br>Pastorale berader: “Dink jy Hy is hier by ons op aarde ook?”<br><br>Kind: “Nee, Hy is in die hemel, maar ook in ons harte – dit is hoekom my hartjie so klop. Wil tannie voel?”<br><br>Pastorale berader: “Natuurlik. Hy is in ons harte. Hy is by ons – elke dag en oral waar ons gaan. Dink jy Hy is kwaai en vêr van jou af?”<br><br>Kind: “Hy is partykeer kwaai. Veral as ek verkeerde goed doen.”<br><br>Pastorale berader: “Jy is half reg en half verkeerd. God hou nie daarvan as ons verkeerde goed doen nie, maar Hy is nie kwaai of vêr van ons af nie. Hy is lief vir jou en altyd daar vir jou. Raai wat! God |

is selfs nou hier by ons in die speelkamer. Kom ons speel ’n speletjie – ons maak albei ons oë toe en dink aan waar ons nou is en dat God hier by ons is. Waar sien jy vir God?”

Kind: “Ek sien Hom daar op die stoel sit.”

Pastorale berader: “Ek sien Hom ook. Hoe lyk Hy vir jou?”

Kind: “Hy het ’n groot kroon op Sy kop en Hy is baie groot!”

Pastorale berader: “Goed. Hoe lyk Hy nog? Is Hy kwaai of gelukkig om jou te sien?”

Kind: “Ek weet nie. Ek dink Hy is kwaad vir my omdat ek stout was.”

Pastorale berader: “Sommige kere kan ons dink iemand is vir ons kwaad, sonder dat ons regtig vir hulle gevra het of hulle kwaad is. Kom ons vra God of Hy vir jou kwaad is, en onthou wanneer ons met God praat, noem ons dit gebed. So, kom ons bid saam en dan sê jy die woorde agter my aan, ‘Liewe Here, ek is jammer dat ek stout was en dankie dat die Bybel my leer dat as ek sê ek is jammer, dat U my vergewe en daarom gaan ek nie meer glo dat jy altyd kwaad is vir my nie. Ek glo dat jy lief is vir my en my altyd vergewe as ek iets verkeerds doen. Ek weet dat jy altyd by my is en altyd bly is om my te sien want jy is baie lief vir my. Amen.’ Daarsy! Probeer nou weer om vir God te sien in die kamer. Hoe lyk Hy nou vir jou?”

Kind: “Hy glimlag vir my en lyk baie bly om my te sien!”

Pastorale beraders kan gebruik maak van profetiese bediening om sodoende die verhouding tussen God en kind te herstel. Hierdie tegniek het te doen met die dieper en meer ernstige effekte wat trauma in huishoudelike omstandighede op kinders kan hê (vgl. 3.6). Die pastorale berader se fokus is om die onverwerkte trauma te identifiseer en te verwerk, maar ook om die verhouding tussen die kind en God te vestig of te hervestig. Wanneer die pastorale berader ’n verwronge verhouding tussen die kind en ’n gesinslid kan identifiseer, is dit moontlik dat daardie kind ook ’n verwronge beeld van God Drie-eenheid kan hê. Asook, wanneer daardie kind verwaarloos word en daar nie omgesien word na sy/haar basiese behoeftes nie, het die kind dalk die persepsie dat God ook nie gaan omsien na sy/haar behoeftes nie. Die pastorale berader kan die kind begelei in gebed waar sy/haar verhouding met God en ook verwronge persepsies oor basiese behoeftes herstel word.

In die volgende tabel word ’n uiteensetting gegee van die koppeling en weerspieëling van die verhoudinge tussen God (eerste kolom), die kind se basiese behoeftes (middelste kolom) en die kind se aardse familie (derde kolom) (vgl. 3.6).

| *Die Vader Leer* | | |
|---|---|---|
| God die Vader | Identiteit/Waarde<br>Beskerming<br>Voorsiening | Vaders<br>Manlike pastore of leiers<br>Oupas<br>Ooms |
| God die Seun | Kommunikasie<br>Vriendskap | Sibbe<br>Vriende |
| God die Heilige Gees | Koestering<br>Onderrig | Moeders<br>Vroulike pastore of leiers<br>Oumas<br>Tannies |

Die bostaande tabel illustreer hoe God in verskeie behoeftes van die mens voorsien, en ook hoe die mens se familie op aarde veronderstel is om die behoeftes te vervul. Ongelukkig misluk gesinne en ouerfigure soms in hierdie pligte en dit lei dan tot verwronge beelde. Die pastorale berader kan die tabel gebruik as leiding om die verhouding tussen kind en God te herstel. Deur profetiese bediening in die vorm van gebed is die einddoel dat die kind ’n gesonde verhouding met God Drie-eenheid moet hê.

❖ Scenario 3: Pastorale begeleiding vir die verwerking van verlies en dood

Verlies en dood is onvermydelik deel van kinders se lewens. Volwassenes het dikwels ’n goeie ondersteuningsnetwerk wat hulle help om deur hierdie tipe emosies en verandering te werk. Wanneer ’n pastorale berader ’n kind moet begelei deur tye van verlies, is dit belangrik om te onthou dat hy/sy waarskynlik opgehoopte en oorweldigende emosies ervaar wat skrikwekkend en “groter as ek” mag voel (vgl. 3.3). Verlies in kinders se lewens veroorsaak groot aanpassings, hetsy dit hul ouers is wat skei, ’n troeteldier wat doodgaan, ’n familielid wat doodgaan of maats wat verhuis na ’n ander stad. In sulke gevalle is die pastorale berader se direkte invloed op die kind se omstandighede beperk en daarom is die beste opsie om vir die kind oorlewingstrategieë aan te leer. In hierdie gevalle is kreatiwiteit en spel, soos gesien in die volgende illustrasie, baie belangrik.

Ben (8 jaar oud) se ouers het hom na ’n pastorale berader geneem omdat hulle in die proses van ’n egskeiding was en beoog het om binnekort in verskillende huise te woon. Hulle was bekommerd oor Ben se emosionele welstand en wou hom graag voorberei vir die groot veranderinge wat voorlê. Die pastorale berader het Ben in die eerste sessie toegelaat om aan vrye spel deel te neem, sodat sy hom beter kon leer ken en ook vir hom kans kan gee om gemaklik te raak in die speelkamer. Dit was duidelik dat Ben lief is vir teken en inkleur – hy is ’n baie kunstige kind. Hy sê ook dat hy van stories hou en graag eendag ’n kinderboek wil skryf waarvan hy self al die prente wil teken.

Met die tweede en derde sessie het die pastorale berader meer leiding geneem en direktief begin werk. Sy het vir Ben gewys hoe hy sy kreatiwiteit kan gebruik wanneer hy negatiewe emosies ervaar wat hy self nie lekker verstaan of presies weet hoe om te hanteer nie.

“Het jy jou eie kamer by die huis, Ben?” vra die pastorale berader. “Nou goed. Wanneer jou kamer baie onnet is – die bed is nie opgemaak nie, al jou klere lê op die bed, jou speelgoed lê oral op die vloer – hoe gaan dit jou laat voel?”

“Nie baie lekker nie. Ek gaan nie weet waar alles is nie en Mamma gaan baie kwaad wees. Sy mag nie sien nie!” het Ben gesê.

“Baie deurmekaar natuurlik. En dit is hoekom dit belangrik is om ons kamers mooi netjies te maak. Ons voel sommer beter wanneer dit netjies is en wanneer ons presies weet wat daar aangaan. As dit netjies en georganiseerd is, gaan jy weet wanneer daar vuil klere is wat in die wasgoedmandjie moet gaan, of wanneer ’n appel wat net half geëet is onder jou bed lê wat eintlik asdrom toe moet gaan. Kyk na hierdie prentjie van ’n baie deurmekare kamer. Dit lyk darem maar baie erg, of hoe dink jy?”

Die pastorale berader wys vir Ben die prent. “Ja! Dis baie deurmekaar. My kamer lyk darem nie so nie!”

Die pastorale berader verduidelik toe vir Ben: “Gelukkig nie, nè! Ben, het jy geweet dat ons gedagtes soms ook so deurmekaar kan lyk? Soms is daar so baie dinge wat in ons lewens gebeur – goed en sleg – dat ons, soos wanneer ons na ’n vuil kamer kyk, nie lekker voel nie! Dan begin dit ons emosies beïnvloed. Maar daar is ’n manier hoe ons ons gedagtes kan organiseer en ek dink jy gaan sommer baie daarvan hou! Het jy geweet dat wanneer ons ons gedagtes neerskryf, dit ons help om dit te organiseer? Nie net dit nie, maar dit laat ons sommer beter voel ook.”

Daarna het die pastorale berader vir Ben sy eerste joernaalinskrywing laat skryf wat gehandel het oor hoe sy dag was en hoe dit hom laat voel het. Hy het dit geniet en toe hy klaar geskryf het, het hy die inskrywing mooi versier met prente en tekeninge.

In hierdie scenario het die pastorale berader gebruik gemaak van ’n metafoor om ’n ingewikkelde beginsel vir Ben te verduidelik. Metafore en simboliek is ’n baie handige hulpmiddel wanneer daar met kinders gewerk word. Selfs die Bybel bevat metafore en simboliek sodat ons sekere beginsels beter kan verstaan (vgl. 4.3.3). Pastorale beraders kan werklik enige metafoor gebruik in die speelkamer om aan die kind iets wat aan hom/haar onbekend is, te verduidelik. Op hierdie manier word nuwe beginsels op die fondasie van ou beginsels gebou (vgl. 3.3). Ben het in sy eerste sessie ’n oorlewingstrategie of lewensvaardigheid geleer, naamlik om sy gedagtes neer te skryf, om sodoende te verhoed dat dit hom oorweldig. Wanneer gedagtes en emosies vir kinders oorweldigend en ongeorganiseerd mag wees, is dit goed om hierdie gevoelens neer te skryf. Daardeur verskuif die gedagtes en/of emosies vanaf die onderbewussyn na die bewussyn van die kind en hy/sy verkry beheer daaroor. Negatiewe gedagtes verloor hierdeur ook hul houvas op die kind (vgl. 3.4).

Daar bestaan verskeie oorlewingstrategieë of lewensvaardighede wat vir kinders geleer kan word, soos praat-terapie, musiekterapie of selfs projeksie gedurende speel, maar in hierdie voorbeeld, het die pastorale berader iets gekies waarvoor Ben lief is, om te skryf en te teken.

Hierdie tipe strategieë is belangrik, want dit help kinders om hul emosies, gedagtes of probleme in ’n betrokke situasie beter te verstaan en daardeur die gevolge van opgehoopte emosies, soos uitbarstings of onttrekking, op te los (vgl. 3.3).

### 5.3.3 Gedragsprobleme en ontwikkeling

Speel dra by tot die kind se ontwikkeling en kan ook baie waardevol wees om gedragsprobleme teen te werk. Speel mag dalk net meer wees as dit wat op die oppervlak gesien kan word. Dit is ’n geskenk, ’n hulpmiddel, wat gebruik kan word om kinders op soveel maniere te help. ’n Bespreking van tegnieke wat gepas is om ontwikkeling te bevorder en gedragsprobleme te verbeter volg.

#### *5.3.3.1 Gedragsprobleme waarvan die oorsaak onbekend is*

Die gebruik van speel is relevant in verskeie scenario’s en die pastorale berader moet bewus wees hiervan tydens ’n beradingsessie. Wanneer ’n kind na ’n pastorale berader toe kom vir hulp met gedragsprobleme waarvan die oorsaak onbekend is, kan speel gebruik word om die moontlike oorsake te bepaal. Die pastorale berader kan verskeie speelgoed uitpak om moontlik relevante scenario’s voor te stel en die kind aan te moedig om te speel. Die kind se emosies, vrese en moontlike gevoelens van ontevredenheid word dopgehou (vgl. 2.2).

’n Voorbeeld hiervan is, byvoorbeeld, wanneer ’n seuntjie vir berading gebring word omdat hy aggressie toon by die skool, maar sy ouers en sy onderwysers weet nie wat die oorsaak daarvan is nie. Omdat hy nie baie spraaksaam met die eerste beradingsessie is nie, gebruik die pastorale berader die beperkte inligting wat die ouers en onderwysers wel gegee het en bou ’n scenario, byvoorbeeld deur poppies uit te pak om ’n tipiese klaskamer voor te stel, en hou die reaksie van die kind dop. Die pastorale berader let dan op enige vorm van frustrasie wanneer skoolwerk aangepak word, enige gebrek aan sosiale vaardighede met maats, of selfs tekens van aandagafleibaarheid. Deur die vrye speltegniek kan die pastorale berader makliker by die oorsaak van die seuntjie se aggressiewe gedrag uitkom. Speelgoed soos slaansakke kan help om ontslae te raak van aggressie en teddies kan help om die nodige koestering te bied wat kinders nodig het in hartseer tye (vgl. 3.5).

#### *5.3.3.2 Speeltegnieke om emosionele ontwikkeling te bevorder*

Speletjies waarby meer as een speler en reëls betrokke is, het oor die algemeen ’n baie goeie effek op kinders. Hierdeur leer kinders om beurte te maak, ’n goeie wenner of verloorder te wees en hoe om by reëls te hou. Wanneer hierdie tegniek toegepas word, kan die pastorale berader enige welbekende, kindervriendelike speletjie saam met die kind speel, byvoorbeeld “Uno”, “Monopoly”, “Scrabble”,

Skaak, of enige kaartspeletjies (vgl. 2.5.1). Voel vry om die kind aan te moedig om self ’n speletjie te kies.

Rolspel is ’n wonderlike tegniek waarby kinders onbewustelik empatie leer. Die pastorale berader neem saam met die kind aan die rolspel deel en werklike situasies binne die kind se lewe word uitgebeeld. Dit is belangrik dat die kind enige karakter kan wees, behalwe natuurlik hom-/haarself. Die pastorale berader kan, indien die kind gemaklik is daarmee, die kind wees. Hierdie tegniek bevorder nie net empatie nie, maar die vermoë om ’n beter perspektief oor ’n situasie te kry. Nadat die rolspel voltooi is, kan die pastorale berader met die kind gesels oor hoe dit gevoel het om die ander party te wees (vgl. 2.5.1).

“The Feeling Word Game” is ’n waardevolle speletjie indien die pastorale berader die kind se emosionele woordeskat wil uitbrei. Papier, karton en ’n houer vol klein klippies (of enige iets wat lyk soos *tokens*) word benodig. Die kind word toegelaat om al die emosies waarmee hy/sy bekend is, op te noem. Bystand met bewoording moet gegee word indien nodig. Elke emosie moet op ’n kaartjie of op ’n klein vel papier neergeskryf word. Prente kan ook geteken word indien die kind te klein is om te lees. Al die papiertjies word uitgepak. Die pastorale berader verduidelik aan die kind dat albei nou stories gaan vertel. Met elke storie moet die verteller ook wys hoe dit hom/haar laat voel het deur ’n *token* op daardie emosiekaart te sit. Kinders vind dit baie prettig en sit soms baie klippies op ’n emosie neer as hulle sterk daaroor voel, byvoorbeeld “My ouers vat my volgende naweek *Gold Reef City* toe” waar die storie gevolg word met vyf klippies op die opgewonde-kaartjie. Dit is heeltemal aanvaarbaar dat die kind meer as een *token* op ’n spesifieke emosiekaartjie plaas. Hierdie tegniek bevorder die kind se emosionele woordeskat, maar laat hom/haar ook toe om emosies te organiseer (vgl. 3.2.2.1).

Positiewe plaknotas (“Positive postings” ) is nog ’n tegniek wat fokus op emosionele ontwikkeling met spesifieke aandag op die kind se selfbeeld. Indien die pastorale berader waarneem dat die kind ’n swak selfbeeld het, of dalk geen selfbeeld het nie, is hierdie speletjie baie handig. Dit skep bewustheid en maak plek vir positiewe introspeksie. ’n Menslike figuur word uit karton uit gesny of die buitelyne van ’n liggaam word op papier geteken. Vertel vir die kind dat hierdie liggaam sy/haar liggaam verteenwoordig. Moedig die kind dan aan om op gekleurde “sticky notes” of klein stukkies papier sy/haar goeie eienskappe neer te skryf en dit op die betrokke dele van die liggaampie te plak. Hierdie aktiwiteit help die kind om hom-/haarself te assosieer met alles wat goed is van hulself, asook om meer bewustheid daarop toe te pas (vgl. 3.2.2.1). Die eienskappe hoef nie net fisiese eienskappe, soos mooi hare of hande, te wees nie, maar ook die feit dat die kind ’n goeie netbalspeler is of goed is met wiskunde. Dit sal goed wees om die aktiwiteit af te sluit met ’n gepaste Bybelvers soos Psalm 139:14, “God het my op ’n wonderbaarlike wyse geskape.” Herinner die kind dat hy/sy altyd na hierdie goeie eienskappe kan verwys wanneer hulle teleurstelling, woede of ongelukkigheid met hulself beleef.

*5.3.3.3 Speeltegnieke om impulsiewe optrede te genees*

Dikwels sukkel ouers om kinders te leer om te dink voordat hulle optree. Impulsiewe optrede is die resultaat wanneer daar nie nagedink word oor reaksies op sekere aksies voordat dit uitgevoer word nie. Dit beteken nie dat daar iets fout met die kind is nie, want niemand word met impulsbeheer gebore nie. Daar is prettige speletjies wat pastorale beraders kan aanwend om die nodige impulsbeheer by kinders te kweek. "Checkers", skaak en "Battleship" is speletjies wat impulsbeheer by kinders kan kweek, aangesien daar eers gestop en gedink moet word aan gevolge voor elke beurt. Die pastorale berader moet die assosiasie tussen die speletjie en die werklikheid aan die kind verduidelik deur byvoorbeeld die volgende verduideliking, "Net soos ons in hierdie speletjie eers moet stop en mooi moet dink voordat ons die volgende skuif maak, moet ons ook in die regte lewe altyd stop en dink oor die gevolge van iets voordat ons dit doen."

*5.3.3.4 Riglyne vir die aanleer van nuwe beginsels en reëls*

Die onderstaande is baie waardevolle wenke wat in 'n verskeidenheid scenario's toegepas kan word, indien die pastorale berader poog om vir die kind iets te leer (vgl. 3.3). Enige iets soos Bybelse beginsels, reëls by die huis of goeie maniere is dikwels iets wat opnuut aangeleer moet word as gevolg van die totale afwesigheid daarvan of 'n verwronge beeld.

Nuwe beginsels of reëls kan aangeleer word deur die kind aktief betrokke te maak by direktiewe spel sodat die kind dit kan uitspeel (vgl. 3.3). Die beginsel wat aangeleer word, gaan gepaard met 'n aksie. Gestel dissipline by die skool is die beginsel wat die pastorale berader vir die kind wil aanleer. Die pastorale berader het reeds die nuwe reëls van die klaskamer aan die kind verduidelik en nou kan die pastorale berader hom/haar aktief betrokke maak deur die scenario uit te speel. Stel 'n klaskamer op met behulp van speelgoed en poppe en laat die kind betrokke wees by dit wat gebeur. Hy/sy self moet deel wees van die scenario en saam met die pastorale berader werk om oplossings vir die probleem te kry. Die kind is byvoorbeeld baie gefrustreerd met sy klaswerk en begin sy/haar boeke en penne rondgooi in die klas (soos wat dit in die werklikheid plaasvind). Die pastorale berader rig dan die vraag aan die kind, "Wat nou? Hoe gaan ons die probleem oplos?" en laat die kind dan toe om dit wat geleer is, toe te pas.

Die verstaan van nuwe konsepte word voortgebou op die fondasie van reeds bestaande konsepte – die gebruik van metafore (vgl. 3.3). Ons weet dat Jesus tydens sy aardse bediening, nie bloot wildvreemde konsepte verkondig het nie. Hy het liewer gebruik gemaak van dit wat bekend was aan die mens (mosterdsade, boere en konings) en dit vergelyk met iets wat onbekend was (die koninkryk van God) (vgl. 4.4). Die pastorale berader kan nie net aanneem dat reëls, strukture en gevolge iets is waarmee die kinders grootgeword het nie, en daarom moet metafore gebruik word om nuwe beginsels te verduidelik. Hierin is dit belangrik dat die pastorale berader die kind reeds vir 'n paar sessies gesien het sodat kennis

en belangstellings bepaal kon word. Die volgende is ’n voorbeeld van ’n nuwe beginsel wat vergelyk word met ’n bekende konsep:

| |
|---|
| Liam, ek sien jy is mal oor karretjies! Sjoe, kyk net hoe lekker vinnig kan hulle ry. Hmmm, ek wonder wat sal gebeur as daar nie reëls op die pad was as karre so vinnig ry nie? Ek dink hulle sou almal ongelukke maak! Stem jy saam dat reëls op die pad baie belangrik is? Dit beskerm ons en maak dat ons pret kan hê sonder om seer te kry. Het jy geweet dat reëls nie net belangrik is op paaie nie, maar ook in elke ander situasie in ons lewe? By die skool, by die huis, by die winkel? Enige iemand kan mos nie net instap by die winkel en vat wat hulle wil hê sonder om te betaal nie? Dit is nie reg nie. Sien jy? Reëls is nie sleg nie – dit is eintlik goed. Dit is presies hoekom reëls by die huis oor slaaptyd, TV-kyk, en videospeletjies so nodig is. Dit hou ons eintlik veilig, al voel dit nie altyd lekker nie! |

Moedig memorisering en onthoustrategieë aan by kinders deur kreatiwiteit (vgl. 3.3). Rympies, liedjies of enige ander vorme van kreatiwiteit om memorisering te bevorder kan bygevoeg word tot die nuwe konsepte om die kind te help om dit te onthou. Die gevolg is dat kinders die nuwe beginsels nie net gaan onthou nie, maar dit gaan ook vir hulle pret wees om dit toe te pas.

Kinders kan aangemoedig word tot selfregulasie en refleksie (vgl. 3.3). Met die verloop van sessies kan kinders hul eie vordering dophou, deur self te reflekteer oor hoe goed of sleg hulle nuwe beginsels onthou en toepas. Sulke refleksies dien as motivering om vordering te maak en is waardevol vir beide die pastorale berader en die kind. Goeie vordering kan op ’n gepaste manier beloon word.

## 5.4 VOORBEREIDING VIR MEDIESE PROSEDURES

Daar is verskeie mediese prosedures waardeur kinders soms op ’n baie jong ouderdom moet gaan. Sommige van hierdie prosedures is normale protokol, soos die verwydering van mangels of verstandtande, terwyl ander die gevolg van siektes of gebreke kan wees. Baie keer ervaar kinders sulke mediese prosedures as stresvol en oorweldigend. Die rede hiervoor kan wees dat dit onbekend is, of omdat daar reeds ’n negatiewe konnotasie aan hospitale gekoppel word. Indien pastorale beraders genader word vir ondersteuning met hierdie tipe gevalle, is daar waardevolle tegnieke wat toegepas kan word.

Hierdie benadering word beskryf as “mediese spel” (vgl. 2.5.1) en trauma word verhoed eerder as om later te genees. Pastorale beraders kan speel gebruik om kinders bekend te stel aan die prosedures en omgewing van die hospitaal deur verwante speelgoed aan die kind beskikbaar te stel. Hierin kan direktiewe- of nie-direktiewe speel plaasvind, wat dikwels afhang van die kind, aangesien die doelwit is om sy/haar unieke vrese vir die medici te oorkom. Miniatuurhospitaalpersoneel en -apparatuur word aan die kind beskikbaar gestel sodat hy/sy daaraan bekend gestel word. Daarna word die kind die geleentheid gegee om vrylik daarmee te speel. ’n Voorbeeld hiervan kan selfs wees dat die kind die

operasies wat gaan plaasvind op speelgoed “uitvoer”. Indien daar met ’n jonger kind gewerk word, kan die pastorale berader die kind begelei in wat die prosedure gaan wees of waar op die kind se liggaam dit gaan plaasvind. Hierdie uitspeel van oorweldigende prosedures in ’n veilige omgewing help die kind om bemagtig te word deur te voel dat hy/sy beheer het oor wat met hom/haar gaan gebeur.

In die geval van mediese spel, is dit belangrik om op al die sintuie van kinders te fokus. Buiten die feit dat hospitale baie anders lyk as huise, is daar ook baie vreemde geluide en reuke in hospitale. Pastorale beraders kan hulself vertroud maak met hierdie detail van hospitale sodat dit gedurende berading in die speelkamer (die kind se veilige omgewing) teenwoordig is. Die pastorale berader kan deur al hierdie tegnieke vasstel wat die kind se vrese is, byvoorbeeld die vrees vir skerp voorwerpe of harde geluide, en hom/haar gerusstel. Hierdeur word die kind voorberei op wat om te verwag, asook wat die funksies van elke apparaat is (vgl. 2.5.1). Vrese, onsekerhede en ongemak sal verminder deur mediese spel, en die kind sal meer voorbereid voel vir ’n prosedure wat voorlê.

## 5.5 HANTERING VAN VREES EN ANGS BY KINDERS

Die statistieke oor kinders se geestelike en psigologiese welstand is skokkend en dit styg al meer met verloop van tyd (vgl. 3.2.1.2). Soms is pastorale beraders in ’n bevoorregte posisie om die oorsaak(e) van sekere vrese en angs te identifiseer soos dit na vore kom binne sessies, maar dit is nie altyd die geval nie. Daarom is dit belangrik om beide, tegnieke wat die wortels hiervan kan identifiseer én tegnieke wat die vrees en angs kan verwerk, in plek te hê.

### 5.5.1 Identifiseer die wortels van vrees en angs

Indien ’n kind na die pastorale berader kom met ’n worsteling met konstante vrees of knaende angs sonder klaarblykende rede, kan die pastorale berader eerstens poog om vas te stel of daar dalk sekere leuens of mispersepsies rondom sy/haar identiteit in God is wat die kind glo. Hierdie gevalle kan tipiese gevolge wees van kulturele of sosiale invloede waaroor die kind geen beheer het nie. Lukas 8:17 lui, “Daar is niks geheim wat nie openbaar sal word nie, of weggesteek wat nie bekend sal word en aan die lig sal kom nie.” Die tegniek wat gevolg moet word sluit die refleksie op gedagtes in, aangesien dit in die gedagtes is waar die vrees of angs wortelskiet (vgl. 3.4). Die tegniek bevat ’n gesprek tussen die kind en die pastorale berader, asook ’n praktiese oefening. Hieronder is stappe in eenvoudige taal, wat op die kind se vlak is, gestel tesame met die verduideliking vir die pastorale berader se aandag.

a) Waaraan dink jy wanneer jy bang voel? Hierdie dien as refleksie sodat dit wat die negatiewe gedagtes veroorsaak vanaf die onderbewussyn na die kind se bewussyn kan verskuif.
b) Wat dink jy van hierdie gedagtes? Is dit goed of sleg? Onderskeid word getref deur die negatiewe gedagtes te identifiseer en te skei van positiewe gedagtes.

| | |
|---|---|
| c) | Skryf nou jou negatiewe gedagtes neer en vervang dit met positiewe gedagtes. Dikwels is die teenoorgestelde van die negatiewe gedagte gepas, byvoorbeeld, “Ek is dom en dit is hoekom ek nie goed doen in my skoolwerk nie” moet vervang word met, “Ek is slim en as ek hard werk sal ek goed doen in my skoolwerk.” Hier kan die pastorale berader ook insette gee deur Bybelverse wat relevant is tot die situasie vir die kind te gee en dit kan dan dien as die positiewe gedagte, byvoorbeeld, “Ek het nie vriende nie en niemand hou van my nie” word vervang met, “Jesus is my vriend en Hy hou van my” (Johannes 15:15). |
| d) | Dink nou aan ’n prettige aksie wat jy kan uitvoer elke keer wanneer die negatiewe gedagte opkom om jou te herinner om dit te vervang met die positiewe gedagte. Wanneer aksies geassosieer word met gedagtes is dit makliker om onsself te kondisioneer om positief te dink. Op ’n praktiese manier kan die kind hom-/haarself leer om elke negatiewe gedagte met ’n positiewe een te vervang. |

Die kind moet aangemoedig word om hierdie stappe te volg elke keer wanneer gedagtes van vrees en angs opkom.

### 5.5.2 Elimineer vrees en angs

Die tweede stap is om die kind te leer om vrees en angs te elimineer. Die profetiese gebed en speletjie speel tegnieke is belangrik in die proses om vrees en angs te elimineer.

#### *5.5.2.1 Profetiese gebed-tegniek*

Hierdie tegniek is gebaseer op die oortuiging dat daar ’n sekere invloed in die kind se lewe kan wees wat die kind nie deur eie vermoë kan erken en oorkom nie. Die wortel hiervan is dikwels oorerflik van aard en kan by die kind manifesteer in ongegronde vrees of angs (vgl. 3.6). Dit is belangrik dat die pastorale berader in gedagte moet hou dat die ongegronde vrees of angs nie noodwendig direk in die kind se lewe betrokke is of was nie, maar oorerflik van aard is. Om hierdie rede word die metafoor van “oop deure” in die volgende illustrasie gebruik.

| **VIER DEURE** | |
|---|---|
| VREES:<br>Kommer<br>Ongeloof<br>Die behoefte om te beheer<br>Angs<br>Isolasie<br>Alkohol/Dwelms<br>Apatie | HAAT:<br>Bitterheid<br>Afguns<br>Skinder<br>Lastering<br>Selfhaat<br>Lae Selfbeeld |
| SEKSUELE SONDE:<br>Owerspel<br>Pornografie<br>Verkragting<br>Molestering<br>Onsedelikheid | OKKULTE/HEKSERY:<br>Joga / *Reiki*<br>Astrologie<br>Fortuinvertellery/ Tarotkaarte/ Ouijabord<br>Manipulasie<br>Die uitspreek van vloeke/ heksery beoefen |

Die volgende scenario werp meer lig op die konsep van profetiese gebed in die pastorale begeleiding met kinders wat worstel met vrees en angs.

Kari (9 jaar oud) se ouers het haar vir berading gebring omdat sy gereeld angstigheid beleef, selfs oor onnodige en klein goedjies. Die angstigheid het reeds op haar jong ouderdom maagsere veroorsaak en hul huisdokter het haar na ’n pastorale berader verwys om die oorsaak van die angstigheid te probeer vasstel. Die gesprek het soos volg verloop.

Pastorale berader: “Kari, kan jy vir my sê hoe jy op die oomblik voel?”

Kari: “Ek voel okay – net my bors pyn so bietjie.”

Pastorale berader: “Dit klink vir my of jy so ’n bietjie benoud is. Is jy bang vir enige iets hier in die speelkamer?”

Kari: “Nee, dit is lekker hier.”

Pastorale berader: “Nou goed, sal jy dan sê dat jy soms so benoud voel vir geen rede nie?”

Kari: “Ja. Mamma het my na ’n dokter toe gevat en hy het gesê dit is angs.”

Pastorale berader: “Ek kan dink dat dit nie lekker is om so te voel nie. Kom ons dink bietjie wat ons kan doen met hierdie angs. Voel jy veilig hier by my om jou ogies toe te maak? Goed, ek hou jou hand vas en belowe ek sal dit nie los nie. Ek wil nou hê jy moet jou verbeel jy staan voor ’n baie groot deur. Die deur staan so ’n bietjie oop. Op hierdie deur staan daar in hoofletters geskryf “ANGS.” Kan jy die deur sien? Hierdie is eintlik jou deur omdat dit ’n deur in jou gedagtes is. Kan jy vir my beskryf hoe die deur lyk.”

Kari: “Hy is baie groot. Groter as ek! Die deur is donkerbruin en dit het ’n goue handvatsel.”

Pastorale berader: “Mooi, kan jy sien in watter kleur is die woord “ANGS” geskryf?”

Kari: “In rooi.”

Pastorale berader: “Onthou jy dat ek gesê het dat hierdie jou deur is en dat die deur oopstaan? Wel, omdat dit jou deur is, kan jy kies om die deur styf toe te maak en dit te sluit sodat die angs nie meer kan deurglip na jou toe nie. Wil jy dit doen?”

Kari: “Ja.”

Pastorale berader: “Nou kom ons bid en vra liewe Jesus om jou te help om die deur toe te maak. Sê asseblief die volgende agter my aan: ‘Jesus, help my asseblief om hierdie deur toe te maak. Ek seël dit met U bloed. In Jesus Naam.’ Kyk nou weer na jou deur, stap na die deur en maak dit styf toe.”

Kari: “Dit is toe!”

Hou in gedagte dat die bostaande tegniek nie ’n vinnige oplossing is nie, maar liewer dat gebed op ’n kreatiewe en visuele wyse herhaaldelik kan plaasvind en ook gepaard kan gaan met vrye spel om spanning te verlig (vgl. 2.2).

#### *5.5.2.2 Speletjies om vrees en angs te oorkom*

’n Voorbeeld van nog ’n tegniek wat gebruik kan word om angs en vrees te verlig, is byvoorbeeld deur die blaas van seepborrels (vgl. 3.5). Asemhalingsoefeninge word hierdeur op ’n prettige manier vir kinders geleer. Die goue reël in hierdie speletjie is dat hoe groter die asem is wat jy inasem, hoe groter is die borrel wat jy gaan blaas. Pastorale beraders gebruik ’n botteltjie seepwater om die eerste praktiese illustrasie van borrels blaas en die grootte van die borrels te demonstreer. Nadat die kind ook borrels geblaas het, word die botteltjie gebêre en die kind gemotiveer om denkbeeldige borrels te blaas. Daar kan aan die kind verduidelik word dat hy/sy elke keer die angs binne die borrel saam uitblaas. Opmerkings soos, “Wow, daardie was ’n groot borrel” of “Ek dink jy kan ’n groter borrel as dit blaas” motiveer die kind om deel te neem en maak die aktiwiteit meer genotvol. Motiveer die kind om hierdie oefening by die huis of by die skool ook te doen, wanneer ook al vrees en angs kopuitsteek.

#### *5.4.2.3 Maak ’n medalje (vgl. 3.5)*

Hierdie tegniek werk goed wanneer die kind ’n traumatiese ervaring ervaar het wat blywende vrees of angs veroorsaak het. Laat die kind ’n medalje teken op papier en motiveer hom/haar om dit te versier. Indien die kind baie jonk is en sukkel om ’n medalje te teken, kan die pastorale berader die buitelyne teken en die kind dan toelaat om dit self in te kleur en te versier. Die doel van hierdie aktiwiteit is om die kind te herinner dat hy/sy ’n spesifieke slegte gebeurtenis oorkom het en nou ’n oorwinnaar is oor dit wat gebeur het. Die pastorale berader kan selfs ’n stap verder gaan deur die kind te vra om ’n Bybelvers op die medalje te skryf. ’n Gepaste vers is byvoorbeeld Filippense 4:13, “Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.” Hierdie tegniek dra baie krag omdat dit vir die kind wys dat hy/sy nie ’n slagoffer van sy/haar omstandighede is nie, maar liewer ’n oorwinnaar!

## 5.6 MORELE EN GEESTELIKE ONTWIKKELING

Speeltegnieke kan gebruik word om kinders te ondersteun in hul geestelike en morele ontwikkeling. Een van die fundamentele beginsels vir ’n sterk verhouding met God is kommunikasie. Kinders moet geleer word hoe om te bid, en veral ook hoe om hul emosies voor God te bring in gebed (vgl. 3.5). Pastorale beraders kan dit moontlik maak vir kinders om hul eie taal deur kreatiewe spel te skep. Wanneer hierdie tegnieke toegepas word, is dit baie belangrik om aan die kind te verduidelik dat die aktiwiteit as ’n tipe gesprek met God dien. Die aktiwiteit kan selfs begin met ’n gebed om te verseker dat die kind weet dat God luister en sien wat gebeur. Die weg vir kommunikasie tussen die twee partye word oopgemaak en indien die kind nie bewus is hiervan nie, is dit ’n blote aktiwiteit sonder enige geestelike krag (vgl. 4.3.1). Hou in gedagte dat hierdie waardevolle tegnieke toegepas kan word by die huis wanneer die kind emosies voor God wil bring.

### 5.6.1 Die uitdrukking van emosies en die verwoording van denke deur speel

#### 5.6.1.1 Emosies

Pastorale beraders kan kinders leer om deur musiek, kuns, rolspel of selfs biblioterapie hul emosies na God toe te bring. Die kind moet self besluit met watter kommunikasievorm hulle gemaklik is, aangesien elke kind se belangstellings en voorkeure verskil. Sommige kinders hou byvoorbeeld glad nie van inkleur nie, maar hou weer van musiek. Die verskillende vorms van kommunikasie kan soos volg toegepas word.

- Musiek: Musiek laat die kind toe om ’n wysie te skep of ’n liedjie te skryf waarin sy/haar emosies uitgedruk word. Hierby kan musiekinstrumente soos klein dromme of ’n kitaar gebruik word. Indien die kind nie ’n instrument wil gebruik nie, kan hy/sy saam met die pastorale berader slegs ’n liedjie kies om te sing of selfs ’n gedig skryf wat later gesing kan word.
- Kuns: Die pastorale berader kan ’n inkleurprent wat die kind se situasie uitbeeld beskikbaarstel en hom/haar dan vra om dit in te kleur soos hulle wil. Die kind kan self besluit hoe hy/sy dit wil inkleur, asook watter emosie elke kleure wat gekies is, verteenwoordig. Die pastorale berader moenie te veel inlees in hoe die kind inkleur nie. Onthou dat die kommunikasie tussen die kind en God gaan plaasvind. Prente kan ook geskets word as die kind oud genoeg is om dit te doen. Moedig die kind aan om dit wat hom/haar hartseer maak te teken. Verf, gekleurde potlode of kryte kan gebruik word. Kleispel dien ook as kuns en kinders kan, deur klei op verskillende maniere te vorm, met God kommunikeer en uitdrukking gee aan emosies.
- Rolspel: Hierin “wys” die kind vir God hoe hy/sy voel. Die pastorale berader kan deelneem aan die rolspel, of die kind kan slegs gebruik maak van speelgoed. Hoe die rolspel ook al plaasvind, die pastorale berader volg die leiding van die kind. Kostuums soos hoede, maskers en klere, kan hierby gebruik word.
- Bibliospel: Die pastorale berader moet boeke met illustrasies van betrokke emosies in die speelkamer aanhou. Illustrasies van woede, vrees, verwerping en angs is handig – veral wanneer kinders sukkel om hierdie gevoelens te verstaan. Kinders wat lief is vir lees gaan baie aanklank hierby vind. Die storie oor die betrokke emosie word aan die kind gelees, of hy/sy kan dit self lees. Die pastorale berader kan selfs hierna ’n stappie verder gaan deur die kind te motiveer om ’n storie te skryf oor sy of haar eie lewe en die emosies daarbinne.
- Storievertelling: Kinders is oor die algemeen lief vir stories – soos daar telkens in die verhandeling uitgelig is. Selfs Jesus was ’n baie goeie storieverteller (vgl. 4.3.3). Kinders leer op ’n visuele manier en onthou dan ook beter. Wanneer dit by storievertelling kom, moet pastorale beraders altyd die visuele sintuig van kinders prikkel. Dit kan gedoen word deur metaforiese stories te vertel wat ’n onderliggende Bybelse beginsel het, of deur Bybelstories self te vertel, of te lees uit kleurvolle Kinderbybels. Pastorale beraders kan van flitskaarte gebruik maak om die Bybelstories en metaforiese beginsels te verduidelik, maar dit kan ook

spesiaal gemaak word volgens elke kind se behoefte. Pastorale beraders kies ’n storie wat gepas is vir die kind se lewe en/of situasie en pak die flitskaarte een vir een uit soos die storie verloop, terwyl die kind gemotiveer word om interaktief deel te neem aan die storie deur vrae te vra soos, “Wat dink jy gaan volgende gebeur?” of “Hoe dink jy het hierdie karakter gevoel?” Vra die kind aan die einde hoe dit wat in die storie gebeur het relevant is tot sy/haar lewe en wat hy/sy hieruit geleer het.

#### 5.6.1.2 Denke

’n Belangrike beginsel in Christenskap is die vernuwing van gedagtes/denke soos dit verwoord word in Romeine 12:2: “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.” Die vernuwing van gedagtes is belangrik omdat die vyand die vader van leuens is (Johannes 8:44) en Christene word dikwels vasgevang in ’n innerlike worsteling. Die ABC-model is ’n interaktiewe aktiwiteit wat kinders die geleentheid gee om die verhouding tussen gebeurtenisse, gedagtes en reaksies raak te sien en uiteindelik ook te verander (vgl. 3.4).

- Beskrywing van die tegniek:

A is die gebeurtenis (“Actions”). Voorbeelde hiervan is onder andere ’n egskeiding van ouers, teleurstellings by die skool, afkouery of boelie, of selfs die verlies van ’n geliefde.

B is die denke wat gepaard gaan met die gebeurtenis (“Beliefs”). Die mens se oortuiging oor ’n situasie hang van die persoon self af. Die oortuigings (denke) kan óf ooreenstem met leuens van die vyand, óf dit kan ooreenstem met dit wat God se woord sê. Voorbeelde van valse/leuen oortuigings is wanneer die kind hom-/haarself blameer vir die ouers se egskeiding, wanneer die kind glo dat hy/sy dom is na die teleurstelling van ’n toets wat gedruip is, wanneer die kind glo dat daar iets fout is met hom/haar en dat dit die rede vir afknouery en boelie is, of wanneer die kind glo dat hy/sy gesondig het en dat dit die rede is hoekom ’n geliefde gesterf het.

C is die gevolge (“Gevolge”) van die somtotaal van A en B. Die kind het nie beheer oor A (aksies) nie, maar wanneer hy/sy vaardighede aanleer om B (oortuigings) te beheer, dan kan C (gevolge) verander word en sodoende neem die kind beheer oor sy/haar lewe. Vervolgens is ’n voorbeeld van hoe die tegniek toegepas kan word.

’n Seuntjie wat kom vir ’n beradingsessie worstel met die gedagte dat hy die oorsaak is van sy ouers se egskeiding. Daar was geen indikasie of sprake van die bogenoemde oortuiging in die huis nie; daarom is dit vir sy ouers vreemd dat hy so dink. Die berader kan dan identifiseer dat die kind ’n leuen glo en moet dan die ABC-model toepas. Gebruik 3 papiere en help die kind om A, B en C neer te skryf, sonder om vir hom te verduidelik wat die oefening behels. Hy kan drie kleure kies om die papiere te versier - ’n kleur vir elke papier. Die berader kan hom ook help om die papiere te versier. Verduidelik dan vir

die kind dat hy die spesifieke situasie moet neerskryf, daarna hoe hy daaroor gevoel het, gevolg deur die negatiewe optrede of aksies wat nou in sy lewe plaasvind. Die berader gaan waarskynlik met die derde papier ("gevolge") moet help skryf, aangesien hierdie dikwels die rede is hoekom die kind gekom het vir berading. Hou dit eenvoudig en op die kind se vlak. Vir elke kind gaan die eindproduk anders lyk, maar in die geval sal dit min of meer so iets wees:




Die bogenoemde illustrasie help die kind om perspektief te kry oor die situasie en om self te sien hoekom hy so voel en wat daartoe gelei het. Daar is wel 'n oplossing, want die proses stop nie daar nie. Die berader sit nou twee ekstra papiere by waarop D en E geskryf gaan word. D is die regte waarheid wat verkry word na groter perspektief oor die gebeure verkry is en dit is dikwels in ooreenstemming met die woord van God. E is die nuwe reaksie wat die kind nou sal ervaar omdat hy kies om die waarheid

te glo en weg te beweeg van die leuen waarin hy vasgekyk het (vgl. 3.4). Weereens moet die berader die kind hiermee help. Die pastorale berader moet eers ’n gesprek oor die waarheid, perspektiewe en die Woord van God met die kind hê en hom dan begelei om die ware waarheid in te sien. Besluit daarna saam op die gepaste denke oor die situasie. Indien daar van Bybelverse gebruik gemaak word, vereenvoudig dit sodat die kind ook volkome verstaan. Die twee addisionele papiere lyk dan so:

**D** – Spreuke 3:5-6 sê dat ek nie altyd alles gaan verstaan nie, maar ek kan steeds op kan bly God vertrou en hoop. Daar sal goed in die wêreld gebeur waaroor ek geen beheer het nie, maar wat ‘n effek op my sal hê. Ek hoef nie myself te blameer nie.

**E** – Nie net het ek twee ouers wat baie lief is vir my nie, maar ek het ook ’n hemelse Pa wat my nie in die steek gaan laat nie.

Deur vir die kind die geleentheid te gee om sy denkpatroon op skrif te sien, wys vir hom eerstens hoe sy negatiewe gedagtes negatiewe optrede en emosionele ongemak veroorsaak, en tweedens hoe sy positiewe denke kan lei tot positiewe optrede in enige situasie. Hierdie tegniek is dus baie waardevol wanneer kinders oorweldig word met negatiewe gedagtes, aangesien dit die negatiewe siklus breek en ook vir hulle wys hoe om die negatiewe gedagtes met positiewe gedagtes te vervang.

## 5.7 KONKLUSIE

Die navorser het in hierdie hoofstuk inligting vanuit elke vorige hoofstuk gebruik en gekombineer om praktiese riglyne te vorm vir pastorale beraders oor hoe speel in beradingsessies gebruik kan word. Die bostaande inligting beantwoord dus Osmer (vgl. 1.9.2) se vierde vraag in sy model, “Hoe kan ons

reageer"? Met behulp van die navorsingsvoorstel as beplanning (vgl. Hoofstuk 1), die agtergrond van speel (vgl. Hoofstuk 2), interpretatiewe inligting vanuit inter- en intradissiplinêre studievelde (vgl. Hoofstuk 3) en normatiewe insigte vanuit die Bybel (vgl. Hoofstuk 4) kon die navorser inligting genereer om metateoretiese riglyne vir die pastorale berader te vorm ten opsigte van speel as effektiewe pastorale beradingstegniek. Dit is belangrik om ook daarop te let dat daar eers vasgestel moet word of die gebruik van speel relevant is tot die kind en die situasie waarin hy/sy hom-/haarself bevind. Die navorser het dus die kerneienskappe en relevansie van speel tydens berading deeglik uiteengesit. Speel as beradingstegniek is nie slegs 'n onagsame tegniek wat die berader kan gebruik nie, maar dit moet goed verstaan word en saam met riglyne toegepas word. Om hierdie rede het die navorser riglyne en wenke uiteengesit wat baie waardevol is vir die pastorale berader. Die opset van die speelkamer, saam met die speelgoed as hulpmiddels, is beskryf sodat die pastorale berader die omgewing vir beradingsessies effektief kan opstel.

Die navorser het in voorafgaande hoofstukke vasgestel dat sekere tegnieke meer gepas is vir spesifieke situasies; daarom word verskeie gevalle, en die gepaste speeltegnieke wat daarmee gepaard gaan, met praktiese beskrywings en scenario's verwoord. Gepaste speeltegnieke vir trauma en buitengewone omstandighede/gebeure, verlies en die dood, voorbereiding vir mediese prosedures, gedragsprobleme en ontwikkeling, vrees en angs, asook morele en geestelike ontwikkeling word in die bostaande beskrywings verwoord. Scenario's wat die gebruik van speel selfs beter verduidelik is ook ingesluit. Die woord "motiveer" wanneer daar met die kind gewerk word, word gereeld gebruik in elke tegniek. Die rede hiervoor is dat speeltegnieke nie in plek gestel is om kinders te dwing om sekere aktiwiteite te doen nie. Kinders is dikwels broos en emosioneel gebroke wanneer hulle vir berading gebring word. Pastorale berading is nie met skool vergelykbaar nie en geen pastorale berader kan 'n kind dwing om iets te doen wat hy/sy nie wil nie. Die tegnieke wat uiteengesit is, moet liewer gesien word as kommunikasiemiddels vir 'n oop verhouding tussen kind en God, en kind en pastorale berader. Die tegnieke dien ook as metodes vir verwerking, prosessering, en konfrontasie van emosies en trauma; asook onderrig in die Woord van God en voorbereiding vir groot gebeure wat oorweldigend mag wees.

Na afloop van hierdie hoofstuk, waarin die navorser metateoretiese riglyne vir die gebruik van speel in pastorale berading gevorm het, het dit ook duidelik geword dat daar verskeie speelgoed, speletjies en speeltegnieke bestaan om kinders effektief te help met geestelike en emosionele uitdagings.

# HOOFSTUK 6

# FINALE KONKLUSIES EN AANBEVELINGS VIR VERDERE ONDERSOEK

Hierdie laaste hoofstuk bevat samevattings van elke hoofstuk en voorstelle vir moontlike toekomstige ondersoeke waarin die onderwerp uitegbrei kan word.

## 6.1 KONKLUSIE VAN HOOFSTUK EEN: NAVORSINGSVOORSTEL

In hierdie hoofstuk het die navorser beplanning gedoen vir die navorsing wat sou plaasvind. Hoofstuk 1 is ’n inleiding tot die navorsing oor die gebruik van speel as ’n beradingstegniek binne pastorale berading. Voordat die navorsingsvraag – "*Watter metateoretiese perspektiewe is van belang ten opsigte van speel as ’n effektiewe pastorale beradingstegniek?"* – konstruktief beantwoord kon word, het die navorser eers sekere terme binne die vraag verklaar. Die navorser het ook die agtergrond van die onderwerp bespreek om vas te stel watter data daar reeds in hierdie veld bestaan. Die navorser het vasgestel dat daar inligting bestaan wat die gebruik van speel as terapeutiese tegniek ondersteun, maar dat die navorsing oor die gebruik van speel binne pastorale berading beperk is. Daar is ook nie baie navorsing gedoen wat Bybelse beginsels vir speel as handige kommunikasiemiddel vir kinders ondersteun nie. Die struktuur van die verhandeling, die navorsingsvrae en die doelwitte is duidelik uiteengesit. Verskillende navorsingsmodelle is vergelyk en die mees gepaste een, naamlik Osmer se model, is gekies om die navorsing op te baseer. Ter inleiding is daar reeds binne die veld van speel as beradingstegniek ’n voorlopige literatuurstudie gedoen, sodat die navorser ’n beter begrip van die term kan kry. Die relevansie van die navorsing, ’n sentrale teoretiese argument, etiese oorwegings, en opeenvolgende hoofstukuiteensettings vir die navorsing word in hierdie hoofstuk verwoord.

## 6.2 BEVINDINGS NADAT DESKRIPTIEWE INSIGTE VERKRY IS VANUIT DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN SPELBEGELEIDINGSMETODES IN DIE PASTORALE BERADINGSWETENSKAPVELD

In die verlede het sielkundiges soos Sigmund Freud, Hermine Hug-Hellmuth, Melanie Klein, David Levy, Jacob Conn en Virginia Axline die fondasie gelê vir die gebruik van speel as terapeutiese tegniek vir kinders. Oor die jare het hierdie teorie uitgebrei en verskeie ander sielkundiges, psigiaters en pastorale beraders het speel gebruik om kinders te help om hul kommunikasie te bevorder, asook om hulle te help om deur emosionele en geestelike worstelings te werk. Die rede vir die uitbreiding van spelterapie is omdat baie kenners en kundiges gevind het dat kinders nie die woordeskat besit om hul emosies en gevoelens verbaal uit te druk nie. Ten spyte van hierdié uitbreiding sit kinders steeds met

trauma en opgehoopte emosies waaraan daar uitdrukking gegee moet word; om dit nie te doen nie kan lei tot ernstige toekomstige probleme, soos emosionele wanbalans, geestelike versteurings of posttraumatiese stresversteuring (PTSS).

Die navorser het ook in hierdie hoofstuk gekyk na hoe speelterapie op pastorale begeleidingsvlak uitgebrei het tot waar dit vandag is. Speelterapie het verskeie funksies, onder andere die uitbrei van ’n emosionele woordeskat, die voorbereiding vir mediese prosedures, die verwerking van trauma, asook die ontwikkeling van sekere vaardighede, soos probleemoplossingsvaardighede. Die navorser het gevind dat daar twee hoofvorms van spelterapie is, naamlik direktiewe- en nie-direktiewe spelterapie; asook verskeie vorms van spelterapie, onder andere ontspanningspel, assesseringspel, drama-spel, kreatiewe spel en bibliospel. Met behulp van die data wat versamel is, kon die navorser bepaal watter tipe speelterapie gepas is vir watter situasies en daarmee saam is gevallestudies, waar speelterapie binne werking is, beskryf.

In hierdie hoofstuk het die navorser ’n beter begrip gekry vir die noodsaaklikheid van ’n unieke kommunikasie- en uitdrukkingsmiddel vir kinders – speel. Kinders staar gereeld emosionele en traumatiese gebeure in die gesig en praat-terapie, wat effektief is vir volwassenes, is nie noodwendig gepas vir kinders nie. Die implementering van speel vir kinders binne ’n pastorale raamwerk is dus ook nodig.

## 6.3 SAMEVATTING VAN DIE INTERPRETATIEWE INLIGTING WAT ONTGIN IS VANUIT INTRA- EN INTERDISSIPLINÊRE STUDIEVELDE IN TERME VAN SPELTERAPIE AS EFFEKTIEWE TEGNIEK VIR KINDERBEGELEIDING BINNE ’N PASTORALE RAAMWERK

In hierdie hoofstuk is daar gekyk na interpretatiewe inligting vanuit intra- en interdissiplinêre studievelde in terme van spelterapie, aangesien 'n interdissiplinêre benadering 'n wye reeks perspektiewe bied. Die navorser het ondersoek ingestel oor die emosionele behoeftes van kinders, hul geestesgesondheid, kindersielkunde, wenke vanuit die onderwys, die wetenskap, pastorale berading en profetiese bediening. Vanuit hierdie velde kon die navorser ’n beter begrip kry van die behoeftes wat kinders het, statistieke onder kinders en handige wenke oor hoe om kinders effektief te leer en te help. Toe daar na die emosionele behoeftes van kinders gekyk is, het dit duidelik geword dat kinders in die steek gelaat word deur ondersteuningsnetwerke en diegene wat moet omsien na hul behoeftes.

Skrikwekkende statistieke is voorgehou wat gebaseer is op ’n meningspeiling wat in Pretoria in 2022 gedoen is en aangebied is deur UNICEF. Hul bevindings dui dat 73% van alle kinders en jongmense erken het dat hulle ’n behoefte gehad het aan geestesgesondheidondersteuning en sowat 38% het aktief na hulp gesoek. Hierdie statistieke skep bewustheid onder hulpverleners en veroorsaak ’n meer dringende vraag na effektiewe hulpverlening onder kinders. Kinders het ook verskillende emosionele

behoeftes tydens elke unieke lewensfase en dit moet in gedagte gehou word wanneer emosionele en geestelike worstelinge deurgewerk word.

Verder het inligting oor kinders se geestesgesondheid bewys dat onverwerkte trauma geestesversteurings kan veroorsaak wat selfs in volwasse jare steeds 'n probleem kan wees. Die navorser het inligting vanuit die onderwys ontgin, wat bydra tot hulpverlening aan kinders wanneer nuwe beginsels geleer moet word. Die wetenskaplike inligting wat in hierdie hoofstuk bespreek is, het te doen met die kognitiewe neurowetenskappe. Die bevinding is dat die mens se gedrag, gesindheid en emosies verander kan word deur negatiewe gedagtes te vervang met positiewe gedagtes. Hierdie konsep is baie belangrik, aangesien hulpverlening baie meer effektief kan geskied indien dit gekombineer word met die wetenskap van die mens.

Reeds bestaande pastorale beradingbronne, soos geskryf deur Grobler en Marx, is bespreek om in diepte te kyk na hoe speel reeds in pastorale berading gebruik word. Verder is daar in die sielkundeveld sekere belangrike funksies van spelterapie ontdek wat die navorser in staat stel om die gebruike daarvan beter te verstaan. Vyf doelwitte van terapiesessies met kinders is voorgehou. Die navorser erken die waarde van hierdie doelwitte, asook die groot rol wat dit kan speel in die uitkomstes van 'n beradingsessie waarin speel gebruik word.

